

Rijksuniversiteit Utrecht

0247 6723

WORDING
EN ONTWIKKELING
VAN AFRIKAANS

J. DUP. SCHOLTZ

*Emeritus-professor in Nederlands en Afrikaans
Universiteit van Kaapstad*

BIBLIOTHEEK DER
RIJKSUNIVERSITEIT
UTRECHT

14 Mei 1980

TAFELBERG

DEUR DIESELFDE SKRYWER:

Die Afrikaner en sy taal, 1806 – 1875

Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans. Bydrae tot 'n geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat.

Taalhistoriese opstelle. Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans. Afrikaans uit die vroeë tyd. Studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur voor 1875.

Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu. Verdere voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans.

Strat Caldecott 1886-1929

D. C. Boonzaier en Pieter Wenning. Verslag van 'n vriendskap.

Moses Kottler – His Cape Years

Katrine Harries. Life and work.

Oor skilders en skrywers

© 1980 Tafelberg-Uitgewers Beperk, Waalstraat 28, Kaapstad
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering, plaat- of bandopname, vernikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Stofomslag ontwerp deur Willem Jordaan
Geset in 10 op 12 pt Monotype Plantin 110
Gedruk en gebind deur Nasionale Boekdrukkery
Goodwood, Kaapprovinsie
Eerste uitgawe, eerste druk 1980

ISBN 0 624 01403 7

INHOUD

VERANTWOORDING EN DANKBETUIGING

I EKSTERNE GESKIEDENIS VAN AFRIKAANS

- | | |
|------------------------------------|----|
| 1 Voorgeskiedenis | 3 |
| 2 Eerste fase van die taalbeweging | 6 |
| 3 Tweede fase van die taalbeweging | 15 |

II INTERNE GESKIEDENIS VAN AFRIKAANS

- | | |
|---|----|
| 1 Teorieë oor die ontstaan van Afrikaans | 29 |
| 2 Aanraking met nie-Nederlandse tale aan die Kaap | 35 |
| 3 Bronne vir die studie van die geskiedenis van Afrikaans
(a) Mededelings oor Hollands aan die Kaap (b) Kaaps
gekleurde tekste en voorbeelde van Kaaps-Hollandse taal-
gebruik | 42 |
| 4 Die Hollandse herkoms van Afrikaans | 49 |
| 5 Veranderings in die klankvorm van woorde | 56 |
| 6 Wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse voornaamwoorde-
like stelsel | 65 |
| 7 Ondergang van die nominale tweeklassesisteen in Afri-
kaans
(a) Die bepaalde lidwoord (b) Die attributiewe aanwysende
voornaamwoorde (c) Die betreklike voornaamwoord (d) Die
byvoeglike verbuiging | 72 |
| 8 Wordingsgeskiedenis van die werkwoordelike vormstelsel
in Afrikaans
(a) Opheffing van getals- en persoonsverskil (b) die infini-
tiefvorme (c) Die voltooid deelwoord (d) Die verdringing
van die imperfektum en die plusquamperfectum (e) Die
hulpwerkwoord by voltooid deelwoorde van mutatiwew en
perfektiewe werkwoorde (f) Verklaring van die wording
van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel | 79 |
| 9 Sintaktiese verskynsels | 90 |
| 10 Woordeskat | 99 |

III BYLAES

1 Die groei van Afrikaans tot volwaardige gebruikstaal	109
2 Wie was die eerste Afrikaner ? – met Naskrif	113
Bibliografie	121

Verantwoording en dankbetuiging

Toe die Nasionale Opvoedkundige Uitgewery (NASOU) jare gelede die plan opvat om 'n twaalfdelige ensiklopedie oor Suider-Afrika uit te gee, is ek gevra om die stuk oor die geskiedenis van Afrikaans te skrywe. Geen beperking is op die lengte van die stuk gestel nie. Die ensiklopedie sou in aparte stelle in Engels en Afrikaans uitgegee word. Kort na die verskyning van die eerste Engelse dele in 1970 is bevind dat produksiekoste so gestyg het dat daar afgesien moes word van die publikasie van die ensiklopedie ook in Afrikaans. In die jare daarop het bevriende vakgenote en ander belangstellendes my meer as eens gevra om die oorspronklike Afrikaanse teks as 'n aparte boek te laat verskyn. Ek het daar wel wat voor gevoel maar was altyd te veel met ander werk aan die gang om my ook daarmee besig te hou. Buitendien was ek nie seker dat wat vir 'n ensiklopedie geskryf is, vir 'n boek sou deug nie. Dit het my tog bly spyt dat my stuk, waaraan heelwat tyd en aandag bestee is, net in 'n Engelse vertaling die lig gesien het.

Toe Tafelberg-Uitgewers my onlangs sê dat hulle graag die geskiedenis sou uitgee omdat ook hulle versoeke ontvang het om dit te doen, was dit vir my welkom nuus. Op aandrang spesiaal van een universiteitsdosent, en met goedkeuring van Tafelberg, is twee artikels wat ek vir besondere uitgawes van 'n dagblad geskrywe het, as bylaes tot die stuk uit die ensiklopedie toegevoeg. By die tweede artikel het nou 'n "Naskrif" gekom om dit 'n bietjie meer gewig te gee.

Die stuk vir die ensiklopedie is in die maande Augustus 1966 tot Februarie 1967 geskrywe, d.w.s. dertien jaar gelede. Die taalhistoriese studies in my bundel *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu*, gebaseer op 'n groot hoeveelheid nuwe argiefmateriaal wat L. C. van Oordt onder my leiding en toesig in die Kaapse Argief versamel het, was met die uitsondering van een opstel nog nie geskrywe nie (die voorwoord van die bundel is 14 Mei 1970 gedateer, maar die boek het eers in 1972 verskyn). Op grond van dié publikasie alleen al moes die ensiklopedie-bydrae hersien word. Daar was ook enkele nuwe artikels van ander oor sake wat ek in die ensiklopedie behandel het – die belangrikste almal van na 1972. Daarvan moes ook noukeurig kennis geneem word. Gelukkig bevestig dié artikels deur die aanvoer van meer bewysmateriaal in feitlik alle gevalle gevolgtrekkings waartoe ek in my bundel *Taalhistoriese opstelle* (1963) of

die later, grotendeels aanvullende bundel *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu* gekom het.

By die hersiening van die ensiklopedie-stuk vir uitgawe in boekvorm het ek, naas enkele regstellings, hier en daar 'n verskynsel, spesiaal in die afdeling "Interne geskiedenis", iets uitvoeriger behandel. Ek het probeer om die gelykmatigheid in die behandeling van verskillende sake en die eenheid van styl van die hele werk nie te versteur nie. Stukke in 'n ensiklopedie het in die reël geen voetnote nie – geen verwysings na literatuur of primêre bronne en ook geen aanvullende gegewens by die hoofteks nie. Waar ek dit om die een of ander rede wenslik gevind het, het ek nou 'n aantal voetnote aan die teks toegevoeg – soms om 'n bevinding krag by te sit, soms om 'n saak verder deur 'n interessante voorbeeld toe te lig. Ook hier hoop ek dat ek die lees nie bemoeilik het nie.

Oor een punt voel ek 'n bietjie ongelukkig: dat ek een leemte in die oorspronklike stuk nie gevul het nie. Daar is niks oor die geskiedenis van die meervouds- en verkleiningsvorme van die selfstandige naamwoord gesê nie. Wat die diminutiefvorming betref, moet ek daarom verwys na *Taal-historiese opstelle* bl. 242-243 en na noot 17 op bl. 82 van *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Van die meervoudsvorming in Afrikaans, in vergelyking met alle vorme van Nederlands uit vroeë en later tyd, het ek self heelwat studie gemaak toe ek jare gelede leiding gegee het aan 'n M.A.-student by die saamstel van sy tesis. Van publikasie het nog niks gekom nie.

Die geheel bly, soos in die ensiklopedie, in twee afdelings geskei: eksterne en interne geskiedenis. In die lewe van tale, en spesiaal van dié wat kultuurtale geword het, bestaan daar geen absolute skeiding tussen die twee aspekte van hul geskiedenis nie. Die houding van sprekers teenoor hul taal, die erkenning van hul spreektaal as kultuurmedium, as draer van literatuur en wetenskap, met die gevolglike reglementering en bewuste opbou, beïnvloed die interne geskiedenis. Ek meen dat 'n ieder wat hierdie boek lees, tog die noodsaak van die skeiding wat ek gehandhaaf het, geregtig en selfs die natuurlike manier van doen sal vind. So geskei kry ons die twee aspekte trouens ook in die historiese behandeling van ander kultuurtale.

In die bibliografie het ek die skeiding opgehef – onder andere op grond van die bykom van titels, spesiaal die uitgawes van ou Afrikaanse tekste wat tegelyk dien as studiemateriaal vir die interne geskiedenis of "historiese grammatika" en 'n beeld gee van hoe sprekers teenoor hul taal gestaan en dit gebruik het. Die uitbreiding van die bibliografie deur die opneem van publikasies wat na Januarie 1967 verskyn het, het heelwat probleme opgelewer. Suiwer historiese studies wat 'n bydrae tot ons kennis van die


wording en ontwikkeling van Afrikaans lewer, is vanselfsprekend opgeneem. Uit studies van dele van Afrikaans soos dit vandag bestaan, en publikasies wat bedoel is as inleiding tot die taalstudie, en meer bepaald tot die studie van Afrikaans, moes 'n keuse gemaak word. Het ek meer tyd tot my beskikking gehad, sou my keuse hier en daar waarskynlik anders uitgeval het. Wat die opneem van boeke van historiese aard betref, voel ek my gedwonge om dit te sê: ek het lank getwyfel oor die wenslikheid en noodsaak van die insluit in die bibliografie van die twee boeke van Marius F. Valkhoff, om die onwetenskaplike en aanstootgewende toon daarvan en ook omdat daar niks nuuts van belang in voorkom nie, altans nie ter ondersteuning van 'n ontstaansteorie wat hy graag nuwe lewe wou inblaas nie. Ek het die twee titels ten slotte wel opgeneem maar verwys die leser graag na H. J. Lubbe se beheerste en saaklike bespreking van spesiaal die tweede boek in 'n artikel in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 14, afl. 2 (Junie 1974), bl. 89-99.

In ooreenstemming met die gebruik van ander gerespekteerde taalkundiges het ek, gesien die aard van hierdie boek, my nie streng aan die gebruik van fonemiese tekens gehou nie. Waar ek dit om die een of ander rede nodig gevind het, het ek wel die klankaanwysing deur gewone letters met fonemiese tekens vervang.

Tot slot 'n woord van dank aan alle vakgenote en ander belangstellendes wat gevra het dat die ensiklopedie-bydrae as aparte boek uitgegee word; en spesiaal 'n woord van waardering aan Tafelberg-Uitgewers vir hul ondernemingsgees en hul hartlike medewerking soos so dikwels in die verlede. Ook nog dankie aan my vrou vir haar bereidwilligheid om te help oral waar ek haar hulp nodig gehad het by die persklaarmaak van die manuskrip en by die lees van drukproewe.

Nuweland, 17 Januarie 1980.

J. DU P. SCHOLTZ



I Voorgeskiedenis

Met die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap deur die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in 1652, en die vestiging van die eerste vryburgers daar vyf jaar later, is Nederlands aan die suidpunt van Afrika oorgeplant en het dit die amptelike en kultuurtaal van 'n nuwe Europese volksplanting geword. Na anderhalwe eeu, met die finale oorname van die Kaap deur Groot-Brittanje in 1814, het hierin binne korte tyd verandering gekom. Deur die proklamasie van lord Charles Somerset in 1822 is Nederlands as bestuurstaal en taal van die regspleging deur Engels vervang; en in 1853, toe die Kaapkolonie verteenwoordigende regering kry, is dit ook uit die verrigtings van die parlement uitgesluit. As gevolg van 'n streng deurgevoerde angliseringsbeleid het Engels van vroeg af al hoe meer die enigste taal van die onderwys in regeringskole geword; in die openbare lewe is mettertyd by alle geleenthede die voorkeur aan Engels gegee, en geleidelik het Engels selfs tot in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurgedring. In die republieke wat na die Groot Trek van 1836-1838 buite die grense van die Britse Kaapkolonie gestig is, was dit anders. Daar het Nederlands as enigste offisiële taal geheers: dit was die taal van die staatsbestuur, die regspleging, die onderwys en die godsdiens, al het die magtige Engels ook daar – in die suidelike vroeër as in die noordelike republiek – sy invloed in die openbare lewe laat voel.

Lank voor die einde van die 18de eeu, dus ook lank voor die Kaap 'n Britse besitting geword het, was die huistaal en alledaagse omgangstaal van die volksplanters nie meer Nederlands nie, maar Afrikaans, d.w.s. 'n vorm van Hollands wat aan die Kaap sedert 1652 in uitspraak en vormleer en in minder mate ook in sinsbou en woordeskat sterk van Nederlands gaan afwyk het. Al het alle Afrikaners dus Afrikaans gepraat, het hulle Nederlands as hulle kultuurtaal bly beskou en – in sover hulle oor taalsake gedink het – Afrikaans as ongeskik vir hoër kultuuruitings geoordeel. Dié houding teenoor hulle alledaagse omgangstaal is versterk deurdat Afrikaans ook die spreektaal geword het van die nie-blankes (in hoofsaak afstammelinge van die inheemse Hottentotte en ingevoerde slawe) wat toe nog geen deel aan die oorgelewerde Nederlandse kultuur gehad het en geen rol in die openbare lewe gespeel het nie.

Afrikaans is dus lank beskou as by uitstek die taal van onontwikkelde, net geskik vir mondelinge gebruik in die private lewe en in die verkeer

met nie-blankes. In alle ander omstandighede het van huis uit Afrikaanssprekendes Nederlands gepraat of probeer praat; en altyd het hulle Nederlands geskrywe of probeer skrywe, selfs in briefwisseling tussen familieleden en intieme vriende.

Met die opkoms van die Nederlandse joernalistiek aan die Kaap ná die verkryging van persvryheid in 1828 kom die eerste tekens van belangstelling in die gebruik van Afrikaans in geskrifte. Dit is tiperend dat die eerste skrywers van Afrikaans vreemdelinge is, altans nie persone uit Afrikaanse ouers gebore nie: die Fransman C. E. Boniface (1830, 1832), die Skot A. G. Bain (1838), die half Frans-Switserse half Engelse maar aan die Kaap gebore L. H. Meurant (1844-1850), en Nederlanders wat, soos alle ander vroeë skrywers van Afrikaans, skuilname gebruik het en nou nie meer geïdentifiseer kan word nie (1831 en later). Dit is ook tiperend dat die eerste skriftelike Afrikaans die weergawe van die taal van nie-blankes is, of dikwels voorgestel word as afkomstig van nie-blankes of in elk geval van nuwe en onontwikkelde persone. Afrikaans in druk is dan ook in die begin byna altyd gebruik om 'n grappige effek te bereik. Geleidelik het hierin verandering gekom en is Afrikaans in die pers meer gebruik om ook ernstige sake te behandel, hoewel nog meestal met 'n komiese ondertoon.

Die belangrikste voorloper in dié rigting was Meurant, wat vroeg in Desember 1860 in 'n Cradockse koerant sy "Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar" in Afrikaans begin publiseer het. Op 6 April 1861 het die samesprake in boekvorm verskyn, onder die Nederlandse titel *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar, over het onderwerp van Afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie*. Dit was die eerste boek wat in Afrikaans gepubliseer is. Van 11 Mei tot 20 Julie van dieselfde jaar het Meurant nog onder die skuilnaam Klaas Waarzegger 'n lang reeks lewendige Afrikaanse "Briewe" oor die verrigtings in die Kaapse parlement in *Het Cradocksche Nieuwsblad* geskrywe. Die samesprake en die briewe, wat ook in die Kaapstadse koerante *De Zuid-Afrikaan* en *Het Volksblad* oorgeneem is, het 'n sterk stoot gegee aan die skryf in Afrikaans, sodat daar van 1861 af 'n groot aantal Afrikaanse briewe en samesprake in Kaapse (en selfs in Vrystaatse en Transvaalse) nuusblaie en tydskrifte verskyn het.

'n Nuwe vaart het die skryf in Afrikaans in 1870 gekry deur die werk van 'n Engelssprekende wetsagent op Fraserburg, H. W. A. Cooper. Van 13 Januarie tot 4 Augustus het sy Afrikaanse "Boerenbriewe" wekeliks in *Het Volksblad* verskyn, en van 16 Maart tot 8 Junie 1871 ook nog 'n reeks "Kaapsche Schetsen", alles onder die skuilnaam Samuel Zwaartman. Die lus om in Afrikaans te skrywe was toe nie meer te keer nie. Van 1870 af

is ook meermale Afrikaanse gediggies in *Het Volksblad* gepubliseer, waaronder die belangrikste was "Klaas Gezwint en zijn Paert" (19 Julie 1870) en "Die Steveltjes van Sannie" (29 November 1873) van F. W. Reitz, en "Dopper Joris en zijn Zijtje" van Pulvermacher (31 Julie 1873).

Hoewel tot dié tyd dus heelwat in Afrikaans geskrywe is, af en toe ook met 'n ernstige strekking maar meestal tog ter wille van die vermaak wat dit verskaf het, het niemand nog daaraan gedink dat Afrikaans in die plek van Nederlands tot kultuurmedium van die Afrikaanssprekendes sou kan verhef word nie. Daarvoor was 'n skok nodig wat 'n radikale verandering in die nasionale gesindheid van die leidende Kaapse Afrikaners sou teweegbring.

Toe die sistematiese vervanging van Nederlands deur Engels as taal van bestuur en regspleging in 1822 onder lord Charles Somerset begin het, was die Kaap al ag jaar 'n permanente Britse besitting. Die ou volksplanters het hul nie in beginsel teen die nuwe taalbeleid verset nie; die ontevredenheid wat daar wel was, was gerig teen die oorhaastige deurvoering van die beleid en die ongerief wat dit in die praktyk veroorsaak het. Ook teen die uitsluiting van Nederlands uit die parlement in die grondwet van 1853 het daar van die leidende Afrikaners so te sê geen beswaar gekom nie. Hulle het hulle wel teen die byna algehele verengelsing van die onderwys verset, hoofsaaklik omdat die leer van Nederlands 'n voorvereiste vir die lees van die Bybel en aanneming in die N.G. Kerk was. Maar die verset was lydelik, en hulle het daar nie aan gedink om van die politieke mag wat hulle van 1853 af onder die parlementêre stelsel sou kon uitgeoefen het, gebruik te maak nie; daarvoor was hulle nog te min nasionaal en politiek bewus. Die gevolg was dat die verengelsing van die Kaaplandse Afrikaner op alle lewensterreine hand oor hand toegeneem het, eers in Kaapstad self maar later ook in die groter dorpe op die platteland.

2 Eerste fase van die taalbeweging

Onder invloed van die Vrystaat se Basoeto-oorloë (1865-1866, 1867-1868) en as reaksie op die hindernisse wat die Kaapse goewerneur Wodehouse die Vrystaat in die weg gelê het, het die Kaaplandse Afrikaner geleidelik tot nasionale ontwaking en politieke bewussyn gekom. Die eintlike deurbraak het plaasgevind in 1871 as gevolg van die verontwaardiging wat by Kaapse Afrikaners gewek is deur die manier waarop die diamantgebied die Vrystaat afhandig gemaak is, en in minder mate ook deur Barkly se proklamasie van die Keate-lyn as suidwestelike grens van die Transvaal. In die hitte van die stryd oor die diamantgebied het Jan Hendrik Hofmeyr ("Onze Jan") redakteur en eienaar van *De Zuid-Afrikaan* geword. Hy het sy blad gebruik om die nasionaliteitsbesef onder Afrikaners aan te wakker en het hul aangespoor om saam te staan ter beskerming van hul besondere belange. Een van die belangrikste doelpunte van die nasionale beweging was die herstel van die regte van die Hollandse taal in die staatsbestuur, die regspleging en die onderwys.

Intussen het in De Paarl en onmiddellike omgewing 'n soortgelyke beweging ontstaan. Dáár was ds. G. W. A. van der Lingen en Het Gymnasium, 'n skool met Hollands as voertaal wat hy in 1858 gestig het, lank 'n bolwerk teen die toenemende verengelsing. In 1866 het 'n diep godsdienstige en sterk nasionaal voelende Hollander, Arnoldus Pannevis, onderwyser aan die Gymnasium geword. Digby, in Bovlei by Wellington, was 'n ander Hollandse onderwyser, C. P. Hoogenhout, werksaam. Hy het onder Pannevis se invloed gekom en tot sy insigte bekeerd geraak. Pannevis het gou ingesien dat die Hollands-Afrikaanse nasionaliteit in Suid-Afrika net gered kon word deur die waarde van Afrikaans as volkstaal te erken. Sy gevoelens en oortuigings het hy ook oorgedra op 'n skrandere en geesdriftige leerling, S. J. du Toit, wat na 'n paar jaar aan die Gymnasium (1867-9) opgelei is as predikant op Stellenbosch (1869-1872).

Pannevis het as gepassioneerde godsdienstige boweal 'n sterk begeerte gehad dat die Bybel in Afrikaans vertaal sou word; daarom het hy in 'n brief in *De Zuid-Afrikaan* van 7 September 1872 die saak bepleit, onder die skuilnaam "Een vriend van het nuttige". Verskeie briewe van verskillende persone het gevolg, waaronder die belangrikste was twee stukke van C. P. Hoogenhout onder die hoof "Die Bijbel in die Afirkaans" in *De Zuid-Afrikaan* van 12 April en 5 Julie 1873. Dit gaan nou nie net maar oor 'n Bybel-

vertaling nie, maar ook oor die noodsaaklikheid om Afrikaans in die onderwys in te voer. Hoogenhout het sy propagering van Afrikaans en die stryd teen die opdringende Engels onverpoos voortgesit in 'n reeks "Gesprekke tusse oom Jan Vasvat en neef Daantje Loslaat", waarvan die eerste in *De Zuid-Afrikaan* van 26 Julie 1873 onder die skuilnaam Klaas Waarzegger Jr. verskyn het. Nog in dieselfde jaar het daar ook 'n boekie in Afrikaans van hom verskyn: *Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huis-sourens, in hulle eige Taal geskrywe deur een vrind*.

Die nasionale oplewing, waarvan die stryd vir Afrikaans 'n belangrike onderdeel was, het nou in krag begin toeneem. Die verset teen die toenemende verengelsing en die onderdrukking van Hollands het al hoe heftiger geword. Dit blyk uit hoofartikels en korrespondensie in *De Zuid-Afrikaan* van vroeg in 1874 af. In aansluiting hierby het daar in die uitgawes van 8, 11 en 22 Julie 'n reeks van drie artikels verskyn onder die hoof "De Afrikaansche Taal", gerig "aan alle ware Afrikaanders" en onderteken "Een Ware Afrikaander", skuilnaam van die 26-jarige ds. S. J. du Toit. Drie maande later, deur 'n brief in *De Zuid-Afrikaan* van 24 Oktober, soek Klaas Waarzegger Jr. (C. P. Hoogenhout) verbinding met "Een Ware Afrikaander". Hy vra dat Afrikaanse spelreëls opgestel en 'n Afrikaanse grammatika gemaak word en dat voorstanders van Afrikaans met mekaar kennis maak en saamwerk. Kort hierop, op 4 November, kom "O" (hoogs waarskynlik Pannevis) met 'n voorstel in dieselfde blad dat 'n genootskap vir die bevordering van Afrikaans gestig word en dat die genootskap dan 'n Afrikaanse spraakkuns (onder die titel *Eerste beginsels* . . .) en 'n Afrikaanse woordeboek uitgee.

S. J. du Toit ag die tyd nog nie ryp vir die saamstel van 'n grammatika nie; hy oorweeg dit om *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk* te skrywe (*Zuid-Afrikaan*, 25 November) en nooi Hoogenhout uit om saam te werk. Enkele weke later (30 Januarie 1875) skryf hy dat hy nou ook lus het om 'n boekie oor die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* te skrywe. Die meeste aandag is nou gerig op die voltooiing van die *Geskiedenis van ons Land*, wat as korrektyf moes dien op die verengelsende invloed van die heersende Engelse skoolgeskiedenis; en op die saamstel van 'n Afrikaanse volkslied, wat later sou verskyn met as eerste reël: "Een ider nasie het syn land".

Intussen is die Bybelvertaling nie vergeet nie. Op 7 November 1874 het die voortvarende Pannevis op eie houtjie die behoefte aan 'n Bybel in Afrikaans in 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap uiteengesit en S. J. du Toit se naam as 'n geskikte vertaler genoem. Die genootskap het die saak verwys na ds. Morgan, van hul Kaapse kantoor; hy

het dit toe voorgelê aan 'n predikante-konferensie op Wellington in Julie 1875, waar dit afgestem is. Ds. Morgan het nog weer met ds. S. J. du Toit gepraat, wat hom belowe het om die saak met 'n aantal voorstanders van die Bybelvertaling te bespreek. Ag persone (Pannevis was afwesig) het op 14 Augustus in die Paarl aan huis van mnr. Gideon Malherbe bymekaar-gekom; op 25 September is 'n tweede vergadering gehou. Almal was van oordeel dat die tyd vir 'n Bybelvertaling nog nie ryp was nie, dat die volk eers moet oortuig word dat hulle 'n eie taal het en ook eers tot nasionale selfbewussyn moet opgewek word. Om dié doel te bereik: in die eerste plek om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is, is die "Genootskap van Regte Afrikaanders" opgerig – "om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land".

Die voorvegters van Afrikaans het grotendeels in die geheim gewerk wat hul eie persone aangaan, maar die stryd self is in die openbaar – o.a. deur korrespondensie in *De Zuid-Afrikaan* – gevoer. Daar was baie teenstand maar ook wel sterk steun, soms uit onverwagte oorde soos die Bloemfonteinse lesing oor "De Landstaal" van dr. J. Brill, rektor van die Grey-Kollege, in Mei 1874.

Op die vergaderings van 14 Augustus en 25 September is besluite geneem oor die uitgee en verspreiding van die Afrikaanse volkslied, oor die opstel van 'n Afrikaanse spraakkuns en 'n Afrikaanse woordeboek en oor die uitgee van 'n maandblad onder die titel *Die Afrikaanse Patriot*. Ook sou Afrikaanse skoolboekies saamgestel en gepubliseer word.

Die Genootskap het dadelik begin met die uitvoering van hul besluite. Nog voor die end van die jaar is die volkslied "'n Ider nasie het syn land" en ook 'n manifest "Die Genootskap van Regte Afrikaanders groet al hulle landgenote en wens hulle vrede" in *De Zuid-Afrikaan* gepubliseer. Aan die slot van die Manifest word verklaar wat die Genootskappers onder "Ware Afrikaners" verstaan het: "Mar daar is drie soorte Afrikaanders. Dit moet ons in die oog hou. Daar is *Afrikaanders met Engelse harte*. En dan is daar *Afrikaanders met Hollandse harte*. En dan is daar *Afrikaanders met AFRIKAANSE harte*. Die laaste noem ons **REGTE AFRIKAANDERS**, en die veral roep ons op om aan ons kant te kom staan". Van Manifest en Volkslied is afdrukke gemaak in pamfletvorm en as propagandastuk versprei. Die ruim blik en versindheid van die jong Genootskappers blyk uit die ontwerp wat in 1877 as wapen van die G.R.A. aanvaar is. Daarop staan as hoofwoorde: "Verenigde Suid Afrika", met aan weerskante onder op twee vaandels "Kolonie/Vrystaat" en "Transvaal/Natal".

Op 15 Januarie 1876 het die eerste uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot* verskyn – 'n blaadjie van sestien bladsye in klein formaat. 'n Maand later

kom die klein spraakkuns *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* van die pers. Die volgende jaar (1877) verskyn *Die Geskiedenis van ons Land, in die Taal van ons Volk* en die eerste nommer van *Die Afrikaanse Almanak, burgerlik en kerklik*; die jaar daarop volg *Spel- en Leesboek vir Afrikaanse Kinders* deur Oom Willem (eerw. J. W. van der Rijst) en die eerste versameling *Afrikaanse Gedigte* oorgedruk uit *Die Patriot*. In 1879 het C. P. Hoogenhout twee boekies laat verskyn: *Eerste Afrikaanse Printjies Boeki vir Soet Kinders*, en *Catharina, die dogter van die advokaat* – die eerste novelle in Afrikaans. Die verenigde en georganiseerde werk van die Genootskappers was nou in so 'n mate aan die gang dat S. J. du Toit in 1880 'n *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging ver vriend en vyand, uit publieke en private bronne* in boekvorm kon uitgee na dit van 4 April 1879 af in aflewings in *Die Patriot* verskyn het.

Die beweging ten gunste van Afrikaans het teen sterk weerstand in (“eers doodswyge, nou doodslaan”) vinnig in krag toegeneem. Die maandblaadjie *Die Patriot* kon na 'n jaar 'n weekblad word en is, weer 'n jaar later, tot gewone koerantformaat vergroot. Na vyf jaar was daar ruim 3 000 intekenare. Die groei van die Afrikaanse koerant was vir 'n deel te danke aan die politiek wat hy kort na sy stigting onder hoofredaksie van S. J. du Toit (Oom Lokomotief) begin verkondig het. Met die anneksasie van die Transvaal op 12 April 1877 en die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 het die koerant sterk kant vir die Transvalers gekies. Die beweging ten gunste van Afrikaans het nooit los van die groot nasionale oplewing onder Afrikaners gestaan nie; dit was maar een van die uitingsvorme daarvan. Die Genootskappers was sterk politiek bewus en het daarna gestrewe om die politieke bewussyn van alle Afrikaners wakker te maak. So het dit ook gekom dat S. J. du Toit die stigting van 'n Afrikaner-Bond in 1879 bepleit en in 1880 bewerkstellig het.

Intussen is die stryd vir die herstel van die regte van Hollands in die openbare lewe deur J. H. Hofmeyr (“Onze Jan”) en sy medestanders voortgesit. Die voorstanders van Afrikaans was nie teen dié strewe gekant nie. Alles wat vir Hollands gewen word, sou later Afrikaans ten deel val as die Afrikaanse beweging end-uit slaag.

Na aanvoerwerk deur die afdeling Albert in 1879 om Hollands in die parlement toe te laat, en besluite van die sinode van die N.G. Kerk in 1880 ten gunste van die invoering van Hollands in regeringskole en in die parlement, is petisies in 1881 in die volksraad ingedien om die doelstellings te bereik. Op voorstel van Hofmeyr is Hollands toe in 1882, na heelwat teenstand, naas Engels as offisiële taal van die parlement erken, hoewel dit nog 'n tyd sou duur voor alle parlementêre stukke ook in Hollands gedruk

is. In dieselfde parlamentsitting is ook die posisie van Hollands in die skole voor die wet enigszins verbeter. Daarna het die staatsdiens en die regspleging aan die beurt gekom. In 1884 het die taalstryders dit bereik dat Hollands in die hoër geregshowe kán, en in die laer geregshowe móét toegelaat word en dat Hollands 'n verpligte vak vir die laer staatsdienseksamen gemaak is. So het Hollands op sterk aandrang van sy voorstanders stap vir stap, ook deur wetswysiging ná 1884, sy posisie voor die wet verbeter en in teorie min of meer gelyke regte met Engels as landstaal verkry.

Deur die samesmelting in 1883 van die Boeren Bescherms Vereniging, in 1878 deur Hofmeyr opgerig, met die Afrikaner-Bond van S. J. du Toit het die eerste groot politieke organisasie tot stand gekom waardeur alle min of meer nasionaal bewuste Afrikaners kon werk om hulle doelstellings te bereik. Die belangrikste nie-politieke organisasie in die Kaapprovinsie waarvan feitlik alle Afrikaners lid was en wat intens belang gestel het in die verbetering van die onderwys en die herstel en handhawing van die Hollandse taal, was die N.G. Kerk. In die jare tagtig het die taalkwessie al hoe dringender aandag geniet; in die Hollandse pers het herhaaldelik stukke van invloedryke kerk- en onderwysmanne oor die saak verskyn. By ds. (later prof.) A. Moorrees het die gedagte ontstaan dat 'n Taalbond nodig was om spesifiek die taalbelange van die Afrikaner te behartig; sy planne sit hy uiteen in twee briewe in *De Volksbode* wat op 6 en 8 Mei 1890 in *De Zuid-Afrikaan* oorgeneem word. Na die nodige voorbereiding word 'n verteenwoordigende taalkongres, wat ook deur ds. Moorrees aan die hand gedoen is, op 31 Oktober en 1 November in Kaapstad gehou. Op dié kongres word toe De Zuid-Afrikaansche Taalbond gestig, met as doel: "Bevordering van de kennis der Volkstaal en aankweeking van een ontwikkeld nationaliteits gevoel". Vooraf is heelwat geredeneer oor die kwessie Hollands of Afrikaans, en namens ds. S. J. du Toit is 'n reeks stellinge voorgedra as pleidooi vir Afrikaans maar ook vir samewerking van almal tot behoud van die volkstaal, in watter van die twee vorme dan ook, teen die algemene oorheersing van Engels. Die volgende jaar het hy dit, met uitvoerige toeligting, in boekvorm uitgegee onder die titel *Afrikaans ons Volkstaal - 71 Theses of Stellinge*. Die kongres het 'n besliste keuse tussen Hollands en Afrikaans vermy en dit aan die toekoms gelaat watter vorm uiteindelik die "volkstaal" sou wees; maar die invloedrykste lede van die kongres het die bevordering van Hollands, en nie Afrikaans nie, voorgestaan.

Deur stukke in die pers, die publikasies van brosjures en die verspreiding van boeke, die hou van taalfeste en taalkonferensies en die instelling van die Taalbondeksamens in 1896 het die voorstanders van Hollands die taal-

saak onder voortdurende aandag van die volk gehou. Professore van die Kweekskool (veral N. J. Hofmeyr en P. J. G. de Vos), predikante (o.a. ds. A. Moorrees, A. A. Louw, J. J. Kotzé), en prof. N. Mansvelt van die Stellenbosse Victoria-Kollege, en natuurlik J. H. Hofmeyr ("Onze Jan"), het in die meeste ondernemings die leiding gehad. Die Hollandse taalbeweging het eweas die Afrikaanse fel teenstand ondervind; daar was baie moeilikhede maar ook die wil om oplossings te vind. Toe die ou *De Zuid-Afrikaan* onder redaksie van dr. J. W. G. van Oordt nie meer aan sy doel as kampvegter vir die Afrikanersaak beantwoord nie, het J. H. Hofmeyr in 1891 'n eie blad, *Ons Land*, gestig; twee jaar later is die kwynende *Zuid-Afrikaan* aangekoop en met die jong lewenskragtige *Ons Land* verenig. In 1893 moes *Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift* gestaak word, vyftien jaar na sy herstigting deur J. H. Hofmeyr in 1878; maar in 1896 is *Ons Tijdschrift* in die lewe geroep. So was daar tog altyd blaaië, afgesien nog van die suiwer kerklike of godsdienstige tydskrifte soos *De Kerkbode* en *De Wekker*, waarin Hollands kon verdedig en die taal self beoefen word. In 1895 is die vereniging *Ons Spreekuur* vir die bevordering van Hollands op Stellenbosch gestig, en in 1897 het dr. W. J. Viljoen professor in Hollands aan die Victoria-Kollege geword. Hy het groot invloed uitgeoefen en was buitendien die eerste Afrikaner wat 'n doktorsale proefskrif in die buiteland oor Afrikaans geskrywe het: *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache* (1896).

In die jare waarin groot bedrywigheid vir die herstel van die Hollandse taalregte en die beoefening van die taal self aan die dag gelê is, het die voorstanders van Afrikaans in die Paarl en omgewing met hul werk voortgegaan. Die Genootskap van Regte Afrikaners het nog tot 1890 vergader, maar as werksame organisasie het dit eintlik al teen die einde van 1878 ophou bestaan met die stigting van die Paarlse drukkersmaatskappy D. F. du Toit & Co., die uitgewers van toe af van alle Afrikaanse en ook baie Hollandse boeke. Van 1882 af, toe ds. S. J. du Toit Superintendent van Onderwys in die Transvaal geword het, het D. F. du Toit die leiding van *Die Patriot* op hom geneem; maar in 1890 was S. J. du Toit weer terug in die Paarl en aan die koerant verbonde.

Enkele jare voor sy vertrek na die Transvaal, op die derde jaarvergadering van die G.R.A., 24 Augustus 1878, het ds. Du Toit die saak van die Bybelvertaling weer ter sprake gebring. Dit is toe besluit "om in beginsel an te neem dat die tyd daar is om die Bybel in Afrikaans te vertaal"; maar eers in 1885 het die Genootskap hom opdrag gegee om met die vertaling te begin. In 1889 het ds. Du Toit *Di Bybel in Afrikaans: dri proewe* laat verskyn. Na sy terugkeer in die Paarl is nog voor die einde van die eeu die vol-

gende vertalings gepubliseer: *Di Eerste Boek van Moses*, genoem *Genesis* 1893, *Di Evangelii vollens Mattheus* 1895 en *Openbaring* 1898. Hierdie vertalings het betreklik min tot die vordering van die Afrikaanse taalbeweging bygedra: die Vrystaatse sinode (1885) en ook die Kaapse sinode van die N.G. Kerk (1886) het hul teen 'n Afrikaanse Bybelvertaling uitgespreek, en ook onder voorstanders van Afrikaans was dit in dié tyd nog 'n omstrede saak, soos duidelik geblyk het uit besprekings op die eerste Afrikaanse taalkongres wat op 15 en 16 Januarie 1896 in die Paarl gehou is.

Die Afrikaanse taalkongres het plaasgevind op inisiatief van ds. S. J. du Toit, wat op die gedagte gekom het na aanleiding van die taalkongres wat in 1890 deur leiers van die Hollandse beweging georganiseer is. Sedert 1894 het 'n beweging onder propagandiste van Hollands ontstaan om die Hollandse taal te vereenvoudig om dit vir die Afrikaner aanneemliker en bruikbaar te maak. Op 19 Desember 1895 is op voorgang van die Z.A. Taalbond 'n konferensie op Stellenbosch gehou om die saak te oorweeg 'n Sterk komitee is toe gekies om voorbereidingswerk te doen vir 'n kongres wat die vorm van die taalvereenvoudiging sou vasstel. Op 4 en 5 Januarie 1897 is toe die eerste Kongres ter Vereenvoudiging der Nederlandsche Taal in Kaapstad gehou, met invloedryke belangstellendes ook uit die Z.A. Republiek en die Oranje-Vrijstaat. Die kongres het 'n Uitvoerende Kommissie benoem om gesaghebbende taal- en letterkundige organisasies in Nederland te raadpleeg (o.a. ook die Vereniging tot Vereenvoudiging der Schrijftaal van Kollewyn en sy medestanders) en daardeur te verseker dat geen vereenvoudiging in Suid-Afrika ingevoer word wat met die Nederlandse taaleie in stryd sou wees nie.

Die nuwe aksie om die posisie van Hollands te versterk en sy toekoms te verseker is aan die gang gesit en gehou deur die invloedrykste manne in die N.G. Kerk en die leidende Afrikaners in die onderwys en die openbare lewe. Op die Afrikaanse taalkongres van 1896 het as eerste vraag ter sprake gekom "of ons sal perbeer om 'n tussentaal te maak tussen Afrikaans (soos *Di Patriot* dit skrywe) en Hollands". Dit was 'n duidelike reaksie op die beweging ten gunste van vereenvoudiging wat onder die voorstanders van Hollands toe op die voorgrond gestaan het. Maar die kongres het nie toegegee nie en hom eenparig verklaar "ten gunste van die beginsel skryf soos jy praat, dit wil sê om die beskaafde spreektaal van ons land tot grondslag te lê en tot reel van skryftaal en saam met ons volk te ontwikkel". Wat Afrikaans as kerktaal en Bybelvertaling betref, was die kongres dit nie met die wense van ds. S. J. du Toit eens nie omdat gevoel is dat die Bybelvertaling nie van die kongres nie maar van die kerk moes uitgaan; eindelik is 'n kompromisvoorstel aangeneem: "Di Kongres beskou dat Afrikaans

ons Kerktal moet worde, en siin met blydskap dat Ds. du Toit en andere reeds begin het met di vertaling van di Bybel. Di vergadering hoop dat hulle in di gees sal voortgaan totdat di tyd daar is om 'n Afrikaanse Bybel van kerkwege uit te gé". Op die kongres is verder besluite geneem ten gunste van Afrikaans as skooltaal en kommissies benoem vir die uitgawe van Afrikaanse skoolboeke, die opstel van 'n Afrikaanse grammatika en woordeboek, en die uitgee van 'n maandblad onder die naam *Ons Klyntji* "met di doel om ons Afrikaanse letterkunde an te kweek en ons nasi te ontwikkel".

Aan die laaste opdrag is onmiddellik uitvoering gegee, want al in Maart 1896 begin *Ons Klyntji* onder redaksie van ds. S. J. du Toit verskyn, met daarin o.a. die eerste aflewering van *Di Konigin van Sheba* - die eerste omvangryke roman in Afrikaans. Die blad het in die smaak geval, sodat die getal intekenare binne 'n jaar van 500 tot digby 3 000 gestyg het.

Op 'n tweede Afrikaanse taalkongres gehou op 27 en 28 Januarie 1897, weer in die Paarl en weer onder voorsitterskap van ds. S. J. du Toit, is die onderlinge verhouding van Hollands, Afrikaans en Engels in Suid-Afrika opnuut bespreek. In 'n samevattende besluit, waarin ook die wenslikheid erken word om Engels te leer, word ten opsigte van Hollands en Afrikaans verklaar: "Aangesiin Hollans di offisi'ele taal is fan di Frystaat en Transvaal en oek erken is as sodanig same met Engels in di Kaapkoloni, en oek nog geag word di Kerktal te wees, so erken di Afrikaanse Taalkongres met waardering alle pogings wat aangewen word tot behoud en bruikbaarmaking fan di Hollanse taal in Suid-Afrika; . . .

"Mar angesiin Afrikaans di moedertaal is fan di o'ergrote meerderheid fan ons bevolking, so blyf di Kongres by di beginsel neergeleg by di forige Kongres dat Afrikaans behoer erken en beoefen te worde as skryftaal, en selfs as offisi'ele taal, op staatkundige sowel as maatskappelijke gebiid, insonderhyd op di skole".

Toe *Ons Klyntji* op die kongres ter sprake kom, het geblyk dat naas groot waardering vir wat bereik is, daar tog ook besware teen die redaksionele beleid was. 'n Besluit is toe geneem dat die blad hom nie met politiek en godsdiens moes inlaat nie - 'n aanduiding dat die vergadering dit nie met ds. Du Toit se skrifverklaring en sy veranderde politieke opvatting na sy terugkeer uit die Transvaal eens was nie.

Die beweging ten gunste van Afrikaans was van die einde van 1874 af in hoë mate aan die persoon van ds. S. J. du Toit gebind. Hy was die man met die sterkste intellek, die hoogste algemene ontwikkeling en die meeste dryfkrag. In alles het hy die voortou geneem, op alles het hy sy stempel afgedruk. Hy is as onbetwiste leier erken - tot 1890, toe daar 'n verwydering tussen hom en sy ondersteuners ontstaan het as gevolg van sy houding ten

opsigte van die politieke probleme van die Z.A. Republiek. Veral na die Jameson-inval in die Transvaal teen die einde van 1895, toe J. H. Hofmeyr met Rhodes gebreek maar Du Toit met hom bly saamwerk het, het hy al hoe meer die vertrouwe van sy mede-Afrikaners verloor. In 1899 is hy, as gevolg van sy volgehoue ondersteuning van Rhodes, as lid van die Afrikanerbond geskrap; tegelykertyd is die erkenning van *Di Patriot* as Bondsorgaan beëindig. Sy eertydse vriende en medewerkers het hom een na die ander die rug toegekeer. Tog het hy sy werk in verband met Afrikaans bly voortsit. In 1897 het hy die historiese drama *Margrieta Prinslo* uitgegee en ook 'n *Fergelykende taalkunde van Afrikaans en Engels*. In 1902 het die Afrikaans-Engelse deel van die *Patriot Woordeboek* verskyn, en in 1904 die Engels-Afrikaanse deel. Al dié jare het hy as redakteur die koerant *Di Patriot* en die maandblad *Ons Klyntji* op 'n manier aan die gang gehou, al was hul al lank ten dode opgeskrywe; in 1904 is die uitgawe van *Di Patriot* gestaak, en in 1906 dié van *Ons Klyntji*.

Eintlik was die eerste fase van die Afrikaanse taalbeweging as 'n lewenskragtige aksie al verskeie jare voor die uitbreek van die Driejarige Oorlog (1899-1902) afgeloop. Na die vrede kon die stryd in belang van Hollands hervat word waar dit deur die oorlog onderbreek is. Met die beweging ten gunste van Afrikaans was dit anders gesteld. Die politieke afvalligheid van ds. S. J. du Toit in sy laaste jare het die waarde van die propagandawerk vir Afrikaans oor 'n kwarteeu nie vernietig nie maar direkte aansluiting by die werk wat onder sy leiding gedoen is, was nie moontlik nie. Na 1902 moes 'n nuwe begin deur 'n jonger geslag gemaak word.

3 Tweede fase van die taalbeweging

Kort na die vredesluiting, toe Afrikaners enigsins herstel was van die skok van die Driejarige Oorlog, is die taalstryd weer opgevat. Dit was nou nie beperk tot die Kaapkolonie soos dit in die voorafgaande tydvak in hoofsaak was nie.

In die twee gewese republieke het Engels die amptelike taal geword. Wat die onderwys en die regspleging betref, is in Art. 5 van die vredesverdrag bepaal: "The Dutch language will be taught in public schools in the Transvaal and the Orange River Colony where the parents of the children desire it, and will be allowed in Courts of Law when necessary for the better and more effectual administration of justice". Die posisie van Hollands is nog verswak deur bepalinge in 'n onderwysordonnansie van Junie 1903 wat streng beperkings gelê het op die tyd wat in die skole aan Hollands mag bestee word. Onder die Milner-bewind is alles daarop gerig om Afrikaners so gou moontlik Engelssprekend te maak. Onder leiding van die Kerk is C.N.O.-skole gestig om die toestand enigsins te verhelp; maar eers na die invoer van verantwoordelike bestuur, toe Botha en Smuts in Februarie 1907 aan die bewind kom in die Transvaal, en Fischer en Hertzog in Desember van dieselfde jaar in die Vrystaat, het daar hoop op verbetering gekom in die toestand van verdrukking waarin die Hollandse taal in die gewese republieke verkeer het. Deur die Smuts-wet van 1907 in die Transvaal en die Hertzog-wet van 1908 in die Vrystaat is die beginsel van moedertaalonderwys in die laer standerds aanvaar; maar Hollands is nog nie oral, ook nie voor die wet, op gelyke voet met Engels gestel nie.

In die Kaapkolonie het die leiers wat die Hollandse taalbeweging voor 1899 aangevoer het, op 20 Januarie 1903 'n spesiale vergadering op Stellenbosch gehou. Dit het gebeur na aanleiding van 'n vraag van die Transvaalse Onderwysdepartement aan prof. P. J. G. de Vos, voorsitter van die taalkongres van 1897 en ook van die Taalbond, of die kongresbesluite insake vereenvoudiging van 1897 as gesaghebbend en bindend ook vir die onderwys kan beskou word. Die Taalbond is weer aan die gang gebring en dr. W. J. Viljoen is na Nederland om van gesaghebbende liggame en persone op taal- en letterkundige gebied goedkeuring te verkry van die vereenvoudiging van Hollands soos deur die Taalbond vir Suid-Afrika beoog. Dr. Viljoen het in sy sending geslaag en op 30 Januarie 1904 op 'n vergadering te Stellenbosch verslag aan die Taalbond gedoen. In September 1904 is 'n

brosjure, *De Zuid-Afrikaanse Taalbond en de Taalvereenvoudiging*, uitgegee om alle belangstellendes die nodige voorligting te gee met die oog op verder oorweging. Op 'n taalkongres in Kaapstad op 28 Desember 1904, waarop die Transvaal, die Vrystaat en Natal ook goed verteenwoordig is, is die vereenvoudiging finaal goedgekeur en besluit om amptelike erkenning daarvan in alle provinsies te probeer verkry.

Die beweging vir die herstel van Hollands het dus in die Kolonie weer vinnig op gang gekom. J. H. Hofmeyr ("Onze Jan") en mev. M. Koopmans-De Wet het 'n Hollandse maandblad *De Goede Hoop* in Kaapstad gestig, waarvan die eerste nommer in Julie 1903 verskyn het. Die Taalbond-eksamen is weer ingestel, en op 4 April 1905 is die Zuid-Afrikaanse Onderwyzers-Unie opgerig met die doel om die belange van die onderwys in die algemeen en dié van Hollands in die besonder te help bevorder; die vereniging het ook sy eie orgaan *De Unie* gehad.

In weerwil van alle organisasiewerk en propaganda deur die leiers is gevoel dat in breër kringe die verengelsingsproses nog glad nie stopgesit is nie en dat nog baie oortuigingswerk onder Afrikaners moes gedoen word om die heersende laksheid en onverskilligheid te bestry. Vandaar dat J. H. Hofmeyr op 6 Maart 1905 voor Ons Spreekuur op Stellenbosch sy toespraak "Is 't ons ernst?" gehou het. Daarin het hy 'n sterk pleidooi gelewer vir Hollands in die private en openbare lewe, in die onderwys en in die staatsdiens. Die toespraak is in *Ons Land* gepubliseer en ook in pamfletvorm uitgegee; dit het oral in die land groot belangstelling gaande gemaak. Uit die Transvaal het 'n reaksie gekom wat sou toon dat onder die jonger geslag in die hele land 'n beweging vinnig aan die opkom was waarvan Hofmeyr en ander Kaapse voorstanders van Hollands die duidelike tekens in eie omgewing al kon sien in die eerste nommers van *De Goede Hoop*.

J. H. H. de Waal, die jong redakteur van die maandblad, was 'n voorstander nie van Hollands nie maar van Afrikaans. Dit het hy sonder versuim duidelik laat blyk deur self stukke in Afrikaans vir die blad te skrywe (o.a. die historiese roman *Johannes van Wyk* as vervolghverhaal van Januarie 1904 af) en ook deur direkte propaganda vir Afrikaans te maak. In Junie 1904 bepleit hy in versvorm die reg van Afrikaans as skryftaal; die volgende maand doen hy die benoeming van 'n kommissie aan die hand wat 'n eenheidspelling vir Afrikaans moet ontwerp, en ook die stigting van 'n vereniging "met het oog op het behoud en het voorthelpen van ons geliefd Afrikaansch". De Waal het hom gedwonge gevoel om sy voortvarendheid effens in te toom omdat hy rekening moes hou met J. H. Hofmeyr en ander invloedryke voorstanders van Hollands met wie hy in nou verbinding gestaan het.

In Pretoria was in dié tyd 'n groep jong manne werksaam wat met dieselfde gees as De Waal besiel was, o.a. Eugène Marais, dr. N. M. Hoogenhout (seun van C. P. Hoogenhout van die G.R.A.) en Gustav S. Preller. In sy blad *Land en Volk*, wat hy in 1902 onmiddellik na sy terugkeer uit Europa weer opgerig het, pleit Eugène Marais saam met Preller vir Afrikaans en plaas ook al meer stukke in dié taal. Toe Preller met die Spreekuur-rede van Onze Jan Hofmeyr kennis maak, het hy in *De Volkstem* van 19 April tot 14 Junie 1905 'n reeks artikels geskryf onder die hoof "Laat 't ons toch ernst wezen" - 'n oortuigende pleidooi vir Afrikaans, in die eerste plek juis aan die voorstanders van Hollands gerig, met as leuse: "Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen". Die volgende maand is die artikelreeks as brosjure uitgegee met die onderhoof *Gedachten over de Aanvaarding ener Afrikaanse Schrijftaal*. Preller het belangstellendes opgeroep om met hom in verbinding te tree vir die stigting van 'n Afrikaanse taalgenootskap; aan die einde van sy stuk het hy as bewys van waartoe Afrikaans in staat was, Eugène Marais se gedig "Winternag" afgedruk wat hy al op 5 Julie 1905 in *De Volkstem* oorgeneem het uit die jongste uitgawe van *Land en Volk*. Ondersteuning het van alle kante binnegestroom, want in dié tyd was daar ook elders in die noorde heelwat bedrywigheid ten gunste van Afrikaans: in Bloemfontein in *De Vriend* (Joh. Visscher, die redakteur, en ds. W. Postma, met sy drie ingesonde stukke oor "Onze Taal") en in Pietermaritzburg in *De Afrikaner* (1905-1906 onder redaksie van J. S. M. Rabie). Kommissies is dadelik in Pretoria en Bloemfontein gestig om die nodige voorbereidingswerk te doen, en op 13 Desember 1905 is Die Afrikaanse Taalgenootskap op 'n kongres in Pretoria gestig.

Die bedrywigheid van Preller en sy medewerkers het groot beroering in die Hollandse kamp veroorsaak. Nog voor die stigting van die Genootskap het prof. De Vos, voorsitter van die Taalbond, in *Ons Land* van 29 Augustus 1905 'n ope brief geplaas "Aan de voorstanders van een 'Afrikaanse Taalgenootskap'", waarin hy dringend vra dat geen verwarring gestig word nie nou dat alles so gunstig met die vereenvoudigde Hollands verloop. In dieselfde uitgawe is daar 'n hoofartikel "Vecht niet in uw eigen kamp!" waarin tot versigtigheid gemaan en samewerking in plaas van onderlinge stryd aanbeveel word.

De Waal het hom aangemoedig en gesterk gevoel deur wat in Pretoria aan die gang was en antwoord op 7 September 1905 in *Ons Land* dat daar al te veel ter wille van "eendracht en conciliatie" opgeoffer was en dat hy nie gewillig was om die regmatige eise van sy eie taal prys te gee nie. Soos Preller in die noorde die medewerking gehad het van dr. N. M. Hoogenhout (skrywer van *Praktisches Lehrbuch der Kapholländischen Sprache*,

1904), so het *De Waal* nou die ondersteuning gekry van 'n aantal jong Afrikaanse intellektuele wat na voltooide studie in Europa in hul eie land teruggekeer het: o.a. dr. A. I. Perold en dr. D. F. du Toit Malherbe teen die einde van 1905 en dr. D. F. Malherbe in Julie 1906. Die tyd het nou gekom om uitvoering te gee aan die gedagte wat *De Waal* al in Julie 1904 in *De Goede Hoop* geuit het. Op 5 Oktober 1906 is 'n voorbereidende kommissie in die lewe geroep en op 3 November 'n vergadering in Kaapstad onder voorsitterskap van dr. J. G. van der Horst gehou waarop die Afrikaanse Taalvereniging gestig is. Takke is spoedig op 'n hele aantal dorpe in die Kolonie gestig, en *De Waal* het van 1907 af in *Ons Land* 'n A.T.V.-kolom gehad waarin hy Verenigingsnuus kon versprei en propaganda maak vir Afrikaans.

Die stroom het oor die hele land nou sterk in die rigting van Afrikaans beweeg. In die hoofstede en op invloedryke dorpe (Stellenbosch, Potchefstroom) was daar geesdriftige manne wat die Afrikaanse saak in plaaslike koerante bepleit het of in verenigings aan die bevorder was. In die Hollandse kerke was daar invloedryke jong predikante wat kant gekies het vir Afrikaans (dr. D. F. Malan was lid van die eerste hoofbestuur van die A.T.V.) en 'n betekenisvolle Afrikaanse literatuur was in wording (*Bij die monument van Totius* en *Die Vlakte en ander gedigte* van Jan F. E. Celliers het albei in 1908 verskyn). Selfs uit Nederland het steun gekom vir die standpunt dat Afrikaans as kultuurtaal in Suid-Afrika behoort erken te word.

Dit het nou vir invloedryke Taalbond-manne (o.a. dr. W. J. Viljoen) begin duidelik word dat dit nodig was om ernstig rekening te hou met die voorstanders van Afrikaans en dat dit die taalstrewe van die Afrikaner sou bevorder om met hulle saam te werk eerder as om hulle te bestry. Ook die aanvoerdere van die Afrikaanse beweging het die noodsaaklikheid van gesamentlike optrede teen die oormag van Engels besef. Op 13 Augustus 1908 het dr. D. F. Malan, algemene voorsitter van die A.T.V., op Stellenbosch 'n voorlesing "Het is ons ernst" gehou wat kort daarna in pamfletvorm versprei is. Dié voorlesing was 'n kragtige pleidooi vir Afrikaans én vir samewerking tussen die Taalbond en die A.T.V. Die verskil tussen die twee organisasies het dr. Malan so saamgevat: "De Taalbond zegt: leer Nederlands, schrijf Nederlands, en spreek Afrikaans. De A.T.V. zegt: leer Nederlands, schrijf Nederlands als ge kunt en wilt, maar als ge niet kunt of wilt, schrijf dan niet Engels, maar Afrikaans".

In *De Volkstem* van 6 November 1908 het Preller met geesdrif op dr. Malan se lesing geantwoord en die eenwording van die A.T.V. en die Taalbond in die vooruitsig gestel, op die grondslag: "'n selfbewuste volk met 'n

eige taal, wat 'n volmaak eige beskawing tegemoet gaat". Teen die einde van die jaar is onder voorsitterskap van dr. D. F. Malan 'n tweede Afrikaanse taalkongres in Kaapstad gehou (die eerste kongres, ook deur die A.T.V. georganiseer, het op 19 Desember 1907 in Kaapstad plaasgevind). Vooraf het verteenwoordigers van die Taalbond en die A.T.V. bymekaar gekom en die grondslag vir samewerking in sake van gemeenskaplike belang gelê. Op die kongres is 'n voorlopige kommissie aangestel om eenvormigheid in die spelling van Afrikaans te verkry, en voorbereidingswerk is gedoen vir die stigting van 'n sterk sentrale liggaam waarin die A.T.V., die A.T.G. en die Bloemfonteinse vereniging "Onze Taal" sou verteenwoordig wees.

In hierdie tyd het die Nasionale Konvensie in Kaapstad vergader sodat baie invloedryke Afrikanerleiers bymekaar was. Deur die toedoen van pres. M. T. Steyn, genl. J. B. M. Hertzog en Onze Jan Hofmeyr is ooreengekom dat 'n konferensie van belangstellendes in die taalkwessie uit al vier provinsies sal gehou word. Op 5 Januarie 1909, kort voor die hervatting van die sitting van die Nasionale Konvensie, het toe 'n sterk verteenwoordigende byeenkoms in Kaapstad plaasgevind. Op voorstel van genl. Hertzog is besluit: "Dat een lichaam in 't leven worde geroepen ter bevordering van de Hollandse taal en letteren in Zuid-Afrika". Dié sentrale organisasie sou simpatiek staan teenoor albei vorme van die Hollandse taal, Nederlands en Afrikaans, en sou gesag hê om waar nodig met regering en universiteit te onderhandel. Uit die besluit van die Kaapse vergadering het die stigting van die "Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" voortgevloe. Die Breë Kommissie aan wie die taak opgedra is om ontwerpstatute vir die beoogde sentrale liggaam op te stel, het hul werk voltooi en twaalf van sy lede afgevaardig na 'n groot kongres wat op eerste inisiatief van die vereniging "Onze Taal" op 1 en 2 Julie 1909 in Bloemfontein sou gehou word. Die afgevaardigdes het op 30 Junie byeengekom en besluit om die sentrale organisasie te stig en die ontwerpstatute aan die kongres voor te lê. Die finale beslissing is op die kongres getref, en op 2 Julie kon die eerste dertig lede van die Akademie reeds vergader. Die doel van die Akademie is as volg geformuleer: "De handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren, en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst", met die byvoeging: "Onder 't Hollands wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelijk in Zuid-Afrika".

In dieselfde jaar waarin die Akademie gestig is, is die Zuid-Afrika-Wet, waardeur die Unie van Suid-Afrika tot stand sou kom, deur al vier provinsies afsonderlik aangeneem. Die Hollands-Afrikaanse bevolkingselement was in die Nasionale Konvensie sterk verteenwoordig en vertoë

om gelyke regte vir Hollands en Engels is van buite tot die Konvensie gerig, met die gevolg dat Art. 137 van die Unie-grondwet bepaal: "De engelse alsmede de hollandse talen zijn officiële talen van de Unie. Zij worden op een voet van gelijkheid behandeld en bezitten en genieten gelijke vrijheid, rechten en voorrechten. Alle akten, verslagen en verrichtingen van 't Parlement worden in beide talen gehouden, en alle wetsontwerpen, wetten en kennisgevingen van algemeen publiek gewicht of belang door de Regering van de Unie uitgegeven, zijn en geschieden in beide talen".

Die wet het Hollands nou geen belemmering meer in die weg gelê nie, maar in die praktyk het die Hollands-Afrikaanse taal nog 'n groot agterstand gehad om in te haal. Die gebrekkige toepassing van Art. 137 het bitter stryd veroorsaak; en baie Afrikaners moes nog opgewek word om hul taalregte op te eis en in beoefening te bring.

In die jare wat volg, het die beweging ten gunste van Afrikaans vinnig in krag toegeneem; dit moes nou vir 'n ieder duidelik geword het dat Afrikaans dit uiteindelik van Hollands sou wen. Gebeurtenisse wat die posisie van Afrikaans kon versterk, het mekaar een na die ander opgevolg. Op 31 Mei 1910, die ontstaansdag van die Unie van Suid-Afrika, verskyn die eerste nommer van *Die Brandwag* - 'n invloedryke veertiendaagse tydskrif onder redaksie van Preller en dr. M. Malherbe wat tot 1922 sou bestaan. Die jaar daarop publiseer C. Louis Leipoldt *Oom Gert Vertel en ander Gedigte*, met 'n sterk betoog vir Afrikaans deur Johannes J. Smith as inleiding. Studente begin ook nou 'n lewendige aandeel in die taalstryd te neem: Art. 137 moet in praktiese toepassing gebring word. Ons Spreekuur en die Stellenbosse tak van die A.T.V. organiseer 'n studentetaalkonferensie wat op 6-7 April 1911 onder voorsitterskap van prof. A. Moorrees plaasvind en o.a. deur pres. F. W. Reitz en dr. D. F. Malan toegesprek word. 'n Besluit oor die dringende noodsaak om Hollands as medium by universiteitseksamens in te voer, word aangeneem en 'n Studente-Werda-Komitee gestig om oor taalbelange te waak.

Die Werda-Komitee het vir eind September 1912 'n groot studente-taalfees in Kaapstad beplan om die eerherstel van Hollands te vier; genl. Hertzog, toe nog lid van die Botha-kabinet, en prof. Moorrees sou die hoofspreekers wees. Die hou van die fees is verongeluk deur die weiering van spoorvervoergeriewe omdat die byeenkoms politiek sou wees en ingedruis het teen Botha se konsiliasiebeleid. Die volgende jaar, na Hertzog - kragtige voorstander van die taalregte van die Afrikaner - uit die hervormde Botha-kabinet verwyder is, is die oorspronklike plan deurgevoer en is 'n geesdriftige fees op 1 Maart in Kaapstad gehou. Op die byeenkoms het

Hertzog die later so dikwels aangehaalde telegrafiese boodskap van pres. Steyn voorgelees: "De taal van de veroveraar is in de mond van de veroverde de taal van slaven".

Intussen het adv. C. J. Langenhoven, wie se bedrywighede tot hiertoe hoofsaaklik tot Oudtshoorn beperk was, nader aan die brandpunt van die stryd beweeg. Op 15 Augustus 1911 het hy in *Ons Land* die aanhangers van Hollands gepak: "Hoe lank sal ons blij hink op twee gedagtes? Als Nederlands ons taal is, waarom praat ons horn nie? Als Afrikaans ons taal is, waarom skryf ons horn nie? Is die één te hoog om te praat en die ander te laag om te skryf?". Die akkoord tussen die A.T.V. en die Taalbond het hy veroordeel omdat daar geen deugdelike grondslag voor was nie: "Afrikaans is die moedertaal van ons Afrikaners en behoort als sodanig sonder versuim erkend te word als die officiële skryftaal van Suid-Afrika". In 1914 het Langenhoven lid van die Kaapse Provinsiale Raad geword. Hy het dadelik planne begin beraam om Afrikaans in die skole ingevoer te kry. Die Onderwys-ordonnansie van 1912 het bepaal dat die voertaal by die onderrig van elke leerling tot en met die vierde standerd in 'n openbare skool die huistaal van die leerling sou wees. Na die nodige voorbereiding het Langenhoven op 23 April 1914 in die Provinsiale Raad voorgestel dat Afrikaans as medium van onderwys op die laerskole tot en met die vierde standerd sou gebruik word waar Hollands volgens wet die voertaal is. Dié mosie is sonder teenstem aangeneem, en kort daarop is die Kaapse voorbeeld in Transvaal en die Vrystaat gevolg.

In sy mosie van 3 April het Langenhoven die bepaling ingesluit dat geen Afrikaanse boeke in skole gebruik sou word wat nie òf deur die Superintendent van Onderwys òf die Zuid-Afrikaanse Akademie goedgekeur is nie. Op die eersvolgende jaarvergadering van die Akademie, op 2 Julie 1914 in Bloemfontein, het Langenhoven 'n oortuigende rede ("Afrikaans as voertaal") gehou ter ondersteuning van 'n mosie dat die Akademie sy goedkeuring heg aan die redes wat die Provinsiale Rade gelei het tot die besluite insake Afrikaans op skool. Die mosie is aanvaar met net twee teenstemme. Op sy voorstel is ook besluit tot die benoeming van 'n kommissie om die spelling van Afrikaans te reël. Op 18 September 1915 het die Akademie die reëls voorgelê deur die Spellingkommissie goedgekeur, en in 1917 het die eerste druk van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, uitgegee in opdrag van die Akademie, die lig gesien. Die grondslag van 'n gesaghebbende Afrikaanse spelling is nou gelê.

Die jaar 1914 was in baie opsigte belangrik in die geskiedenis van die stryd om die erkenning van Afrikaans op alle terreine. Op 15 Julie 1914 verskyn die eerste nommer van die maandblad *Ons Moedertaal*, stryd-

lustige orgaan van die A.T.V., onder redaksie van Johannes J. Smith, T. B. Muller en G. C. Tomlinson. Kort na die eerste verskyning van *Ons Moedertaal*, op 24 en 25 Julie, word 'n A.T.V.-kongres op Stellenbosch gehou. Deurtastende besluite is geneem om Afrikaans erken te kry as Bybeltaal en kerктаal, as amptelike landstaal onder Art. 137 van die grondwet en as medium by alle skool- en universiteitseksamens; en afgevaardigdes is benoem om die besluite aan die betrokke instansies oor te dra. In sy ongeduld met almal wat in die pers in opstand gekom het teen die voortvarende kongresbesluite, was die redaksie van *Ons Moedertaal* meermale so fel en onbeteuel dat prof. De Vos – nou ook oortuig dat Hollands nie meer te red is nie – moes maan: “Haast U toch langzaam”, waarop die blad brutaal maar geestig geantwoord het: “Dit beteken: ‘Bly vinnig stilstaan!’”.

Ons Moedertaal het, met 'n onderbreking van byna 'n jaar, tot Desember 1915 verskyn; in Mei 1916 is dit verenig met 'n nuwe maandblad *De Huisgenoot* onder redaksie van prof. J. J. Smith. Die nuwe tydskrif se naam was wel Nederlands, maar die inhoud was van die eerste uitgawe af vir die oorgroot gedeelte in Afrikaans. Reeds in die vierde nommer (Augustus 1916) het die redaksionele artikel in Afrikaans verskyn, en in Desember 1917 is die naam van die blad verafrikaans tot *Die Huisgenoot*.

'n Maand na die A.T.V.-kongres 'n besluit ten gunste van Afrikaans as Bybel- en kerктаal aangeneem het, het dr. B. B. Keet op 21 Augustus 1914 'n toespraak voor die A.T.V. op Stellenbosch gehou oor “Die Bybel in Afrikaans” (afgedruk in *Ons Moedertaal* van die volgende maand). Dit was die eerste ernstige, beredeneerde pleidooi tydens die tweede fase van die Afrikaanse taalbeweging vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die gebruik van Afrikaans as taal van die godsdiens is intussen in 'n belangrike mate voorberei deur ds. W. J. Conradie se *Bijbelgeskiedenis vir ons volk*, wat in 1912 verskyn het en baie gewild in Afrikaanse huisgesinne was; tog is in hierdie saak langsaam en met die nodige omsigtigheid gevorder omdat die kerk uit die aard van die saak konserwatief is en selfs oortuigde voorstanders van Afrikaans op ander terreine, soos o.a. Langenhoven, nie maklik van die Nederlandse Statebybel kon afsien nie. Die eerste belangrike stap na 1914 is op 25 Mei 1916 gedoen toe die Vrystaatse sinode van die N.G. Kerk, na erkenning van Afrikaans as kerктаal, besluit tot vertaling van die Bybel en die gefedereerde en ander Hollandse kerke tot samewerking uitnooi. Transvaal het kort daarop versigtig en skoorvoetend gevolg en die saak na die Raad der Gefedereerde Kerken verwys. Die Raad het in Maart 1917 geoordeel dat, hoewel hy erken dat Afrikaans uiteindelik die plek van Hollands ook op die kansels van die Kerk sal inneem, die tyd nog

nie ryp was om by die ander sinodes op die erkenning van Afrikaans as offisiële taal aan te dring nie. Twee jaar later, op 6 Maart 1919, het die Raad ewenwel van standpunt verander en 'n teenoorgestelde besluit geneem. Die Gereformeerde Kerk het al in 1917 Afrikaans aanvaar, en die Hervormde Kerk het in die loop van 1919 dieselfde stap gedoen. Die sterkste bolwerk van Hollands was nog die Kaapse N.G. Kerk, waarin die geëerbiedigde ou professore van die Kweekskool baie invloed gehad het; maar in November 1919 het die sinode 'n versigtig geformuleerde voorstel tot erkenning van Afrikaans aanvaar nadat dr. B. B. Keet 'n sterk maar besadigde pleidooi gelewer het (die volgende maand gepubliseer in *Die Huisgenoot* onder die titel "Afrikaans in de Kerk") en Langenhoven 'n strydlustige pamflet *De Heilige Ermen van Rehum en Simsai* onder lede van die sinode versprei het. 'n Paar dae later, op 10 November 1919, het die sinode ook 'n mosie ten gunste van 'n Afrikaanse Bybelvertaling aangeneem.

Die besluite van die Kerk was onvermydelik in die lig van die vordering wat Afrikaans in die afgelope jare gemaak het en die verder ontplooiing wat nou maklik voorspelbaar was. In 1918 is 'n ordonnansie uitgevaardig waardeur Afrikaans op skool die plek van Nederlands sou inneem, sodat Afrikaans nou end-uit in die skole ingevoer is. In dieselfde jaar is leerstoel in Afrikaans ingestel aan die Universiteit van Stellenbosch (Augustus 1918) en aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (Oktober 1918). Daar was toe al heelwat wetenskaplike studie van Afrikaans gemaak, veral deur jong Afrikaners wat vir gevorderde universitêre opleiding na Europa gegaan het, o.a. *Afrikaanse Studies* deur P. J. du Toit (Gent, 1905), *Beschrijvende klankleer van het Afrikaans* deur T. H. le Roux (Leiden, 1910), *Afrikaans en Maleis-Portugees* (Groningen, 1916) deur D. B. Bosman, 'n bstryding van die ouer werk van die Nederlander D. C. Hesseling, *Het Afrikaansch* (Leiden, 1899), *De eerste Afrikaanse taalbeweging en zijn letterkundige voortbrengselen* deur Lydia van Niekerk (Amsterdam, 1916), *Afrikaanse Taalboek* deur D. F. Malherbe (Bloemfontein, 1917), *Taal en poësie van die tweede Afrikaanse taalbeweging* deur E. C. Pienaar (Amsterdam, 1919). Kort daarop sou volg: *Volk en taal van Suid-Afrika* deur S. P. E. Boshoff (Pretoria, 1921), *Die prosa van die tweede Afrikaanse beweging* deur P. C. Schoonees en *Oor die Afrikaanse sintaksis* deur J. J. le Roux (Amsterdam, 1923).

Die vinnige omswaai na Afrikaans toe is in dié jare ook sigbaar in die Hollands-Afrikaanse koerante en tydskrifte. In 1918 begin *Die Boerevrou*, eerste Afrikaanse tydskrif vir vroue, in Pretoria verskyn; *Die Burger*, nasionale dagblad wat sedert 26 Julie 1915 deur die pas gestigte Nasionale Pers Beperkt in Kaapstad uitgegee is, word op 3 Januarie 1922 *Die Burger*


en publiseer voortaan ook sy hoofartikels gereeld in Afrikaans; die konserwatiewe orgaan van die N.G. Kerk, *De Kerkbode*, gaan in 1925 met die stroom saam en word heeltemal verafrikaans. Dit is maar enkele voorbeelde. Dit het onder Afrikaners algemene gebruik geword om ook wetenskaplike studies van allerlei aard in Afrikaans te skryf en te publiseer; die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, waarvan die eerste nommer in Junie 1922 verskyn het en wat later 'n orgaan van die Akademie sou word, was dan ook van die begin af in sy geheel 'n Afrikaanse blad.

Al in Maart 1918 het J. H. H. de Waal in die parlement voorgestel dat vir die doeleindes van staatsadministrasie Afrikaans inbegryp word onder Hollands as een van die offisiële tale van die Unie. Sy voorstel is deur min. N. J. de Wet geamendeer om wetsontwerpe en wette van die parlement en offisiële dokumente van die volksraad en die senaat uit te sluit, en in dié vorm is dit aangeneem. Dit het beteken dat die hele staatsdiens buite die parlement nou vir Afrikaans oopgestel is. Sewe jare later, op 18 Februarie 1925, het dr. D. F. Malan as minister van onderwys in die parlement die eerste stappe gedoen om die beperking op De Waal se voorstel van 1918 verwyder te kry en op 8 Mei 1925 is in 'n gesamentlike sitting van volksraad en senaat die Wet op die Offisiële Talen van de Unie (Wet no. 8 van 1925) eenparig aangeneem. Dit lui: "Het woord 'hollandse' in artikel honderd zeven en dertig van de Zuid-Afrika-Wet, 1909, en elders in de Wet waar dat woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten". Daardeur is, vyftig jaar na die stigting van die G.R.A., die laaste wetlike beperking op Afrikaans uit die weg geruim. Die vooruitsiendheid en die groot werk wat die eerste voorstanders van Afrikaans ruim 'n halfeeu gelede begin doen het, is in hierdie tyd nie vergeet nie; in 1926 het die Afrikaanse Studentebond 'n belangrike *Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* uitgegee.

Die werk van die voorstanders van Afrikaans was in 1925 nie afgehandel nie. Daar was nog geen Bybelvertaling nie, selfs nie gedeeltelike vertalings wat die kerke kon aanvaar nie. Die proefvertaling, *Die vier Evangelie en die Psalme*, wat voortgevloei het uit die besluit van die Vrystaatse sinode van Mei 1916 en in 1922 uitgegee is, het niemand bevredig nie. In 1923 is 'n nuwe begin gemaak; die Hollandse Statebybel word nie weer as grondslag vir die Afrikaanse vertaling geneem nie – nou word uit die oorspronklike Hebreeus en Grieks vertaal. In Junie 1929 is 'n nuwe voorlopige vertaling *Die vier Evangelies en die Boek van die Psalms* gepubliseer om die gewraakte proefuitgawe van 1922 te vervang. Drie jaar later was die groot werk van vertaling en revisie klaar. Op 29 Mei 1933 het die eerste besending van 10 000 eksemplare van *Die Bybel* in Kaapstad aangekom. In 1957 is 'n sorg-

vuldig hersiene uitgawe gepubliseer. Na die Bybelvertaling het die Afrikaanse psalm- en gesangberyming aan die beurt gekom. Die digter Totius (dr. J. D. du Toit, een van die eindvertalers van die Bybel) het al in 1920, in opdrag van die Geref. Kerk, aan 'n beryming van die Psalms begin; in 1923 het hy *36 Psalme in Afrikaans* laat verskyn. In 1933 het Totius die werk hervat; in Julie 1937 het toe verskyn *Die Berymde Psalms*, erken deur al die Hollands-Afrikaanse kerke in die land. Die ontstaan van 'n Afrikaanse Gesangboek vir die N.G. Kerk en die N.H. Kerk het ook 'n taamlik lang voorgeskiedenis gehad: van Langenhoven het al in 1922 *Gesange in Afrikaans* verskyn, van Jan F. E. Celliers 'n *Proewe* in 1924, en so meer. In 1936 is die saak deur die kerke ernstig ter hand geneem. Na heelwat vertraging het die kerklik aanvaarde Gesangbundel in 1942 klaargekom.

Ook op buite-kerklike gebied was daar na 1925 nog baie te doen om Afrikaans tot vollediger ontwikkeling as kultuurtaal te laat kom. In die openbare en die private lewe het Afrikaans nog 'n groot agterstand gehad om in te haal voordat dit as gebruikstaal as gelykwaardig met Engels, die ander offisiële taal, kon geld. Daar moes toegesien word dat die gelyke regte wat Afrikaans voor die wet verkry het, in die praktyk uitgeoefen word. Van 1924 af het 'n simpatieke regering (die Nasionale Party, begin 1914 deur Hertzog en sy medestanders gestig, het in dié jaar aan die bewind gekom) 'n taalbeleid gevolg wat veel groter kans vir die vordering van Afrikaans gegee het as wat Hollands ooit gehad het. Kultuurleiers van die breë massa het verenigings gestig en die volk opgewek en meer taalbewus gemaak met populêre leuses soos "Handhaaf en bou". Die Afrikaanse letterkunde, wat al voor 1925 deur die werk veral van digters soos Eugène Marais en C. Louis Leipoldt, hoë aansien verwerf het, het na 1930 los gekom van sy lokale beperkings en deur die werk van 'n groot digter soos N. P. van Wyk Louw aan Afrikaans 'n status as literêre uitdrukkingsmiddel gegee wat nie meer in twyfel kon getrek word nie. Vir die ontplooiing van Afrikaans as tegniese en wetenskaplike medium werk die Regering met die Suid-Afrikaanse Akademie saam. 'n Vaktaalburo is gestig wat sorg vir die publikasie van vertalende vakwoordeboeke in die twee offisiële landstale. Sedert 1926 is ook 'n omvangryke algemene verklarende *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* in bewerking; daarvan het tot 1979 ses groot kwartodele verskyn (A-Kol). Afrikaans bestaan vandag soos elke ander volwaardige kultuurtaal – maar met die probleme wat eie is aan elke land waarin volksgroepe met verskillende tale saamleef.



1 Teorieë oor die ontstaan van Afrikaans

Lank voor 'n begin gemaak is met die vakkundige studie van Afrikaans, is waarnemers getref deur die groot verskille tussen die alledaagse omgangstaal van die Kaapse burgerbevolking en die Nederlandse standaardtaal. Dié verskille is as iets abnormaals beskou waarvoor besondere faktore verantwoordelik moes gewees het.

Reeds aan die begin van die 19de eeu het dr. Hinrich Lichtenstein, na 'n verblyf van drie jaar aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, verklaar dat die eerste Nederlanders hul taal opsetlik vereenvoudig het om dit vir die Hottentotte makliker te maak en dat dié "verarmde en verminkte" taal toe die algemene taal van die burgers geword het. Elders skyn hy te dink dat die burgertaal die resultaat is van 'n vermenging van Nederlands en die Maleis van die Oosterse slawe. Gedurende die hele 19de eeu het leke – en na 1870 ook taalkundiges wat hulle terloops met die saak besig gehou het – 'n hele aantal verklarings van die ontstaan van Afrikaans gegee. Sommige het geglo aan "taalverbastering" as gevolg van verwaarlosing, ander aan die invloed van die nuwe landsomstandighede, nog ander aan die invloed van vreemde tale waarmee die Hollandssprekende burgers aan die Kaap in aanraking gekom het. Na die begin van die Afrikaanse taalbeweging is groot nadruk gelê òf op die invloed van Hottentots òf op die invloed van die Frans van die Hugenote – meestal na gelang die beoordelaars simpatiek of onsimpatiek teenoor die beweging gestaan het. Veral die Genootskappers het graag aan die Hugenotetaal as deurslaggewende faktor in die ontstaan van Afrikaans geglo; selfs Nederlandse vakmanne (C. Stoffel, M. de Vries, J. te Winkel) was lank aanhangers van dié teorie.

Alles wat tot 1896 oor die ontstaan van Afrikaans gesê is, kan beskou word as behorende tot die voorwetenskaplike tydperk van die beoordeling van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Aan dié periode is 'n einde gemaak deur die optrede van die Nederlandse taalkundige D. C. Hessefing, 'n spesialis in Nieu-Grieks wat hom al hoe meer op die studie van taalvermenging gaan toelê het. In 'n artikel "Het Hollandsch in Zuid-Afrika" in *De Gids* van Januarie 1897 en in 'n boek *Het Afrikaansch* van 1899 het hy afdoende bewys dat Afrikaans nie kon ontstaan het deur invloed van Hottentots of Frans of die taal van die Duitse burgers wat hul veral in die 18de eeu aan die Kaap gevestig het nie. Maar hy het ook geglo dat die ver-

andering wat die taal van die Nederlandse burgers deurgemaak het, te groot was en in 'n te kort tyd plaasgevind het, om dit bloot aan 'n min of meer natuurlike ontwikkeling toe te skrywe. Hy het toe met 'n nuwe hipotese gekom, nl. dat die sogenaamde Maleis-Portugees, wat volgens hom van vroeg af as hawetaal en slawetaal baie verbreid aan die Kaap was en ook deur burgers gepraat is, as hooffaktor in die omvorming van Nederlands tot Afrikaans moet beskou word. Hy het sy teorie in later tydskrifstudies en in die tweede uitgawe van sy boek (*Het Afrikaans*, 1923) meer gepresiseer en dit so gestel dat Afrikaans in die jare 1658-1685 deur 'n botsing van tale (Nederlands en Maleis-Portugees) sy "draai" gekry het, al het hy wysigings van ondergeskikte belang in die jare daarna nie uitgesluit nie. Vir Hesseling was Afrikaans "naar zijn oorsprong een mengeltaal", of soos hy dit ook stel: "een Nederlands dat halverwege is blijven staan op de weg om kreools te worden".

Hesseling se teorie is aanvaar en gesteun deur P. J. du Toit in sy dissertasie *Afrikaansche Studies* (1905), maar is bestry deur dr. H. Meyer-Benfey in *Die Sprache der Buren* (1901) en deur die Anglis E. Kruisinga in 'n artikel "De oorsprong van het Afrikaans" in *Taal en Letteren* (1906). Globaal geneem kan ons sê dat Meyer-Benfey van mening was dat Afrikaans vernaamlik deur die oordrag van die taal van die Nederlanders op die vreemdelinge (Hottentotte en slawe veral) ontstaan het, sonder egter dat elemente van die vreemde tale in die geadapteerde Nederlands ingang gevind het, sodat Afrikaans tog nie 'n volledig gekreoliseerde taal soos die Portugese *lingua franca* geword het nie. Die gewysigde Nederlands van die vreemdelinge sou dan weer deur die aias aan die kinders in hulle sorg oorgedra wees en so die taal ook van die burgers geword het. Meyer-Benfey het dié mening aangevul deur nog 'n ander, deels alternatiewe teorie. Dit het uitgegaan van die veronderstelling dat die Hollands wat op die vreemdelinge aan die Kaap oorgedra is, 'n soort seemanstaal was wat reeds voor die vestiging van die Kaapse volksplanting bestaan het en grotendeels gekenmerk was deur die grondtrekke waardeur Afrikaans hom nou van Nederlands onderskei.

Kruisinga het ook die direkte inwerking van Maleis-Portugees en van elke ander vreemde taal as deurslaggewende faktor in die wordingsgeskiedenis van Afrikaans as onbewese en daarby onnodig verwerp. Hy neem aan dat waar daar in Afrikaans sprake kán wees van vreemde invloed, dié invloed uitgegaan het van die "geadapteerde Hollands van de inboorlingen en vreemde Europeanen"; maar oor die geheel glo hy dat Afrikaans "de zuivere ontwikkeling is van een Nederlands dialekt". Op die gedagte dat Hollands in die mond van vreemdelinge miskien invloed kon gehad het

op die ontwikkeling van sekere verskynsels in Afrikaans, het Kruisinga gekom deur 'n onjuiste interpretasie van Meyer-Benfey se opvattinge. Kruisinga was die eerste uitgesproke voorstander van die teorie van spontane ontwikkeling; sy vernaamste aanhanger later was Joh. J. Smith, soos blyk uit verspreide studies wat sedert 1914 van sy hand verskyn het (die laaste 'n postuum gepubliseerde lesing van September 1948: *Theories about the origin of Afrikaans*, 1952).

Die belangrikste teenstander van die teorie van Hesseling was D. B. Bosman. In sy doktorsale dissertasie *Afrikaans en Maleis-Portugees* van 1916 (in 1923 verwerk en uitgebrei tot 'n nuwe boek *Oor die ontstaan van Afrikaans*) het hy Hesseling se bewysvoering stap vir stap krities beoordeel en byna oral onoortuigend of foutief bevind. Hy het tog in so ver met Hesseling saamgestem en van Kruisinga verskil dat hy dit nie kon aanneem dat Afrikaans heeltemal spontaan ontwikkel het nie. Soos Hesseling se teorie moontlik ingegee was deur 'n opmerking van die spesialis in taalvermenging H. Schuchardt (wat in 1885 in sy resensie van Mansvelt se *Idioticon* melding gemaak het van die "kreolische Färbung" van Afrikaans), het Bosman nou met 'n teorie gekom wat direk skakel met 'n gedagte van Kruisinga – die invloed van die geadapteerde Nederlands van vreemdelinge op die taal van die burgers – al het Kruisinga dit self as verklaring vir die ontstaan van Afrikaans verwerp. Bosman het sy hipotese die "vreemdelinge-Nederlands-teorie" genoem en dit versigtig as volg geformuleer: "In so ver as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Hollands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Hollands hoofsaaklik onder invloed van die Nederlands van vreemdelinge". Bosman het dus beperkte direkte invloed van vreemde tale op die ontstaan van Afrikaans nie uitgesluit nie.

Die stryd tussen Hesseling en Bosman het vir 'n baie groot deel gegaan oor vroeë taalsosiologiese aard. Die twispunt was die verbreding van Maleis-Portugees aan die Kaap as hawetaal, handelstaal, verkeerstaal onder slawe van verskillende herkoms, en die gebruik van die taal ook deur burgers, in die tweede helfte van die 17de en ook in die 18de eeu. Die stryd oor verskynsels uit die taal self, op die gebied van die woordeskat en die grammatika, het daardeur op 'n tweede plan te staan gekom.

In 1923 was die stryd tussen Hesseling en Bosman in hoofsaak afgelopen al het elkeen aan sy eie teorie bly vashou. Daarna is die taalsosiologiese ondersoek in die rigting soos veral deur Hesseling aangewys, verder gevoer deur J. L. M. Franken met intensiewe navorsing in die Kaapse Argief. Die resultate van sy werk het hy van 1927 af in 'n reeks opstelle gepubliseer, in 1953 opgeneem in die bundel *Taalhistoriese bydraes*.

Voor hy met sy argivale ondersoek begin het, was Franken 'n aanhanger van Hesseling se teorie. Sy versamelde gegewens omtrent die gebruik van gebroke Portugees as verkeerstaal onder slawe en deur burgers in hul verkeer met slawe, het egter veel meer Bosman se opvattinge as dié van Hesseling gesteun. Dit is vreemd dat Franken na 1923 nooit direk standpunt teenoor die teorie óf van Hesseling óf van Bosman ingeneem het nie. Hy het 'n deur Blommaert in 1921 ontdekte en foutief geïnterpreteerde uitlating van kommissaris-generaal Van Rheeде omtrent die gebruik van 'n gebroke Hollands as verkeerstaal tussen Hottentotte en Nederlanders in 1685 as van basiese en deurslaggewende betekenis beskou; en in verband daarmee het hy ewe deurslaggewende waarde geheg aan sy ontdekking van sinnetjies uit 1706 en 1707 met die verbindings *ons het, ons denk, ons soek* wat in die mond van Hottentotte en slawe gelê is.

Franken het toe, met 'n enigszins wisselende gang wat nie altyd maklik kan gevolg en begryp word nie, tot 'n eie radikale teorie oor die ontstaan van Afrikaans gekom. In 1928 is Afrikaans vir hom 'n gebroke Hollands wat in die 17de eeu (blykbaar voor 1685) in die mond van slawe ontstaan het en "hom ontwikkel het tot die taal van die hele Afrikanervolk". Hy meen dat die Hottentotte 'n lang tyd hul eie soort gebroke Hollands gepraat het en dat hul nie deel aan die ontstaan van Afrikaans gehad het nie. Dit was in direkte teenspraak met Blommaert se interpretasie van Van Rheeде se uitlating, maar hy gaan stilswygend daaraan verby. Vyftien jaar later, in 1943, sê hy net dat Van Rheeде sins insiens seker die "invloed van die slawe se krom-Hollands" sou genoem het as hy nader op die saak ingegaan het. As hy in dieselfde jaar hom elders oor die ontstaan van Afrikaans uitlaat, vermy hy elke verwysing na slaaf of Hottentot en praat deurgaans van "die kleurling", "die kleurlinggemeenskap", sonder om te verduidelik wat hy presies daarmee bedoel.

Franken se formuleringe van sy opvattinge is meermale in teenspraak met mekaar, maar ten slotte laat hy geen twyfel omtrent sy bedoeling nie. In sy laaste uitsprake het hy dit oor "die eintlike Afrikaans, die van die kleurling, wat gaandeweg in die loop van 'n paar eeue geword het tot die beskaafde spreek- en skryftaal van die Afrikaanse volk", en weer: "die eintlike Afrikaans, myns insiens die van die kleurling in die eerste plek in sy mond ontstaan". Hierdie "kleurling"-taal het volgens hom sedert die 17de eeu maar min veranderings ondergaan. Dit beteken dat die Afrikaans van vandag min verskil van die gebroke Hollands van slaaf (en Hottentot?) soos dit rondom 1685 al bestaan het.

Franken se apodiktiese stellings omtrent die ontstaan van Afrikaans staan ver verwyderd van die meer beredeneerde teorieë van Bosman en Hes-

seling en vertoon in sommige opsigte eerder gelykenis met die ongemotiveerde verklarings van Meyer-Benfey.

In alle bespieëlings en redenerings oor die ontstaan van Afrikaans is aan die tydsfaktor 'n oorwegende belang geheg: die ingrypende veranderings wat die Nederlands van die burgers ondergaan het, sou nie in honderd of honderd-en-vyftig jaar op 'n "natuurlike" manier kon plaasgevind het nie. In 1949 het S.A. Louw 'n studie *Dialekvermenging en taalontwikkeling* gepubliseer. Daarin het hy spesiale studie gemaak veral van die Duitse nedersettingsdialek van Franztal in Suid-Slawië en bevind dat 'n samevloeiing van verskillende dialekte op een punt binne anderhalwe eeu kan uitloop op 'n eenvormige dialek wat in sy vormleer sterk vereenvoudig is. Hy meen dat iets dergeliks aan die Kaap kon plaasgevind het, sodat die beswaar teen 'n teorie van natuurlike ontwikkeling op grond van die tydsfaktor vir Afrikaans nie deurslaggewend hoef te wees nie.

Dialekvermenging is vroeër dikwels genoem as een van die oorsake van die ontstaan van Afrikaans, maar Louw se benadering is nuut en sy bewysvoering omvangryker as ooit tevore, al is dit nie altyd steekhoudend nie. Met sy "teorie" het hy in elk geval weggekóm van die rigting van ondersoek na die ontstaan van Afrikaans wat sedert Hesseling tradisioneel geword het.

Vyftig jaar na Hesseling met sy Maleis-Portugees-teorie vorendag gekóm het, was daar nie meer eensgesindheid oor die vraag na die ontstaan van Afrikaans as in die begin nie. Die oorsake daarvan is, agterna gesien, nie ver te soek nie. Verskeie ontstaansteorieë het al 'n lang geskiedenis agter die rug gehad toe daar nog geen behoorlike beskrywing van selfs een onderdeel van die grammatikale struktuur van die hedendaagse Afrikaans, of van die Afrikaanse woordvoorraad in sy verspreiding oor verskillende taalkringe en stylsoorte, onderneem is nie. Voordat studie gemaak is, selfs gemaak kón word, van die geskiedenis van 'n enkele grammatiese verskynsel, of groep van samehangende verskynsels, wat deel uitmaak van die oorgangsproses van die 17de-eeuse Hollands tot Afrikaans, is verklarings van die "ontstaan" van "Afrikaans" gegee. Die suiwer linguistiese gegewens en voorstudies, Nederlandse en Kaapse, vir 'n min of meer bevredigende rekonstruksie van die ontwikkeling van selfs een onderdeel van die Afrikaanse taalsisteem, onder of sonder vreemde invloed, het nog ontbreek toe allerlei teorieë wat die "ontstaan van Afrikaans" sou verklaar, gestel en bestry en verdedig is. Dit is onder dié omstandighede begryplik dat die ontstaansteorieë van Hesseling, Bosman, Franken e.a. hoofsaaklik op sosiologiese gegewens gegrond is en dat die stryd vernaamlik gegaan het oor die kennis en gebruik van die sogenaamde Maleis-Portugees aan die Kaap.

In die lang stryd oor die "ontstaan van Afrikaans", veral oor en rondom die teorieë van Hesseling en Bosman, is tog baie werk van groot waarde gedoen wat onmisbaar is vir elke ondersoeker van die wording van Afrikaans. Maar die Afrikaanse historiese taalwetenskap moes los kom uit die klem van die teorieë om op 'n gesonde grondslag geplaas te word. Dit het van omstreeks die begin van die jare veertig af inderdaad gebeur, sodat die tydperk van die ontstaansteorieë kan beskou word as 'n verbygegane fase in die historiese studie van Afrikaans. Die nadruk val nou, soos dit hoort, op die versameling en bestudering van suiwer taalgewens, sonder om die gevolgtrekkings daaruit in diens te stel van 'n voorbarige teorie wat tog nooit die "ontstaan" van die hele taalsisteem kan "verklaar" nie.

2 Aanraking met nie-Nederlandse tale aan die Kaap

Burgers van Nederlandse herkoms was gedurende die hele wordingstyd van Afrikaans in aanraking met individue en groepe wat nie-Nederlandse tale of 'n aangeleerde krom Nederlands gepraat het: Duitsers in diens van die Kompanjie en onder die vryburgers, Franse Hugenate, Hottentotte, slawe van verskillende herkoms wat naas hul eie tale (hoofsaaklik Maleis) dikwels die Portugese *lingua franca*, veral in Oosterse skakering, as onderlinge verkeerstaal gebruik het.

In die tyd toe teorieë oor die "ontstaan van Afrikaans" onder leke en wetenskaplikes hoogty gevier het, is by beurte aan die invloed van al die onderskeie tale of die krom vreemdelinge-Nederlands gedink as 'n belangrike faktor of die deurslaggewende faktor in die wording van Afrikaans. Selfs in wetenskaplike geskrifte is meermale onwetenskaplik te werk gegaan met die argument van vreemde invloed om die "ontstaan" van Afrikaans te verklaar.

Hesseling het, soos reeds gesê, op grond van sosiologiese oorwegings tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaans in die tydvak 1658-1685 sy "draai" gekry het deur 'n botsing van Hollands met die sogenaamde Maleis-Portugees. In 'n ander afdeling van sy boek noem hy woorde van Maleise en Portugese herkoms in Afrikaans, en Afrikaanse konstruksies wat ooreenstemming met konstruksies in Maleis-Portugees vertoon, om steun aan sy teorie te gee. Maar vir die oorgroot gedeelte was niks aan hom bekend omtrent die tyd wanneer die betrokke woorde en konstruksies deel van die taal van die burgers, of selfs van die Hollands van die slawe, geword het nie. Hy het geen bewys dat bv. die woord *baie* (Mal. *banjak*) voor die middel van die 18de eeu in Kaapse Hollands in gebruik was nie; dieselfde geld vir konstruksies soos *honger wees*, *staan-staan eet*, *Maria se hoed*, vir voor 'n direkte persoonlike voorwerp, of 'n verskynsel soos die verdwyning van die imperfektum. Of om iets anders te noem wat vandag buite die ontstaansteorieë val: dit word algemeen aanvaar dat die woord *pawieperske* deur die Hugenate in Afrikaans gebring is. Nou was die "*pèche de Pavie*" wel al in die 17de eeu in Frankryk bekend, maar daar is nog geen bewys gelewer dat dié perskesoort in die tyd van die Hugenate aan die Kaap gekweek is en dat die naam toe in die Kaapse Hollands oorgegaan het nie.

Dit staan wel vas dat woorde uit vreemde tale (Hottentots, Maleis,

Portugees en ook Duits) aan die Kaap in Hollands oorgeneem is, en van sekere konstruksies is dat waarskynlik, van sommige selfs taamlik seker, dat hulle nie sonder vreemde beïnvloeding in die Kaapse Hollands tot ontwikkeling sou gekom het nie; maar die probleem van die tyd van ontlening of van die ontwikkeling van 'n verskynsel onder moontlike vreemde invloed, direk of indirek, mag nie somaar opsy geskuiwe word nie. Intussen is dit nodig dat ons weet watter rol die onderskeie vreemde tale in die heterogene Kaapse maatskappy gespeel het, sodat die moontlikhede van hul invloed in verskillende tye kan geskat word. Die vasstelling van hul werklike invloed op die Hollands van die burgers moet in laaste instansie op suiwer linguïstiese gegewens berus.

Gedurende die eerste vyftig jaar van die volksplanting was daar al soveel Duitsers aan die Kaap in Kompanjiesdiens en ook onder die vryburgers dat 'n mens, afgaande op getalle alleen, geneig sou wees om te glo dat hul taalgebruik invloed op die Kaapse Hollands gehad het. In die 18de eeu het die Duitsers onder die nuwe burgerimmigrante in so 'n mate toegeneem dat hulle na 1725 in getal alle ander saam oortref het. In Kompanjiesdiens, spesiaal onder die soldate, het die oorwig van Duitsers in dié tyd in nog hoër mate gegeld. Daar was egter faktore wat die invloed wat bloot op grond van getalle sou kon veronderstel word, in hoër mate geneutraliseer het. Onder die Duitsers was daar altyd min vroue, sodat net by hoër uitsondering Duitssprekende gesinne kon gestig word. Daar is buitendien oorvloedige getuienis dat die Duitsers, wat selde of nooit 'n groep gevorm het nie, hul goue taal en gebruike by die gevestigde Hollandssprekende bevolking aangesluit het. Die assimilasiëproses is verhaas deurdat baie van hulle al in meerdere of mindere mate Hollands geken het voordat hulle na die Kaap gekom en veral voordat hulle hul hier blywend gevestig het. 'n Uiterlike teken dat die assimilasië as iets natuurlik en vanselfsprekend beskou is, is die verskynsel dat Duitsers hul name en vanne dikwels self in vorm en spelling vernederlands het, of dat Duitse vanne in Nederlands vertaal is (*Matzdorf, Sonntag, Wohlgemut* bv. het geword *Maasdorp, Zondag, Welgemoed*), soms wel met behoud van die Duitse spelling (bv. *Hauptfleisch* uitgespreek *Hoofdolees*). Dit het van vroeg af aan gebeur. By die beoordeling van vraagstukke in verband met die geskiedenis van Afrikaans sou dit daarom gevaarlik wees om te veel gewig aan moontlike direkte Duitse invloed, of selfs invloed van Duitsgekleurde Hollands, op die taalgebruik van die Hollandse burgers te heg.

Die Franse Hugenote het in 1688, in teenstelling met die Duitsers, as nou samehangende groep na die Kaap gekom en het ook in Drakenstein saam gewoon, al het hul nooit 'n heeltemal aaneengeslote blok gevorm

nie: daar was 'n aantal Hollandse plase tussen hulle versprei. Hulle het tot Mei 1702 'n eie Franse predikant (Pierre Simond) gehad, en 'n voorleser en skoolmeester in Frans (Paul Roux) tot Februarie 1723. Die Hugenote het vyftien tot twintig jaar lank aan hul eie taal vasgehou: in 1703 het maar iets meer as 'n vyfde van die volwasse Franse genoeg Hollands geken om 'n preek in Hollands behoorlik te verstaan, en baie kinders het toe nog min of glad geen Hollands geken nie. Die gesamentlike verset van die boere teen W. A. van der Stel kort daarop het die Franse egter meer en meer met hul Hollandse bure in aanraking gebring; deur maatskaplike omgang en ondertrou het hulle spoedig die taal en gewoontes van hul nuwe vaderland aangeneem. Veertig jaar na die aankoms van die Hugenote was die Franse taal aan die Kaap op sterwe na dood. In 1751 het die ab De la Caille niemand onder die veertig jaar aangetref wat nog Frans kon praat nie; die eerste geslag Franse het hul taal aan hul kinders geleer, maar die tweede geslag nie weer aan hul kinders nie.

Die Franssprekendes het nooit meer as een sesde van die burgerbevolking uitgemaak nie; die ander burgers het nie hul taal leer praat nie. Die posisie van die Hollandssprekende burgers in 'n Hollandse volksplanting was so sterk dat hulle maklik die vreemde elemente – Duitsers en Franse en 'n klein persentasie ander Europeane – kon absorbeer. Die Nederlandse skout-by-nag Stavorinus, wat rondom 1770 aan die Kaap was, getuig dan ook as volg: “De eerste Europese bevolking dezer Colonie, uit verscheiden Natiën bestaan hebbende, zijn thans, door langheid van tijd, zoodanig onder een gesmolten, dat zij niet meer van elkanderen te onderscheiden zijn; zelfs de meesten van die, welken in Europa geboren zijn, en eenige jaaren hier hebben gewoond, hebben, als 't ware, hun nationaal character voor dat van dezen landaart verwisseld”.

Dit is nouliks te verwagte dat die Hugenote se Frans merkbare invloed op die taal van die Hollandssprekendes sou gehad het; daarvoor was dit te veel beperk tot een deel van die volksplanting en het dit te kort 'n lewenskragtige bestaan gehad. In sover as wat invloed op die grammatikale struktuur van Afrikaans denkbaar is, sou dit kan wees dat die aanvanklik gebroke Hollands van die vlugteling sekere bestaande ontwikkelings-tendensies in die Kaapse Hollands enigermate versterk het. Maar dan moet noukeurige taalvergelyking dit uitwys.

Van die stigting van die verversingspos aan die Kaap was die Kompanjiesamptenare voortdurend in aanraking met die Hottentotte, in die eerste plek ter wille van die veeruil. Die Hottentotse taal was vir Europeërs berug moeilik; tot taamlik diep in die 18de eeu het dit net by hoë uitsondering gebeur dat 'n amptenaar of burger dié vreemde taal op 'n manier geleer

het. Dit was vir hulle ook nie dringend nodig nie, want binne 'n paar jaar was daar genoeg Hottentotte in die nabyheid van die Fort met soveel kennis van Nederlands dat hulle in die behoefte aan tolke kon voorsien.

Reeds in Junie 1656 word berig dat die Hottentotte, en veral die kinders, "redeljk fray" Hollands begin praat, al wil hulle nie by die Europeane inwoon nie. Ses jaar later begin Hottentotmeisies in diens by getroude Kapenare gaan, en dertig jaar later was dit 'n gewone verskynsel. Rondom 1685 was Hottentotte trouens al sporadies as veewagters by boere te vind en Hottentotvroue as kinderoppasters; en aan die begin van die 18de eeu het groepe Hottentotte op die Bolandse plase gewerk in oestyd en ander tye wanneer ekstra hulp nodig was. Die kennis van Nederlands het onder hulle ál meer versprei, sodat na 1710 baie Hottentotte selfs anderkant die Hottentots-Hollandberge hulle in Hollands kon verstaanbaar maak. Dié van hulle wat in gereelde aanraking met die burgers was, het mettertyd redelik goed Hollands leer praat, terwyl die taal van dié wat meer sporadies met die blankes verkeer het, tot diep in die 18de eeu baie gebroke gebly het.

Na 1700 het groepe Hottentotte begin wegtrek uit die gebiede wat deur die burgers beset is. Die pokkiesepidemie van 1713, en ook later dié van 1755, het verwoesting onder alle Hottentotte gesaai; dit het saam met die druk van die vinnig uitbreidende volksplanting die stamlewe van die Hottentotte in die tweede helfte van die 18de eeu grotendeels vernietig. Van toe af het die Hottentotte binne die volksplanting meestal verspreid op die veeplase, hoofsaaklik in die binneland, gewoon. Teen die einde van die eeu het die Hottentotte so ver as die volksplanting gestrek het, hul eie taal vir die Hollands van die burgers prysgegee, al het baie van hulle dit selfs toe nog nie suiwer gepraat nie.

Van omstreeks 1730 af het dit meer voorgekom dat burgers wat van kindsbeen af in nou aanraking met die Hottentotte op die plase was, hul taal leer verstaan en soms ook leer praat het. Maar deur die verdwyning van die Hottentotse taal onder Hottentotte self binne die grense van die volksplanting kon die kennis van Hottentots onder die blanke bevolking ook nie lank stand hou nie. Deur dié omstandighede sal by die bestudering van die geskiedenis van die Afrikaanse grammatika veel eerder rekening moet gehou word met die invloed van die gebroke Hollands van die Hottentotte as met die direkte invloed van die Hottentotse taal self.

Die vreemde tale wat met die invoer van slawe aan die Kaap invloed op die ontwikkeling van Hollands kon gehad het, direk of indirek, is gebroke Portugees, in sy Wes- en Oos-Afrikaanse maar veral Oosterse skakering, en Maleis. Die eerste slawe het in 1658 uit Angola en Guinee gekom. Tot

aan die begin van die 18de eeu is verder baie slawe afkomstig uit Madagaskar, uit dele van Indië en uit die Oos-Indiese eilande aan die Kaap verkoop, aan die Kompanjie, aan Kompanjiesamptenare en aan vryburgers. Die slawe het van huis uit baie verskillende tale gepraat. Dié van die weskus van Afrika en uit Madagaskar, of sommige van hulle, het naas hul moedertale miskien 'n bietjie gebroke Portugees geken; dié afkomstig uit die Indiese kusgebiede Malabar en Koromandel en uit Bengale was waarskynlik vir 'n deel met die Oosterse variasie van die Portugees *lingua franca* bekend; dié uit die Indiese Argipel het Maleis gepraat óf as moedertaal óf as verkeerstaal met slawe uit dele van die Argipel waar Maleis nie inheems was of geword het nie; en dis goed moontlik dat sommige ook die Portugees *lingua franca* óf gepraat óf ten minste verstaan het. Baie slawe wat aan die Kaap verhandel is deur amptenare uit Oos-Indië op pad terug na Nederland, was al lank in besit van die eienaars en het ongetwyfel reeds heelwat Nederlands geken. Verder is dit van aansienlike betekenis dat die oorgroot persentasie slawe wat na die Kaap gebring is, jonk was. Uit gegewens wat dr. Böeseke uit argivale bronne gehaal het, kan afgelei word dat byna tweederde van die slawe voor hul een-en-twintigste jaar na die Kaap gebring is, en ruim driekwart voor hul vyf-en-twintigste jaar; baie was trouens tussen elf en vyftien jaar oud. Daar was min slawe ouer as dertig wat aan die Kaap verkoop is. Hoe jonger hulle was, hoe makliker het dié wat geen Nederlands geken het nie, Nederlands geleer. Alle beskikbare getuienisse van betekenis dui daarop dat nóg Portugees nóg Maleis in die 17de eeu 'n rol van belang in die Kaapse samelewing gespeel het.

Die Kompanjie was daarop gesteld dat Portugees nie vaste voet aan die Kaap kry nie en het maatreëls daarteen getref; o.a. is voorsiening daarvoor gemaak dat slawe Nederlands leer, hoewel dit met die skoolhou nie altyd vlot gegaan het nie. In 1685 vind kommissaris-generaal Van Rhee de by 'n besoek aan die slawelosie "veel kleyne kinderen . . . sprekende de Nederduydse Tale sonder eenig onderscheyt"; en in dieselfde jaar, in 'n saak teen die skoolmeester van die slawelosie, lê vyf slawekinders van tien tot vyftien jaar en almal aan die Kaap gebore, hul getuienis in Nederlands af. Die gevolgtrekking is gewettig dat as die kinders in die losie Nederlands praat, hul ouers dit ook gedoen het; en verder, as die volwasse slawe en hul kinders in die Kompanjieslosie Nederlands ken, dan was dit ook die geval met die slawe wat verspreid in diens van die burgers was. Die konklusie dat 'n vorm van Nederlands as verkeerstaal onder slawe, en tussen slawe en blankes, in die 17de eeu baie verbreed was, word gesteun deur Franken se bevinding dat in kriminele en siviele sake waarin slawe betrokke was, tot 1704 met een enkele uitsondering vertolking in of uit Portugees

of Maleis nooit vermeld word nie, in teenstelling met die tydperk daarna. Onder dié omstandighede was dit onnodig vir die burgers om Portugees of Maleis te leer; daar bestaan dan ook geen betroubare getuienis dat hulle in die 17de eeu een van dié tale met hul slawe gebruik het nie.

In die loop van die 18de eeu het in dié toestand van sake verandering gekom. Daar kom nou veel meer slawe uit die Ooste; veral van kort na 1700 af neem hulle getalle vinnig toe. Waarnemers aan die Kaap in die eerste desennie van die 18de eeu getuig nou dat Portugees en Maleis onder die slawebevolking verbreid is; selfs Hottentotte leer die gebroke Portugees van die slawe. Naas die Portugese *lingua franca* en/of Maleis het verreweg die meeste slawe egter ook Nederlands verstaan en gepraat, al was dit krom; nuwe aankomlinge het ook betreklik gou die taal van die regeerders en die burgers geleer.

Uit die gegewens omtrent vertolking in die hof blyk dat in die tydperk 1718-1755 in minder as 20 persent van die gevalle waar slawe verhoor is of getuienis moes aflê, vertolking nodig was; en in sommige gevalle waar wel vertolk is, word daarby gesê dat die betrokke slaaf redelik goed Nederlands praat of ten minste verstaan. In die genoemde periode was die taal waarin of waaruit vertolk is, vir ongeveer 70 persent Portugees en vir ongeveer 30 persent Maleis.

Daar bestaan veel minder sekerheid omtrent die vraag in hoever burgers Portugees en/of Maleis verstaan en ook gepraat het. Te oordele na die gegewens deur Franken versamel, het min burgers voor 1725 Portugees geken; eers na 1735 word vermelding van burgers wat Portugees verstaan (in enkele gevalle ook praat) frekwenter. Daarby moet gesê word dat ook die vermelding van burgergetuies wat Portugees nie verstaan nie, dwarsdeur seldsaam is. Konklusies alleen op hierdie gegewens gebaseer, bly van twyfelagtige waarde. Neem 'n mens dit egter saam met andersoortige getuienisse, o.a. verklarings van persone wat in die loop van die 18de eeu aan die Kaap was, dan lyk die konklusie gewettig dat passiewe en, in minder mate, ook aktiewe kennis van Portugees in dié tyd onder die burgerbevolking aan die toeneem was, tot dit rondom 1750 en later taamlik dikwels voorgekom het.

Wat Maleis betref: die groot toename in die aantal nuwe slawe uit die Ooste word weerspieël in Franken se gegewens omtrent vertolking; die persentasie vertolkings in en uit Maleis neem steeds toe, sodat in 1750-1772 veel meer vertolkings in dié taal plaasvind as in Portugees. Franken het min vermelding teëgekome van burgers wat Maleis ken, trouens ook selde van burgers wat die taal nie verstaan of praat nie. Reisigers en ander vertel ook selde of ooit dat burgers met hul slawe Maleis praat. Dit lyk of Maleis

as verkeerstaal tussen slawe en hul eenaars nie 'n rol van belang gespeel het nie.

Die getuienisse wat tot hertoe beskikbaar geword het, wek nie die verwagting dat direkte invloed van die Portugese *lingua franca* of van Maleis op die Hollands van die burgers voor die 18de eeu van betekenis kon gewees het nie – veral as met Hesseling aanvaar word dat dié invloed alleen te verwagte is as die burgers self die vreemde tale gereeld in hul verkeer met die slawe gaan praat het.

3 Bronne vir die studie van die geskiedenis van Afrikaans

Die grootste moeilikhede by die bestudering van die Afrikaanse taalgeskiedenis is ten eerste: gebrekkige kennis van die 17de-eeuse Nederlandse (en meer bepaald Hollandse) taalvorme waaruit Afrikaans ontwikkel het, en ten tweede: die tekort aan Kaaps getinte bronne oor die hele tydperk van 1652 tot diep in die 19de eeu. In die afgelope twintig, dertig jaar is die tweede moeilikheid wel baie verminder deur die opsporing in die Kaapse Argief van 'n aansienlike aantal uiters waardevolle tekste uit die tydperk na plus-minus 1730, maar vir die baie belangrike vroeër periode is daar nog altyd 'n byna totale afwesigheid van tekste wat lig kan laat val op die ontwikkelingsgeskiedenis van die Hollandse taal aan die Kaap van 1652 af.

Die bronne waaroor ons beskik, is van twee soorte: a) mededelings oor die Hollands van burgers en ander bevolkingselemente (veral Hottentotte en slawe), en b) Kaaps gekleurde geskrifte waaruit gevolgtrekkings omtrent die wordingsgeskiedenis van Afrikaans kan gemaak word. Enkele mededelings bevat ook voorbeelde van taalgebruik ter illustrasie van 'n algemene opmerking, sodat 'n konsekwente skerp skeiding tussen die twee soorte bronne nie kan gehandhaaf word nie.

a) Mededelings oor Hollands aan die Kaap.

In die Kaapse joernaal (1685) van kommissaris-generaal Van Rheede staan 'n paragraaf wat ruim veertig jaar lank ná die historikus W. Blommaert dit ontdek en geïnterpreteer het (1921), van deurslaggewende betekenis vir die wordingsgeskiedenis van Afrikaans beskou is. Blommaert het uit die passasie afgelei dat die afwyking van die burgertaal van die "offisiële Hollands" al in Simon van der Stel se tyd begin het; dat die afwyking die gevolg was van die oorname van die gebroke Hollands van die Hottentotte, veral via die kinders; en dat die proses van oorname in 1685 al taamlik ver gevorderd was.

Blommaert het egter Van Rheede se ingewikkelde en verwarde 17de-eeuse Nederlands misverstaan en verkeerd geïnterpreteer, ook omdat hy nie rekening gehou het met die hele verband waarin die paragraaf staan nie. Van Rheede was alleen bevrees dat 'n gebroke Hottentot-Nederlands as verkeerstaal tussen die inboorlinge en Kompanjiesamptenare

sou bestendig word en sê nêrens dat òf die amptenare òf die burgers en hul kinders die gebroke spraak onder mekaar begin praat nie.

'n Belangwekkende uitlating oor die Hollands van die burgers in die eerste helfte van die 18de eeu is dié van O. F. Mentzel, wat van 1733 tot 1741 in Kompanjiesdiens aan die Kaap was en ook twee jaar op die platteland deurgebring het. In sy *Beschreibung des . . . Afrikanischen Vorgebirges der Guten Hoffnung*, wat ruim vyf-en-veertig jaar na sy vertrek uit die Kaap verskyn het, sê Mentzel dat die taal van die plattelanders net so min "reine holländische Mundart" is as wat die Duitse boere suiwer Duits praat; as die vroue byvoorbeeld gevra word of hul geen Bybel het nie, volg die antwoord: *Onz heeft geen Bibel*; maar as mens hul dan vra hoeveel onse gaan op 'n pond, word hul rooi van skaamte. Die spotvraag, wat vandag nog in Afrikaans bekend is, is 'n aanduiding dat die gebruik van *ons* i.p.v. *wij* in Mentzel se tyd al taamlik verbreid moes gewees het en nie eers onlangs in die burgertaal gekom het nie.

Mentzel se woorde kan die indruk wek dat Afrikaans op die platteland tot ontwikkeling gekom het in 'n tyd toe die taal van die stadsburgers nog betreklik suiwer Nederlands was. Deur die hele 18de eeu kry ons geen opsetlike mededeling oor burgertaal meer nie. Van belang is wel 'n terloopse uitlating in 'n brief uit 1775 van die jong C. H. Persoon uit Amsterdam aan sy ouers in Kaapstad, waar hy self gebore was en opgegroeï het. Hy skryf dat sy vriende hom pla oor sy "Caaps krom spreek". Dit is 'n bewys dat ook in goeie burgerkringe in Kaapstad reeds voor 1775 'n van Nederlands afwykende taalvorm gepraat is.

Van die begin van die 19de eeu af het mededelings oor die burgertaal betreklik volop geword. H. Lichtenstein, wat van eind 1802 tot 1806 aan die Kaap was, vertel in sy boek *Reisen im südlichen Africa* hoe 'n paar jong mans hom vermaak het met verhale van hul jag- en reisavonture wat hul in "die kort, kragtige Afrikaanse Hollands" voorgedra het; en van die ou Duitse plantkundige Auge deel hy mee dat hy sy moedertaal byna heeltemal verloor het en "die verminkte Hollands" van die burgers praat. Elders verklaar Lichtenstein dat die eerste burgers hul taal opsetlik vereenvoudig het om dit vir die inboorlinge makliker te maak om te leer, en dat die "verarmde en bedorwe" spraak, wat selfs vir gebore Hollanders in die begin onverstaanbaar is, nou die algemene taal ook van die burgers geword het. Van die Hottentotte in die volksplanting in diens van die blankes sê hy dat hulle feitlik almal Hollands ken en dat die meeste van hulle van hul eie taal net 'n paar uitdrukkinge oorgehou het wat die vierde bestanddeel bydra tot die mengsel van Hollands, Portugees en Maleis wat deur die slawe en lae klasse gepraat word. Lichtenstein se opmerkings

laat geen twyfel nie dat hy in die volksplanting onder allerlei slag van inwoners vorme van Hollands waargeneem het wat skerp van die standaard-Nederlands van sy tyd verskil het. Uit sy lekeverklarings en -karakteriserings is dit egter nie moontlik om 'n beeld van die werklike aard van die taalsoorte en hul verspreiding oor verskillende bevolkingselemente te kry nie.

Net 'n paar jaar na Lichtenstein verklaar die Engelse natuurondersoeker W. Burchell, wat in 1810 aan die Kaap was, in sy werk *Travels in the interior of Southern Africa* dat dit vir 'n reisiger in die Kolonie nodig was om kennis te hê van Hollands "according to the Cape dialect, and even according to the corrupt dialect of the Hottentots", maar hy laat hom nie verder oor die twee taalsoorte uit nie. Veel belangriker as die getuienis van Burchell is weer die mededelings van M. D. Teenstra in *De Vruchten mijner werkzaamheden gedurende mijne reize over de Kaap de Goede Hoop naar Java en terug, over St. Helena naar de Nederlanden* oor die "enigermate verbasterde" Nederlands waarmee hy in 1825 aan die Kaap kennis gemaak het. Hy gee selfs 'n kort samespraak van ongeveer driehonderd woorde om sy Nederlandse lesers 'n denkbeeld "der hier gesproken wordende Hollandse taal" te laat kry; hy verklaar dat hy daarin "de taal in hare grootste afwijkingen en hare bijzondere spreekwijzen en gezegden, aan de Kapenaars zoo wel als aan de buitenlieden eigen" wou weergee. Die samesprake, hoe kort en gebrekkig ook al, bevat inderdaad heelwat tipies Afrikaanse konstruksies en woorde. Dit val op dat die een sin wat Teenstra 'n slaaf in die mond lê, in konstruksie afwyk van die taal van die boer en sy vrou. Teenstra se "Zamenspraak" sal altyd sy waarde behou as die eerste stuk wat doelbewus in Afrikaans gestel is en in druk verskyn het.

Afrikaans is in hierdie tyd deurgaans beskou as 'n soort van "verminkte" of "verbasterde" Nederlands, met 'n belangrike inslag van vreemde - veral Hottentotse, Maleise en Portugese - elemente. Dit was ook die oordeel van J. G. Swaving, wat in 1828 tolk aan die Kaap was en vertel van sy kennismaking "met dat soort van bastaard Hollandsch, hetwelk hier te lande, onder den boeren- en slavenstand, als ook onder de Hottentotten en allerlei andere vrije Heidensche volksstammen gesproken wordt, en welke zelf den meer beschaafden der Christelijke en voorname volksklasse niet geheel en al oneigen is" (*Swaving's zonderlinge ontmoetingen en wonderbaarlijke lotsverwisselingen . . .*). Tog het hy bevind "dat dit bastaard Hollandsch, ofschoon opgevuld met een aantal Maleische, Portugeesche en andere bewoordingen van Kaapsch makeleij" vir die nuut aangekomme Nederlander nie half so vreemd klink as die "zoogenaamd Hollandsch Kreoolsch" wat in Berbice, Demarary, Essequibo en Suriname gepraat word

nie. By die lees van Swaving se beskrywing van Kaapse taal moet in gedagte gehou word dat hy as tolk baie dikwels te make gehad het met die spraak van die laagste klasse van die bevolking, beskuldigdes en ook wel getuies in die geregshof.

Swaving se uitlatings oor die Hollandse taal aan die Kaap val saam met die aanvang van 'n tydperk waarin heelwat geskrifte, opsetlik in Afrikaans gestel, in Kaapse koerante en tydskrifte begin verskyn. Verder mededeelings oor die spreektaal van die burgers en ander bevolkingselemente word daardeur van minder belang. Buitendien staan alle opinies oor die van Nederlands afwykende taalvorme aan die Kaap te duidelik onder die invloed van die toe heersende menings oor "verwording", "verwildering", "verbastering" van taal in die volksmond om uit hulle alleen tot betroubare gevolgtrekkings te kom.

*b) Kaaps gekleurde tekste en
voorbeelde van Kaaps-Hollandse taalgebruik.*

Uit 17de-eeuse en later geskrifte oor die Kaap in allerlei tale, en ook uit suiwer Nederlandse geskrifte wat aan die Kaap ontstaan het, is waardevolle gegewens te haal vir 'n beskrywing van die geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat. Hier word net 'n kort oorsig gegee van die vernaaamste bronne wat ook betekenisvol is of kan wees vir 'n beskrywing van die geskiedenis van die grammatikale struktuur van Afrikaans.

Geskrifte van Hollandse burgers uit die eerste sestig jaar van die bestaan van die Kaapse volksplanting waaruit iets van betekenis omtrent die ontwikkeling van hul spreektaal te leer is, bestaan nie of is nog nie opgespoor nie. Van die gebroke Hollands van die Hottentotte kan daarenteen enigsins 'n beeld gekry word uit die tien kort staaltjies meegedeel deur P. Kolb (1705-1713 aan die Kaap), aangevul deur 'n paar sinne uit vroeër tyd (1671, 1673). Enkele voorbeelde daarvan is die volgende: "Duijtsman een woordt Calm, ons u kelum" (d.w.s. "As julle Hollanders een woord praat, sny ons julle die keel af" - 1671), "Dat is doet: Wat makom? Duijtsman altyd kallom: Icke Hottentots drot makom: Masky doot, Icke strack nae onse groote Kapiteyn toe, die man my soon witte Boeba geme" (d.w.s. "Goed dan! Wat maak julle? Hollanders sê altyd: Ek sal Hottentots doodmaak. As ek dood is, gaan ek reguit na ons Groot Kaptein; hy sal my mooi wit osse gee" - W. ten Rhyne, aan die Kaap 1673), "Ons denkum ons altyd Baas, maar ons ja zienom, Duitsman meer Baas" (Kolb, aan die Kaap 1705-1713), "Dat is Hottentots manier, die oud volk altyd zoo makum en daarom ons ook zoo makum" (*ibid.*), "Die Gift al gedaan dood"

(*ibid.*). Dié Hottentots-Hollands staan wat sy gebroke sinsbou en vreemde vorm van die werkwoord betref, buite alle verband met die ontwikkeling van Afrikaans, maar dit het *ons* as onderwerp en *die* as bepaalde lidwoord ook voor oorspronklike *het*-substantiewe in ooreenstemming met die hedendaagse Afrikaans.

Franken het in argiefstukke van 1706 en 1707 twee voorbeelde van Hollands gevind wat in die mond van Hottentotte gelê is waarop nader moet ingegaan word in verband met soortgelyke voorbeelde van Hollands wat in 1707 en later in die mond van slawe gelê is, omdat hulle afwyk van alle ander staaltjies van Hottentot- en slawe-Hollands. Voorbeelde van "normale" slawe-Hollands is seldsaam: waar die woorde van slawe in prosesstukke aangehaal word, is dit dikwels in suiwer Nederlands omgesit, afgesien van gemene baster-Portugese skeldwoorde, of betitelings soos *maai* en *nonje*, en die modale woord *maski*, wat daarin voorkom. Staaltjies van "egte" slawe-Hollands is die volgende: "eij ghij Caetjoor, jouw siecken hont ghij die brood tecken" (1671 – gesê aan iemand wat twee brode sou weggeneem het), "Neen, ons niet weer omkomen" (1681), "Ons al gedaen wegloopen, ons denk jou ook soo" (1706), "Jij mijn Cameraat gedaen vast maken . . . ik jouw nouw ook vastmaken" (1720), "Tajolijs sergeant, ik wel krijg" (d.w.s. "Vuilgoedse sersant, ek sal jou wel kry" – 1753). Ewe min as in die geval van die voorbeelde van Hottentot-Hollands hierbo aangehaal kan dit aanvaar word dat hierdie voorbeelde van slawe-Hollands die grondslag vorm waaruit Afrikaans voortgekome het, al vind ons daarin ook die gebruik van *ons* as onderwerp net soos in die stalle van Hottentot-Hollands.

Nou het Franken egter in stukke van 1706 en 1707 voorbeelde van taalgebruik met die verbindings *ons sel*, *ons het* en *ons soek*, *ons denk*, *ons het* gevind wat respektieflik in die mond van Hottentotte en slawe gelê is ("Wagt ons sel jou kost geven", "Ons het jouw tabak niet van doen" en "Ons soek kost hier", "Ons het vuur genoeg" – die voorbeeld *ons denk* in 'n gebroke sin is hierbo al vermeld). Hierop, gesien in verband met Van Rheede se opmerking soos verkeerd deur Blommaert geïnterpreteer, het Franken sy teorie oor die "ontstaan van Afrikaans" gebaseer. Dit is opmerklik dat Franken wel 'n verklaring gesoek het vir die opvallende verskil tussen die twee soorte gerapporteerde "Hottentot-Hollands" maar die byna ewe groot verskil tussen die twee soorte "slawe-Hollands" nie aanraak nie.

Die herkoms van *die* en *ons* in die gebroke Hollands van Hottentotte en slawe en die verhouding tot die burgertaal van die tyd van die sinne met *ons soek*, *ons het* ens. wat in 1706 en later in die mond van slawe en Hottentotte gelê is, kan eers bepaal word ná ondersoek van die hele patroon van

ontwikkeling van Afrikaans uit die 17de-eeuse Hollands. Intussen is dit van belang om daarop te let dat alle mondelinge getuienisse van burgers in die hele wordingsperiode van Afrikaans in alle amptelike stukke steeds in die offisiële Nederlands van die tyd weergegee is. Dit is daarenteen nie konsekwent met die getuienisse van Hottentotte en slawe gedoen nie. Uit die prioriteit van die verskyning van Afrikaanse kenmerke in die taalgebruik van Hottentotte en slawe mag daarom nie sonder meer vérgaande konklusies getrek word nie.

Van Franstaliges is 'n Hollandse briefie van 1671 en 'n paar van rondom 1700 opgespoor. Hulle leer ons nie veel omtrent die Hollands wat die Hugenote toe gepraat het nie. Buitendien bly dit moeilik om te beoordeel in hoever die enkele ooreenstemmings met Afrikaans (bv. 'n uitganglose infinitief) op toeval berus of werklik verband hou met die wording van Afrikaans. Dieselfde geld in hoë mate ook van die manifes en ander stukke uit 1735 tot 1739 van die oproermaker Estienne Barbier, wat in sy gebroke Nederlandse taalgebruik blykbaar ewe roekeloos was as in sy gedrag.

Verreweg die belangrikste groep bronne vir 'n sistematiese beskrywing van die geskiedenis van Afrikaans is die briewe en verklarings van burgers (veral veldwagmeesters) wat L. C. van Oordt in die Kaapse Argief opgespoor en in tien deeltjies onder die titel *Die Kaapse taalargief* gepubliseer het (1947-1956). Dié bronne is in 1959-1962 deur verder argiefondersoek van Van Oordt onder leiding en ten behoewe van die skrywer hiervan ruimskoots aangevul. Ongelukkig het bruikbare materiaal, afgesien van 'n aantal los woorde en vorme, uit die vroeë ontwikkelingsstrap van Afrikaans uiters skaars gebly. Die tydperk 1740-1832 is egter redelik dig gedek. Franken het al voor Van Oordt heelwat belangrike taalmateriaal uit argiefstukke opgeteken, maar hy het dit – o.a. omdat hy nog te veel in die ontstaansteorieë vasgevang gesit het – nie sistematies gepubliseer of in samehangende grammatiese studies verwerk nie.

Naas die argiefmateriaal is nog altyd van aansienlike betekenis drie tekste uit die laaste kwart van die 18de eeu wat al lank aan taalkundiges bekend is. Die eerste is die "Berigt" van H. J. Wikar, 'n Sweed van geboorte en "schrijver" in die Kompanjies hospitaal wat in 1775 deserteer en die binne-land van die Kolonie intrek, om later met Hottentotstamme langs die Grootrivier te gaan rondswerwe. Die verslag van sy ervarings het Wikar in 1779 opgestel; dit is die eerste keer in 1916 uitgegee deur Godée Molsbergen in *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II*, 78-138. Die tweede stuk is die dagboekie (1797) en die kasboek (1790-1795) van Johanna Duminy, gebore Neethling, wat J. L. M. Franken in 1938 as deel 19 in die reeks van die Van Riebeeck-Vereniging gepubliseer het.

Wika en Johanna Duminy, asook die skrywers van alle stukke wat in die Kaapse Argief opgespoor is, het probeer om so goed moontlik Nederlands te skrywe, maar elemente uit hul spreektaal het telkens in hul skriftelike taalgebruik ingedring. Die derde teks is van 'n ander aard. Dit is 'n skimpkrif, "Lied ter eere van de Swellendamse en diverse andere helden bij de bloedige actie aan Muisenburg in dato 7 Aug. 1795", wat 'n Kaapse Oranjeman opsetlik in die taal van die Swellendamse Patriotte geskryf het om hul ook in hul taal te bespot. Die taalgebruik is nie suiwer nie; invloed van die tradisionele Nederlandse skryftaal is oral te bespeur; maar die "Lied" van elf vierreëlige strofes is belangrik as die eerste stuk wat doelbewus in die Kaapse "Hollands" van die burgers gestel is en bevat baie tipies Afrikaanse kenmerke. Dit is die eerste maal afgedruk in die maandblad *Hollandsch Zuid-Afrika* van 15 Augustus 1920 en daarna weer as bylae in Franken se uitgawe van die Duminy-dagboekie.

Dit mag nie aangeneem word dat die ontwikkeling van Afrikaans aan die einde van die 18de eeu afgelope was nie. Later bronne is daarom ook nog belangrik. Onder hulle moet hier nog genoem word die uitvoerige *Dagboek* van die Voortrekker Louis Trigardt uit 1836-1838, wat in 'n sterk Afrikaans gekleurde Nederlands geskrywe is. Van ongeveer 1830 af sal dit ewenwel veral die doelbewus in Afrikaans gestelde stukke wees wat die student van die geskiedenis van Afrikaans sal bestudeer.

4 Die Hollandse herkoms van Afrikaans

Daar bestaan byna geen Kaapse tekste uit die 17de eeu op grond waarvan ons kan vasstel watter soort Nederlands die vroeë burgers gepraat het en uit watter oorspronklike Nederlandse taalvorme Afrikaans ontwikkel het nie. Vergelyk ons egter die hedendaagse Afrikaans met Nederlandse dialekte van vandag en ook van vroeër in sover die ouer toestande bekend is, dan blyk dit duidelik dat Afrikaans in hoofsaak moet stam uit die volkstaal van Holland ten suide van die IJ (met uitsluiting dus van die tipiese Noord-Hollands, maar ook van die sogenaamde Strand-Hollands van die vissersdorpe). Sommige geleerdes het probeer om die Nederlands-dialektiese afstamming van Afrikaans presieser af te baken en het die herkomsgebied probeer vind in Suid-Holland, meer bepaald suidelike Suid-Holland; maar die bewyse wat hulle daarvoor aangevoer het, is nie oortuigend nie. Die noordelike deel van die sentrale Hollandse dialekgebied, en veral Amsterdam, kan nie as belangrike leweransiegebied van Afrikaanse vorme uitgeskakel word nie.

Afrikaans is nie van suiwer "dialektiese" herkoms nie; van die begin af het ook die bo die plaaslike dialekte staande "beskaafde" Nederlands 'n aandeel in die wording van Afrikaans gehad. Die Nederlandse standaardtaal, wat reeds lank voor die volksplanting aan die Kaap in opkoms was, het die taalgebruik van die ontwikkelde stande in die groot Hollandse stede, Amsterdam en Den Haag veral, tot grondslag gehad. Die taal van die geleerde stand in Holland was nie vry van Brabantse en Vlaamse elemente nie, want na 1585 het baie invloedryke Suid-Nederlanders na Holland uitgewyk, en ook die invloed van die tradisionele Vlaams-Brabantse skryftaal het lank in die noorde bly deurwerk. Aangesien die Standaard-Nederlands sy ontstaan en vorming tog in Holland gehad het, kan dit ook vir sover dit sedert 1652 'n aandeel in die wording van Afrikaans gehad het, as Hollands beskou word.

Die bevinding omtrent die dialekties-Nederlandse herkoms van Afrikaans, gegrond op taalvergelyking, stem grotendeels ooreen met wat op grond van ander gegewens waarskynlik gemaak is. Dit is naamlik bereken dat die vroeë burgers van Nederlandse geboorte oorwegend uit die Sentraal-Hollandse dialekgebied afkomstig was. Maar van groter belang as die getalle op sigself is die feit dat die burgers van Hollandse herkoms in hul taalgebruik die steun van die amptelike taalvorm gehad het en dat burgers

- en ook die Kompanjiesamptenare - uit ander dialektstreke hulle sou probeer aanpas by wat as die norm beskou is.

Dit is nie moontlik om met sekerheid vas te stel wat alles uit spesifiek Hollandse *volkstaal* en wat uit Hollandse beskaafde taal in Afrikaans gekom het nie. In die tweede helfte van die 17de, en ook nog tot diep in die 18de eeu, is baie wisselvorme, van oorspronklik Hollandse en ander herkoms, naas mekaar in beskaafde taal, ook in geskifte, gebruik - soos bv. *harsens* naas *hersens*, *paers* naas *paars*, *meulen* naas *molen*, *schottel* naas *schotel*, *waarschouwen* naas *waarschuwen*, *teiken* naas *teken*, *boekenhout* naas *beukenhout*, *tiger* naas *tijger*. Eers later is die eerste vorm van die bostaande woordpare finaal uit die "verdefdigde" Nederlandse taalgebruik teruggedring.

'n Deurlopende vergelyking van Afrikaans met die hedendaagse beskaafde Nederlands laat sien dat Afrikaans in baie gevalle aan die kant van beskaafde taal staan en afwyk van wat in die 17de eeu eg Hollands was en vandag ook nog vir die merendeel eg Hollands is. Waar Afrikaans in sy oorgeërfde vorme van Nederlands verskil en met dialektiese Hollands saamstem, het ons byna oral te doen met vorme wat in die tweede helfte van die 17de eeu nie as onbeskaaf aangevoel is nie. Die opvatting dat al die van dialektiese Hollands afwykende vorme later aan die Kaap uit Nederlandse leestaal of skooltaal of Bybeltaal in Afrikaans ontleen is, kan nie aanvaar word nie: dan sou te veel van die mees alledaagse woorde in die basiese woordeskate van Afrikaans as ontlenings moet beskou word.

Selfs wanneer net op die klankvorm van woorde gelet word, kan nie gesê word dat alles in Afrikaans wat uit Nederland na die Kaap gebring is, uit Hollands kom nie; los woorde met opmerklike klankeienskappe kan ook van dialekte buite die hierbo genoemde dialekgebied afkomstig wees. Die 17de-eeuse en vroeë 18de-eeuse Hollandse volkstaal is onvolledig bekend, en baie van wat toe in Hollands bestaan het, het in die loop van tyd uit Hollands verdwyn, sodat ook die studie van hedendaagse Hollandse dialekte die gemis aan kennis nie vergoed nie. Wat sedert die 17de eeu in Hollands ondergegaan het, kan in ander dialekgebiede bewaar wees, sodat die gevaar bestaan dat vir on-Hollands in Afrikaans aangesien word wat in werklikheid tog Hollands is. Byvoorbeeld: die Afrikaanse vorm *moeg* (Ndl. *moe*) is uit vroeë Hollandse bronne nie bekend nie; vorme met -g kom in dialekte buite Holland vandag veelvuldig voor (bv. Brabants *muug*); al is bewyse vir die bestaan van die vorm *moeg* in Hollands vandag uiters skaars, is die Hollandse herkoms van *moeg* eerder aan te neem as 'n Brabantse, ook al om die van Brabants afwykende stamvokaal.

By die soek na die herkoms van oorgeërfde Afrikaanse taalvorme, of van

vorme wat moontlik oorgeërf kan wees, sal steeds in die eerste plek aandag gegee moet word aan die taalgebruik vroeër en vandag in die Hollandse dialekgebied ten suide van die IJ, maar die studie van ander Nederlandse dialekte (wat dikwels baie vollediger as die Hollandse beskrywe is) is nouliks minder belangrik. In baie gevalle sal onsekerheid omtrent die herkoms van woorde met opvallende klankbeeld bly bestaan. Die Afrikaanse boerewoord *karet* (onderdeel van 'n kar of wa, uit *kret*, soos plaaslik Afr. *kanol* uit *knol*) teenoor Nederlands *krat* is vrywel seker van Noord-Hollandse of Friese herkoms (bv. Zaans en Fries *kret*); maar sou *moelband* as wamakers- of timmermansterm (Ndl. *muilband*) 'n vorm wees afkomstig uit die oostelike gebiede van Nederland waar die ou ongepalataliseerde, ongediftongeerde vokaal nog algemeen bestaan (soos in *hoes* teenoor Ndl. en Afr. *huis*), of kom dit saam met ander woorde met relikvokaal uit Holland soos bv. *kroes* (vgl. *kruisement*) al is dit nog uit geen Hollandse bron opgeteken nie? En 'n derde boerewoord: *burg* (gekastreerde mannetjiesvark, Ndl. *barg*) – ook daarvan is die presiese dialektiese herkomsgebied nog onseker.

Wat van woorde met 'n opmerklieke klankvorm gesê is, geld ook van elke ander taalelement of taalverskynsel in Afrikaans waarvan ons die dialekties-Nederlandse herkoms moontlik ag en probeer opspoor: die kans is altyd die grootste dat dit in oorsprong Hollands is, maar die moontlikheid bestaan dat dit uit 'n ander dialekgebied afkomstig kan wees.

Besondere kenmerke wat Afrikaans op die gebied van die vormleer en sinsbou met Hollands (en/of ander dialekte) gemeen het, sal later ter sprake kom. Hier word net met betrekking tot die klankvorm van woorde groeps-gewys voorbeelde gegee van ooreenstemminge tussen Afrikaans en Hollands met voorbeelde daarnaas van ooreenkomste tussen Afrikaans en Nederlands, d.w.s. waar Afrikaans geen van die dialekties-Hollandse klankvorme van die woord het nie. (Die dialektiese Hollands ten suide van die IJ was in die 17de eeu nie eenvormig nie, ewemin as vandag; op die lokale skakerings kan hier nie ingegaan word nie.) In die reekse woorde met dialekties Hollandse vokalisme is nie onderskei tussen dié wat tot in die 18de eeu (en selfs later) nog gangbaar in beskaafde taal was, en dié wat betreklik vroeg uit beskaafde taalgebruik in Nederlands geweer is nie. Volledigheid is in die oorsig nie beoog nie; by alle verskynsels word net enkele voorbeelde ter illustrasie gegee; klaarblyklik laat kultuurontlenings uit Nederlands is vanselfsprekend weggelaat.

a) Woorde met *eu* naas *o(o)*: Afr. *deur* voorsetsel en bywoord, *geut*, *heuning*, *meul(e)*, *neut*, *seun*, en ook *vulletjie* met uit *eu* verkorte vokaal (Ndl. *veulen*), soos in Hollands, maar *somer*, *voël*, *woon* soos in Nederlands,

en *botter*, *skottel* met uit *o(o)* verkorte vokaal soos in Hollands (Ndl. *boter*, *schotel*).¹

b) Woorde met gerekte \ddot{e} (= \dot{e}) naas *aa* voor *r* + konsonant: Afr. *erd* (*erdepot*, *erdvark*), *kers* ("candle"), *pers* (kleurnaam), *perd*, *stert*, *tert*, *werd* soos in Hollands, maar *aarsel*, *aartappel*, *baard*, *kaart*, *skaars*, *waarde* soos in Nederlands.²

c) Woorde met ongerekte vokaal voor *r* + konsonant: Afgesien van *gars*, *harsings*, *pars*, *vars* wat in Nederlands *e* het, *derm*, *gerf* met *a* in Nederlands, *murg* (Ndl. *merg*), *vurk* (Ndl. *vork*) het Afrikaans in hierdie groep 'n groot aantal woorde (daaronder baie gewone soos *skerp*, *sterk*, *swerm*, *dwers*, *vark*, *warm*, *dorp*, *orrel*) met 'n vokaal wat van dialektiese Hollands afwyk en met die beskaafde Nederlands ooreenstem.

d) Woorde met *u* naas *ou*: Afrikaans staan in woorde met hierdie vokale heeltemal aan die kant van Nederlands, bv. *afskuwelik*, *gruwelik*, *sku*, *waarsku* en daarteenoor *nou*.³

e) Woorde met *ei* naas *e(e)*: Afr. *bleik* werkwoord en selfstandige naamwoord ("bleach; bleaching-ground"), *teiken* ("target"), *vleis* soos in Hollands, maar *bleek* ("pale"), *meen*, *teken* selfstandige naamwoord en werkwoord ("sign") soos in Nederlands.⁴

f) Woorde met nie-gediftongeerde vokale (relikvorme): Afrikaans het 'n aantal woorde met relikvokaal teenoor die Nederlandse vorme met gediftongeerde vokaal, o.a. *mied* ("haystack"), *miet* ("mite"), *stiebeuel* (Ndl. *stijbeugel*), *tier* (Ndl. *tijger*); die vorme is as agterblywers afkomstig uit Hollands, waarin hul ook tot lank na afloop van die diftongeringproses bly voortbestaan het, sommige tot diep in die 19de eeu; vir die res stem Afrikaans feitlik oral met Nederlands én die sentrale Hollands ooreen.⁵

g) Woorde met genasaleerde vokaal: Die voorwaardes vir nasalering van die vokaal en uitstoting van die alveolêre konsonant in Afrikaans (bv. in *dans*, *gons*, *wens* – die verskynsel kom in die spelling nie tot uiting nie) is dieselfde as dié vir die baie verbreide nasalering ook in Hollands. Die verskynsel is uit die beskaafde Nederlands geweer.

h) Woorde met vokalisering of uitstoting van die intervokale *d*: Dit is onmoontlik om in kort bestek 'n bevredigende oorsig te gee van hierdie

1. Die dialekties- of boers-Hollandse vorme *butter* en *schuttel* het laer in die waardering gestaan as *botter* en *schottel* en is nie in Kaapse taal opgeneem nie.

2. Naas *aartappel* is die uitspraak *ertappel* nog baie verbreid in Afrikaans. Dit word in die skriftelike taalgebruik erken maar verloor steeds meer status.

3. Naas *waarsku* het die uitspraak *waarskou* lank in Afrikaans bly voortbestaan, soos trouens ook *waarschouwen* in beskaafde Nederlands. Die vorm met *ou* is tog so vroeg al teruggedring dat dit nooit in die gereglementeerde Afrikaanse taalgebruik erken is nie.

veelsydige verskynsel wat honderde woorde en woordvorme raak; maar dit kan met veiligheid gesê word dat, afgesien van 'n paar analogiese gevalle, alle Afrikaanse vorme met vokalisering of uitstoting uit Hollands stam. Met vokalisering het ons o.a. *laai, slaai, sooi, roei* selfstandige naamwoord (teenoor Ndl. *la, sla, zo, roe* uit *lade, salade* ens. met sinkopee en nie vokalisering nie), meervoude soos *baaie, paaie, gebooie* (Holl. *baje* ens. uit *baden* ens.), attributiewe adjektiewe soos *dooie, goeie, kwaai, rooi* (die laaste twee met later wegval van *-e*; Holl. *doje* ens.), werkwoorde soos *braai, nooi, broei* (Holl. *braje* ens.); en met uitstoting van die *d boom* (bv. van 'n vat, Ndl. *bodem*), *saal* (Ndl. *zadel*). Verreweg die meeste woorde wat die vokalisering of uitstoting in Afrikaans (en in die Hollandse volkstaal) het, het dit ook in die hedendaagse beskaafde Nederlands, hoewel die tendensie tot herstel van die *d* in die versorgde uitspraak onder invloed van die geskrewe vorm in Nederlands sterk deurwerk, veral in die jongste tyd. In sommige gevalle staan Afrikaans nader aan Nederlands as aan die Suid-Hollandse volkstaal, bv. in die behoud van die *d* in die meervoude *brode, drade, hoede* (Holl. *broje, draje, hoeje*).

i) Woorde met *vr* naas *wr*: Afr. *vrank* (Ndl. *wrang*), *vrat, vroetel* (Ndl. *wroeten*, Suid-Ndl. *wroetelen*), *vrywe* soos in Hollands, maar *wreed, wraak* soos in Nederlands. Die uitspraak *vr* is ook in beskaafde taal in Nederland gewoon maar word al hoe meer teruggedring onder invloed van die geskrewe vorm.

j) Heterogene groep woorde: Baie Afrikaanse woorde wat vir die merendeel buite groepsverband staan, het 'n klankvorm wat van Nederlands afwyk en uit dialektiese Hollands stam, o.a. *blom* (Ndl. *bloem*), *drumpel* (Ndl. *drempel*), *hoek* (om vis te vang. Ndl. *haak*), *klap* selfstandige naamwoord (Ndl. *klep*), *koël* (Ndl. *kogel*), *kou* selfstandige naamwoord (Ndl. *kooi*), *krummel* (Ndl. *kruimel*), *mossie* (Ndl. *mus*), *nuut* (Ndl. *nieuw*), *oes* selfstandige naamwoord (Ndl. *oogst*), *rak* (vir pype, gewere ens., Ndl. *rek*), *rot* (Ndl. *rat*), *sekel* (Ndl. *sikkel*), *skobbe* (Ndl. *schubben*), *sluk* (Ndl. *slikken*), *toon* (Ndl. *teen*), *trop* (Ndl. *troep*). Die bostaande vorme is almal uit Hollandse bronne van vroeër en/of vandag opgeteken; daar is ook heel-

4. In "deftige" Afrikaanse families in die Boland is lank geprobeer om *vleis*, en ook *botter* en *sop*, in die gebruik – veral aan tafel – te verdring deur die "beskaafder" *vlees*, *boter* en *soep* – sonder veel sukses. *Boter* is as spelvorm naas *botter* in die Akademie se *Woordelys* erken tot dit in 1953 in die 6de druk weggelaat is.

5. Gediftongeerde vokaal in plaas van *ie* kry ons dikwels, en van vroeg af, in Kaapse tekste in die nou verouderde *yder, ymand, yts* (soms geskryf met *ey*, deur Louis Trigardt byna konsekwent met *ei*). Die vorme met diftong stam uit Holland, waar *ijder* en *ijmand* tot taamlik diep in die 18de eeu ook in "geleerde" Nederlands gebruik is.

wat Afrikaanse woorde in 'n klankvorm wat bekend is uit dialekte grensend aan Hollands ten suide van die IJ, of in ander, dikwels wydverspreide Nederlandse dialekte, maar nie uit sentrale Hollandse bronne opgeteken is nie – miskien bloot deur gebrekkige oorlewering in geskifte of onvoldoende ondersoek of deurdat hulle sedert die 17de eeu uit Hollands verdwyn het. Onder dié woorde is te noem *akker* (Ndl. *aker*),⁶ *ali-*, *arikreukel* (Ndl. *alíkruik*), *bra* bywoord (Nederlands *braaf*), *kekkel* (Ndl. *kakelen*), *laventel* (Ndl. *lavendel*), *perske* (Ndl. *perzik*), *ruspe* (Ndl. *rups*), *sens* (uit ouer *sensene*, soos *als* uit *alsene*, Ndl. *zeis*), *swaweltjie* (Ndl. *zwaluw*), *toneldoos* (Ndl. *toneldoos*). Dit is moontlik, selfs waarskynlik, dat baie van dié woordvorme ook uit die sentrale herkomsgebied van Afrikaans afkomstig is.

Aan die Kaap moes daar in die begin 'n groot verskeidenheid van vorme uit die sosiaal en lokaal geskakeerde Hollands, en ook uit ander Nederlandse streeksprake, in gebruik gewees het. In die loop van tyd was daar 'n proses van uitsortering, van definitiewe voorrang verkry of afsak in die waardering, sodat heelwat vorme spoorloos verdwyn het of vandag net plaaslik of in minder beskaafde kringe bly voortbestaan. Soos daar in Nederland sedert die einde van die 16de eeu 'n proses van opbou van 'n standaarduitspraak – gelei deur grammatici en taalreëlaars – was, so was daar ook aan die Kaap eers 'n natuurlike proses van sosiale taaldifferensiering en veel later, met die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal, 'n bewuste en oorwoë keuse deur taalreëlaars van dié vorme wat as algemeen beskaaf kon geld en erkenning in die skryftaal moes kry. Deur die gesag van taalvorme in boek en tydskrif, in kerk en skool, daal die onerkende vorme al verder in die waardering.

In die kort en onvolledige uiteensetting wat hierbo gegee is, is net woordvorme genoem wat vandag as beskaafde Afrikaans erken word. Soos reeds gesê, het vorme wat vroeg in Nederlands, nog voor die einde van die 17de eeu, as beslis "plat" beskou is, min kans gehad om aan die Kaap staande te bly. Dit is daarom begryplik dat van bepaalde Hollandse vorme wat byvoorbeeld in die 17de-eeuse klugtetaal baie gebruiklik was, geen spoor in Afrikaans, ook nie in dialektiese Afrikaans, oorgebly het nie. Daaronder is te noem vorme met velarisering van die alveolêre nasaal soos *hangt*, *mongt* (Afr. *hand*, *mond*), die *e-* as prefiks in voltooidedeelwoorde soos in *elopen* (Afr. *geloop*), vorme met *ie* vir *e(e)* soos *diel*, *klieren* (Afr. *deel*, *klere*), die *of* vir *af* ook in samestellings soos *ofleggen*, *oftrekken* (Afr. *af lê*, *af trek*), die suffiks *-skip* of *-skop* (Afr. *-skap*) wat oor die hele sentrale

6. Die verkorting van die vokaal in *akker* kan vergelyk word met die verkorting van die vokaal in *botter*.

herkomsgebied verbreed was en grotendeels nog is. Vorme van dialektiese herkoms wat wel aan die Kaap bly leef het maar nie tot die beskaafde taalgebruik kon deurdring of daarin bly bestaan nie, is o.a. *daneboom* (Afr. *denneboom*), *genog* (Afr. *genoeg*), *hunning* (Afr. *heuning*), *juk* werkwoord (Afr. *jeuk*), *leeg* (Afr. *laag*), *leste* (Afr. *laaste*), *ok* (Afr. *ook*), *sel* (Afr. *sal*), *sukke* (Afr. *sulke*), en die vorme met geronde vokaal *seuwe*, *speul*, *teun*, *veul* (Afr. *sewe*, *speel*, *teen*, *veel*).⁷

Daar is heelwat klankverskynsels in Afrikaans wat in hul aanloop in Hollandse volkstaal terug te vind is maar eers aan die Kaap tot volle ontwikkeling gekom het. Hulle word hier nie aangeraak nie en kom vir 'n deel in 'n later afdeling ter sprake. Ook bly morfologiese, sintaktiese en leksikologiese verskynsels wat geheel en al of in aanloop van Hollandse herkoms is, hier buite beskouing; hulle word eweneens vir sover nodig later bespreek waar dit pas.

7. *Deus-* (en verkort to *dus-*) word net erken in *deuskant* (*duskant*), terwyl *deusdae* nie aanvaar is nie al word dit nog dikwels naas die erkende vorm *deesdae* gehoor.

5 Veranderings in die klankvorm van woorde

Gebrek aan die nodige voorstudies, Hollands en Afrikaans, en dikwels ook gebrek aan voldoende betroubare materiaal, maak dit in baie gevalle moeilik, soms selfs onmoontlik om te beslis of bepaalde klankmerke van Afrikaanse woorde uit Hollands stam, of net in aanloop uit Hollands afkomstig is, of in die geheel as 'n Kaapse verskynsel moet beskou word. Dit geld van die *sk* teenoor Ndl. *sch* in woorde soos *skaap*, *schoen*, *skuit*, *riendskap*, van die stemloosheid van die frikatiewe in woorde soos *gaan*, *val*, *sand*, en van allerlei gevalle van verlies of toevoeging of wysiging van klanke in reekse woorde en ook in min of meer geïsoleerde woorde.

Dit staan vas dat die *sk*-uitspraak lank voor 1750 algemeen in Kaapse taal was. Dis opmerklik dat ook burgers van Duitse herkoms van vroeg af in hul aangeleerde Hollands herhaaldelik *sc* (die ou spelling vir *sk*) gebruik, en dat selfs 'n Duitse familienaam soos *Schabort* ná verholldingsing as *Scaboldt* (1727) geskrywe is. Die ou uitspraak [sk] (die verandering in [sɣ] is 'n later ontwikkeling) is in Hollandse en naburige dialekte nog so verbreid dat ons hoogs waarskynlik aan die Kaap met 'n oorgeërfde konsonantverbinding te make het. Aan kreolisering, waaraan Hesseling graag wou glo, is in ieder geval nie te dink nie.

Wat die stemloosheid of stemlooswording van *v* en *g* in Kaapse taal betref, word 'n suiwer oordeel bemoelijk deurdat die oorspronklike spelvorme tot in die Afrikaans van vandag behou is. Vroeë verkeerde spelvorme soos *fan tonderen* (die familienaam, 1712), *fracht* (1715), *aeverens* (vir *affaires*, 1727), *vlessies* (1735) laat vermoed dat die stemlose uitspraak redelik vroeg aan die Kaap veralgemeen is. Die feit dat in woorde soos *tafel*, *rafel*, *wafel* die stemlose frikatief behou is maar dat in vergelykbare woorde soos *haven*, *haver*, *gevel*, *navel* die *v* in Afrikaans oorgegaan het in *w*, dui daarop dat in dié posisie altans daar 'n verskil in uitspraak tussen *f* en *v* bestaan het.

Die uitstoting van *t* voor *s* in *plaas*, *groos* (met betekenisdifferensiering naas *groots*), *kwes* (met betekenisverskil naas *kwets*), *messel*, *sis*, *mus*, *duus*- en *duis*- (soos in *duusman*, *duiskoring*) kom ook in 17de-eeuse Hollands voor. In al die bostaande voorbeelde is die *t* tussen vokaal en *s* uitgestoot. In Hollandse dialekte het die verskynsel verder gestrek as in Afrikaans.

Ons kry daar vorme soos *bis, spis, tros* (Afr. en Ndl. *trots*), *eertijs, ies* wat in Afrikaans totaal onbekend is. Aan die ander kant staan dit vas dat die Afrikaans-Hollands van die 18de en ook nog 'n deel van die 19de eeu vorme met verlies van die *t* geken het wat in Afrikaans nie meer gehoor word nie, altans nie in min of meer beskaafde taalgebruik nie. Onder sulke woorde kan genoem word die familienaam *Coesee* (passim), *cousier vir koetsier* (1792) en die oortreffende trap van *groot* en *oud*, naamlik *grooste* en *ouste* (1797; *ouste* is tot in die 20ste eeu gebruik as beleefde aanspreekvorm teenoor nie-blanke ou mans, min of meer gelykstaande aan die aanspreekvorm *outa*).

Ons kry die uitstoting ook waar die [t] (soms geskryf *d*) tussen *l, r, m, n* en *s* staan, soos in *bulsak, harslag, koors, korswel* (Ndl. *kortswijf*), *hanslam, aanstons, saans* (Ndl. *'s avonds*). Ook in Nederlands bestaan die neiging om die [t] in die verbinding liquida of nasalis plus [ts] nie uit te spreek nie, al is dit in die amptelike spelling oral behou. In ouer bronne en in volksaardige Nederlandse geskrifte kom die uitstoting dikwels voor.

Van gelyksoortige aard as die uitstoting van [t] is die verlies van [k] tussen vokaal en [s] in *aspres* (naas *ekspres*) en in die nie as beskaaf erkende *askuus* (of *eskuus*) en *astrak*. Al drie die vorme is uit hedendaagse Nederlandse dialekte bekend en is in vroeë Nederlands nie oral as onbeskaaf gevoel nie (admiraal De Ruyter gebruik in die 17de eeu die vorm *hastrak*, en Maria van Riebeeck skryf in 1710 in 'n brief aan haar ouers die vorm *eskuus*).¹

Die apokopee van 'n *t* aan die wordeinde na stemlose konsonant soos in *nag, kis, stip* (Ndl. *nacht, kist, stipt*) is 'n vaste reël in Afrikaans. Ons tref voorbeelde van hierdie apokopee aan in vroeë Hollands en nog in hedendaagse Hollandse dialekte, maar nie as vaste reël wat alle woorde getref het nie. Bestudeer ons nou die vroegste Kaapse bronne, tot sê 1730, dan kry ons daarin soveel voorbeelde nie net van die apokopee nie maar ook van die hiperkorrekte toevoeging van 'n *t* by onontwikkelde skrywers (bv. *brieft, komberst, slaaft*), dat ons tot die gevolgtrekking moet kom dat die apokopee rondom 1700 'n vaste kenmerk van Kaapse taal geword het.

Die Afrikaanse fonologiese reël dat die verbinding okklusief of frikatief plus okklusief nie aan die wordeinde voorkom nie, het ook die voortbestaan van die Nederlandse vorme *gesp* en *rasp* en ouer Nederlands *rusp* (met omsetting uit *rups*) in Afrikaans onmoontlik gemaak. Die erkende

1. Johanna Duminy gebruik in haar "Kasboek" (1790-1795) konsekwent die vorm *estraa vir ekstra*.

Afrikaanse vorme vandag is *gespe(r)*, *rasper* as s.nw. en *raspe* of *rasper* as ww., en *ruspe(r)*, terwyl ook *gespel* en *raspel* vroeër in Afrikaans bekend was. *Gespe* en *raspe* is deur die hele 18de eeu die gewoonste vorme in ons Kaapse argiefmateriaal; *gespel* en *raspel* kom in dié tyd ook wel voor (respektiewelik 1720, 1754 en 1767, 1778), terwyl *gesper* net uit 'n stuk van 1770 opgetreken is, en *rasper* glad nie. Die Afrikaanse vorme is uit dialektiese Nederlands afkomstig, met die moontlike uitsondering van *ruspe(r)*, wat tot hiertoe in geen Europees Nederlandse bron aangetref is nie. Die fonologiese reël het ook veroorsaak dat uit die Nederlandse werkwoord *berispen* geen vorm sonder die ou uitgang in Afrikaans kon ontstaan nie – ons ken net *berispe*.²

Die fonetiese en artikulatoriese faktore wat die vokalisering of sinkopee van die intervokaliëse *d* al in die Nederlandse tydperk teweeggebring het, het aan die Kaap verder deurgewerk en ook ander intervokaliëse konsonante beïnvloed. So is die velére frikatief (in Nederlandse spelling voorgestel deur *ch* en *g* of *gg*) in Afrikaanse woorde uitgestoot. Uitsonderings op hierdie reël is 'n paar woorde van die tipe *boggel*, *kaggel* (Ndl. *bochel*, *kachel*) en verder 'n aantal woorde uit 'n hoër taallaag (meestal laat kultuurontlenings uit Nederlands) of waarin besondere faktore (affek, homoniemvrees, ens.) werksaam was. Die sinkopee tree op in talryke woorde binne die stam, bv. *goël* (Ndl. *goochelen*), *lêr* (Ndl. *legger*), *reën*, *spieël*, *wa* (Ndl. *wagen*), en in nog meer woorde voor 'n suffiks, bv. in verboë byvoeglike naamwoorde soos *hoë*, *lae*, *vroeë*, in meervoude soos *vlae* (Ndl. *vlagen* en *vlaggen*), *oë*, *vlieë*, en in werkwoorde soos *kla(e)*, *kry*, *sê* (Ndl. *klagen*, *krijgen*, *zeggen*).

In Kaapse bronne van voor 1800 is woordvorme met sinkopee uiters skaars en bowendien vir 'n deel van twyfelagtige waarde. Die oudste voorbeelde is *eijen* (Ndl. *eigen*) van 1718 en *geewijert* (Ndl. *geweigerd*) van 1750, albei in geskrifte van Duitsers wat nog nie lank aan die Kaap was nie; dan volg *getuije* in 1752, weer *eijen* in 1771 en *getuijen* in 1773 in geskrifte van aan die Kaap gebore burgers. Waardevol is die infinitief *kreij* uit 1776, wat egter geïsoleer staan tot die einde van die eeu, waarna die vorme *dra*, *kry* en ook *gekry* in argiefstukke van 1800 tot 1812 optree. In

2. Die vorm *oprisp* (Ndl. *oprispen*) wat in sommige Afrikaanse woordeboeke staan, is 'n onnatuurlike maaksel – die Afrikaans vir Engels "to belch" is ('n wind) *opbreek*. *Basilisk* is 'n geleerde vorm, waarnaas in Afrikaanse volkstaal *basilis* bestaan. In Afrikaans-Engelse skooltaal van vroeër was die uitspraak *des* vir Engels *desk* baie gewoon – 'n bewys van die krag waarmee die fonologiese reël in die volkspraak deurgewerk het.

die vroegste Afrikaanse geskrifte van 1830 tot 1850 vind ons *kla*, *kry*, *vra* en ook *gekry*, *gevera*. Dit is opvallend dat buite werkwoordsvorme sinkopee in alle geskrifte uiters skaars bly tot die middel van die 19de eeu. Al voorbeelde (behalwe die bogenoemde uit die 18de eeu) is *waa* (Ndl. *wagen*) by Trigardt in die weergawe van ou Albach se taalgebruik (1838) en *weyer* en *teenswoordig* in 'n Afrikaanse stuk van 1846. Wanneer ons egter vind dat in die Afrikaanse geskrifte van Samuel Zwaartman van 1870-1 allerlei soorte vorme met uitstoting van die frikatief soos in Afrikaans vandag volop voorkom, is dit duidelik dat die vroeë bronne op verre na nie die werklike toestand in die gesproke taal weerspieël nie. Beskou ons alle getuienisse saam, lyk die gevolgtrekking geregverdig dat die proses van uitstoting al teen 1800 ver gevorder was. Die werkwoorde *kry*, *dra* tree van die begin oral in ons bronne sonder *-e* op, terwyl hulle ongetwyfeld uit *kryge*, *drage* ontstaan het (vandag nog word vorme soos *drae*, *klae* gehoor). Die verlies van die *-e* is jonger as die sinkopee van die konsonant, sodat die uitstoting moes plaasgevind het 'n hele tyd voor die vorm sonder *-e* in die bronne voorkom. In die oudste voorbeelde van woorde met sinkopee het die frikatief altyd na die diftong *ei* of *ui* gestaan; moontlik is die konsonant die vroegste in dié posisie uitgestoot.

Ook die intervokaliëse labiodentale en bilabiale konsonante, in Nederlandse spelling voorgestel deur *v* en *b* of *bb*, was aan die Kaap aan veranderings onderhewig. As algemene reël geld dat 'n oorspronklike [v] tussen 'n beklemde vokaal of diftong (of beklemde vokaal plus liquida) en 'n daarop volgende neutrale vokaal in 'n [v] oorgegaan het, dus *gewel*, *lieuwe*, *skrywe*, *hakwe*, *sterwe* (Ndl. *gevel* ens.), en talle ander.

In verskeie alledaagse woorde is die sekondêre [v] gesinkopeer, bv. *aand* (uit *awend* uit Ndl. *avond*), *oor* (Ndl. *over*), *bo* (Ndl. *boven*), *gee*, *bly*, *glo* (Ndl. *geven*, *blijven*, *geloven*). Eweas die [v] het ook die [b] in baie woorde aan die Kaap in [v] oorgegaan, bv. *duwvel*, *tawwerd*, *troewel*; daarnaas is egter die oorspronklike vorme *dubbel* ens. minstens ewe gewoon. Ook die [v] uit [b] is in enkele woorde gesinkopeer, bv. in *kaalgaar* (Ndl. *kabelgaren*) en *hê* (Ndl. *hebben*).

Voorbeelde van die oorgang van [v] in [v] is in Kaapse tekste van omstreeks 1750 af so volop dat daar min twyfel kan bestaan dat die proses teen dié tyd voltrek was. Al van die einde van die 17de eeu begin vorme met *w* in Kaapse stukke verskyn; daar is ongetwyfeld apokriewe vorme by, want meermale word ook *w* geskrywe waar Afrikaans vandag geen [v] het nie, bv. *Nowember*, *slawinne*, en baie van die vroegste voorbeelde staan in Duits getinte tekste; tog is daar genoeg klaarblyklik betroubare getuienis

om die gevolgtrekking te wettig dat die oorgang al teen die einde van die 17de eeu aan die gang was en dat die proses daarna vinnig in krag toegenem het.

Bewyskrachtige voorbeelde van die uitstoting van die [v] kry ons nie voor die begin van die 19de eeu nie:³ die vroegste is die infinitief *gee* uit 1812 en die voorsetsel *bo* in die samestelling *bobaatje* uit 1823. 'n Belangrike aanwysing ewenwel van wat in die eerste desennie van die 19de eeu aan die gang was, is die hiperkorrekte vorme *overlams* vir *oorlams* in 1812 en *skry*, vir *skrywe* in 'n Afrikaanse brief van 'n Hollander in 1831. Ander vorme wat in Afrikaanse geskrifte van 1830-50 voorkom, is net *bly*, *glo* en *oor*. In werklikheid moes die toestand in die spreektaal toe al veel nader aan die hedendaagse Afrikaans gestaan het as wat die skriftelike taalgebruik laat sien.

Bewyse van die vervanging van [b] deur [v] kry ons van 1730 af spesiaal in persoonsname: *Laviskanje* (vandag nog *Lawwerskating* vir *Labuschagne*) 1730, *Malerve* (vir *Malherbe*) 1731, *Cowis* (vir *Cobus*) 1741.⁴ Tot 1760 bly die gevalle skaars; daarna kom hulle in 'n ononderbroke reeks in ons bronne voor. Die uitstoting van die [v] uit [b] in *kaalgaar* en *hê* het moontlik eers in die 19de eeu plaasgevind: in argiefstukke kom *kawelgare* in 1766 en 1775 voor, en *heuwe* was volgens Teenstra die vorm wat nog in 1825 vir Ndl. *hebben* gebruik is, hoewel 'n vorm met sinkopee kort daarop in Afrikaanse stukke optree (1830-48).

Afrikaans het 'n aantal woorde met sekondêre of onoorspronklike *-ing* wat deels deur dissimilasie, deels deur suffikssubstitusie kan verklaar word, o.a. *doring*, *garing*, *kussing* (Ndl. *doren* ens.); *blindring* (ouer Ndl. *blinde*), *affëring* (Ndl. *affaire*); *fraïring*, *kastaiing* (Ndl. *franje* ens.). Hierdie verskynsel is nie iets heeltemal nuuts nie. Afrikaans het trouens 'n klein aantal woorde wat mét sekondêre *-ing* uit die algemene Nederlands oorgeërf is, o.a. *heuning* (Ndl. *honing* naas *honig*), *ketting* (Ndl. ook *keten*), *velling* (Ndl. ook *velg*); en in Nederlandse dialekte kom heelwat vorme met *-ing* voor wat Afrikaans nie ken nie, o.a. *peuling* (Ndl. *peluw*, Afr. *peul*), *zwaling* (Ndl. *zwaluw*, Afr. *swawel*, *swael*). Wanneer ons nou in hedendaagse Hollandse en aangrensende dialekte ook die vorme *garing*, *horing*, *kussing*,

3. Die vorm *stuier* (geskryf "stuijr") in 'n geskrif van 1772 deur W. W. Venter, kleinseun van die stamvader, is van twyfelagtige waarde al het ek die vorm met sinkopee vroeër meermale deur ou mense hoor gebruik.

4. In *Overholster* vir *Oberholster*, wat ons al in 1705 in Adam Tas se dagboek vind en meermale daarna, het ons vermoedelik te make met vervanging van Duits *ober* deur Nederlands *over* en nie met 'n blote klankoorgang nie.

lantaring e.a. vind soos in Afrikaans, dan ontstaan die vraag hoe oud hulle is en of hulle in Afrikaans as oorgeërf mag beskou word.

In Kaapse bronne kom *garing* al voor in 1707, *kussing* in 1734, *karring* (Ndl. *karn*) in 1743, *koring* in 1769. Dit laat die vermoede ontstaan dat dié vorme in dialektiese Nederlands ook oud is; hierin word ons gesterk deur die bevinding dat *peuling*, wat nie Afrikaans is nie, in Kaapse tekste al in 1714 optree maar tot hiertoe uit geen ou Europees Nederlandse bron opgeteken is nie. 'n Stelselmatige ondersoek van ou Nederlandse bronne sal vermoedelik heelwat meer vorme met sekondêre *-ing* aan die lig bring as wat nou bekend is.⁵ In Kaapse tekste is, afgesien van die bogenoemde, verskeie aangetref wat net in onversorgde Afrikaans bestaan, soos *toe-behoring* (1752), *Stellingbosch* (1779), *bending* (1802), *affëring* (1803).

Woorde van die tipe *fraiing*, *kastaiing*, waar die *-ing* in die plek gekom het van *-nje*, vind ons in die jonger vorm eers laat in die 19de eeu. Dit is vreemd, want die *-nje* [ɲə] is vir Hollands en Afrikaans 'n fonologies abnormale woordeinde. Maar ook op Nederlandse taalgebied is so te sê geen vorme van dié woorde bekend wat met die Afrikaanse ooreenstem nie. In suidelik Suid-Hollandse dialekte is daar wel die vorme *loejəng* uit *loenje* en *fraəjə*, *kərstaəj* uit *franje*, *kastanje* wat 'n eenderse ontwikkeling toon as *goiing* uit *gonje* en *baie* uit *banje* (uit Mal. *banjak*), maar verder as dit kom ons nie. Wat die presiese verloop van die ontwikkeling van *kastanje* ens. tot *kastaiing* ens. aan die Kaap was, lê nog in die duister. Die Maleise *banjak* tree in die tweede helfte van die 18de en ook nog in die 19de eeu in die vorm *banje* op; in die begin van die 19de eeu verskyn die daaruit ontstane vorm *baie* (in 'n Engelse reisverhaal geskryf *bye*), wat vergelyk kan word met *nôi* (ouer *nôie*) uit Maleis *njonja*; dit lyk of die uitspraak *baiing*, wat nie as algemeen beskaaf erken word nie, via die oorgelewerde vorme *banjang*, *bajang* in gebruik gekom het en die ontstaan daarvan dus nie op een lyn met die ontwikkeling van *fraiing* uit *franje* kan gestel word nie.

Aan Nederlands [ɪ] in geslote lettergreep beantwoord in Afrikaans steeds [ə]. Die twee klanke word in die onderskeie tale deur dieselfde letter *i* voorgestel, dus Ndl. en Afr. *mîn*, *dik* ens. In 18de- en 19de-eeuse Kaapse tekste is talryke woorde met *e* geskryf waar Nederlands *i* sou verlang. Dit is nie net 'n spellingkwessie nie, want ook vandag kry ons in Afrikaans, afwykend van Nederlands, verskeie woorde met [ɛ] in beskaafde taalgebruik

5. Edith H. Raidt het onlangs die vorm *garing* in 'n Suid-Hollandse bron van 1773 aangetref, wat die vermoede versterk dat alle algemeen gebruiklike Afrikaanse vorme met die sekondêre *-ing* oorgeërf is.

en baie meer as dialektiese vorme oor die hele land versprei. Soms het ons te make met ou wisselvorme wat uit 17de-eeuse Nederlands oorgeërf is, bv. *lek* (Ndl. *likken*, Eng. "to lick"); maar meestal het die oorgang van [l] of [ə] in [ɛ] aan die Kaap plaasgevind, soos in *optel* (Ndl. *optillen*, Eng. "to pick up"), en in vorme wat as onbeskaaf geld, soos *geseg* vir *gesig*.⁶

Die omgekeerde verskynsel, die optrede van 'n [ə] waar Standaard-Nederlands 'n [ɛ] het, tref ons ook in Afrikaans aan, maar dit is veel minder gewoon, veral in die ou tekste. Hier ook weer het ons in 'n paar gevalle te doen met 'n ou oorgeërfde wisselvorm, soos in die geval van *pik* (Ndl. *pek*, Eng. "pitch"), *grip* (Ndl. *grep*, gewoner *greppel*) en hoogs waarskynlik ook *altemit(s)*; in *aspris* (byvorm van *aspres*) en in dialekties Afrikaanse vorme, soos *verlip* (Ndl. *verlept*) of *stiggie* (vir *steggie*, Ndl. *stekje*), is die oorgang vermoedelik 'n Kaapse verskynsel. *Wilsand* (ook uitgespreek *willesand*) naas *welsand* het moontlik ontstaan deur bygedagte aan die byvoeglike naamwoord *wild*, terwyl *sit* (Ndl. *zitten*) voor 1750 in gebruik gekom het deur saamval van die werkwoorde *zitten* en *zetten* soos vroëer *liggen* en *leggen* in Hollands saamgeval het in *leggen* (Afr. *lê*), met dié verskil dat aan die Kaap die transitiewe vorm dit gewen het en nie die intransitiewe werkwoord nie.

By die [ə]/[ɛ] -wisseling kom die meeste afwykings van Nederlands voor waar die vokaal voor 'n nasaal staan. In egte volkswoorde het Afrikaans deurgaans [ə] voor velêre nasaal, dus *bring*, *dink*, *hings* ens. teenoor Ndl. *brengen*, *denken*, *hengst* ens. Hier het ons 'n verskynsel wat direk uit die Hollandse volkstaal stam; maar aan die Kaap het die oorgang van /ɛ/ in /ə/ blykbaar meer woorde as in die stamland getref. In tekste van die tweede helfte van die 18de eeu vind ons vorme soos *Ingelbreg(t)*, *Ingeland*, later ook *Volschink* en selfs *geminkt* vir *gemengd*, *lingte* vir *lengte*, en *geskink* vir *geskenk* as selfstandige naamwoord. Voor velêre nasaal is /ɛ/ nou in hoofsaak beperk tot eiename en kultuurwoorde soos *Engelbrecht*, *Volschenk*, *eng(te)*, *geskenk* (minder "deftig" is *present*), *ondenkbaar* en *streng* (Eng. "strict").

In die gereglementeerde of opgeboude Afrikaans van vandag is heelwat spreektaalvorme met [ə] voor [ŋ] of [ŋk] wat lank baie gewoon was, soos *Ingeland*, *ingeltjie* (veral in kindertaal), in die gebruik teruggedring. Die

6. Daar moet wel op gewys word dat die vorme *fres*, *hette*, *rebben*, *berespen* by Bredero en Vondel aangetref is, by Huygens en Cornelis de Bruyn *blek*, by Van Riebeeck *schel* en *hette*, en by Van Santen *wel* (vorm van die werkwoord *willen*). Daar is nog geen deurtastende studie van die verskynsel in die taalgebruik van 17de- en 18de-eeuse Nederlandse skrywers gemaak nie.

huidige toestand in beskaafde Afrikaans is nie sonder die wegwerk van baie wisselvorme bereik nie. Veral in tekste uit die oostelike grensgebiede van die volksplanting het van Nederlands afwykende vorme met *e* in plaas van *i* voor velêre nasaal van die middel van die 18de tot in die 19de eeu veelvuldig voorgekom, onder andere *venger* vir *vinger* (1748, 1807), *denge* vir *dinge* (1770, 1802 en later), *Dengsdag* vir *Din(g)sdag* (1787). Dergelike vorme leef tot vandag toe voort in minder ontwikkelde taalkringe.

Voor alveolêre en bilabiale nasaal stem die vokaal in beskaafde Afrikaans oor die algemeen met Standaard-Nederlands ooreen; die enigste afwykings is *skinder* (vgl. Ndl. *schenden*) en die wisselvorme *ken* naas *kin* (Ndl. *kin*), *wen* naas *win* (Ndl. *winnen*), *opwen* naas *opwin* of *opwind* (Ndl. *opwinden*); maar in dialektiese Afrikaans is daar talryke afwykings, soos *hender* (Ndl. *hinderen*) en *lindelam* (Ndl. *lendelam*). Eintlik tree [ə] waar Nederlands [ɛ] het, in betreklik min woorde op; in ou Kaapse tekste en in die hedendaagse dialektiese Afrikaans is vorme met [ə] daarenteen so volop dat die indruk gewek word dat sonder die invloed van die beskaafde Nederlands die [ə] op 'n paar uitsonderings na in Afrikaans voor alle nasale veralgemeen kon geword het. Wat in hierdie ingewikkelde situasie alles direkte oorerwing is of die voortsetting van tendensies wat van vroeg af in Nederlandse, en spesiaal Hollandse, dialekte werksaam was, kan by gebrek aan die nodige historiese en dialektgeografiese studies nie gesê word nie.

Baie verskynsels met betrekking tot die klankvorm van Afrikaanse woorde, los of in groepsverband, kon nie aangeraak word nie: radikale verkortings soos in *aans* (Ndl. *aanstands*), *dalk* (Ndl. *dadelijk*), *mos* (Ndl. *immers*); assimilasies soos in die werkwoorde *bêre*, *sôre*, *têre* (Ndl. *bergen* ens.) en *moor*, *skel*, *opwen*, *vervreem* (Ndl. *moorden* ens.); die ontwikkeling van [t] na [n] in *oond*, (*bloed*) *vint*, *reent* en die afkap van [t] na [r] en van [p] na [m] in respektiewelik swak en halfsterk beklemde woorddele, soos in *baster*, *moster* (naas *mosterd*) en in vroeë vorme van persoonsname, soos *Alber*, *Ocker*, *Slabber* en *Oukam* (vir *Aucamp*), *Steenkam* (naas *Stenekam* vir *Steenkamp*); die invoeging van [t] tussen [s] en [ər], soos in *paster* (naas *passer*), *wyster*, *yster* en die eienaam *Danster*; die stemhebbende velêre okklusief in die werkwoord *terge* en die meervoude *berge*, *sorge*; verkorting van die vokaal, soos in *kruppel* naas *kreupel* (Ndl. *kreupel*); wisseling van *eu* en *ui* in woorde soos *duik* naas *deuk* (Ndl. *deuk*), *uitpuil* naas *uitpeul* (Ndl. *uitpuilen*), en *reun* teenoor Ndl. *ruin* of *verkluum* teenoor Ndl. *verkleumen*;⁷

7. *Kruipel* vir *kreupel* en *duintjie* vir *deuntjie* kom in Kaapse stukke al in 1729 en 1748 respektiewelik voor.

uitstoting of wysiging van swak bekleemde vokale soos in *vrek, vrot* (Ndl. *verrekken, verrot*), *almal* (Ndl. *allemaal*), *verby* (Ndl. *voorbij*) ens.; heterogene woorde wat op die een of ander manier in klankvorm van Nederlands verskil, soos *bietjie, drumpel* (Ndl. *drempel*), *hemp* (Ndl. *hemd*), *koeël, nuuskierig* (Ndl. *nieuwsgierig*), *oes* (Ndl. *oogst*), *sens* (Ndl. *zeis*), *stuk* (Ndl. *slukken*), *stysel* (Ndl. *stijfsel*). Sommige is sonder twyfel afkomstig uit Hollandse of ander Nederlandse dialekte, ander het vermoedelik aan die Kaap ontstaan.

6 Wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse voornaamwoordelike stelsel

Die Afrikaanse sisteem van persoonlike en besitlike voornaamwoorde verskil in 'n aantal opsigte van die hedendaagse Nederlandse – soms net in die klankvorm van die woorde, soms ook in die voornaamwoorde self wat in verskillende funksies gebruik word.

By 'n beskouing van die Afrikaanse stelsel val dit ten eerste op dat alle gereduseerde vorme wat so tipies van die Nederlandse sisteem is, in Afrikaans ontbreek. Waar Nederlands dus by die persoonlike voornaamwoorde *me* naas *mij*, *je* naas *jij* en *jou*, *ze* naas *zij*, *'m* naas *hem*, *'r* naas *haar* en by die besitlike voornaamwoorde *m'n* en *z'n* naas *mijn* en *zijn*, *je* naas *jouw* en *'r* of *d'r* naas *haar* het, het Afrikaans net vorme met die vol vokaal – dus *my*, *jy*, *jou*, *hom*, *sy*, *haar* ens.¹ Ook die Afrikaanse vorm *ek* het 'n “voller” vokaal as die Nederlandse *ik* (teenoor *'k*), soos *hom* 'n resonanter vokaal het as Nederlands *hem* (teenoor *'m*). Die duidelike voorkeur vir oorspronklik nadruklike vorme is ook buite die voornaamwoordelike sisteem waarneembaar: Afrikaans ken nie die gereduseerde bywoordelike vorm *er* (uitgespreek *'r*) naas *daar* nie;² die bepaalde lidwoord *die* het dit van die geneutraliseerde vorm *de* gewen; en nog op baie ander gebiede van die Afrikaanse taalsisteem sal die voorliefde vir 'n swaar of verswaarde vorm kan aangewys word.

In die ontwikkeling van 'n Kaaps-Hollandse of Afrikaanse voornaamwoordelike sisteem met uitsluitend swaar vorme moes voornaamwoorde met 'n gereduseerde vokaal waarnaas geen vol vorm meer bestaan het nie, noodwendig in die gedrang kom. Dit het gebeur met die onsydige of onbepaalde voornaamwoord van die derde persoon enkelvoud, Ndl. *het* (uitgespreek *'t*). In sommige uitings maak dit nie veel verskil of die onsydige voornaamwoord dan wel die selfstandige aanwysende voornaamwoord *dit* (of *dat*) gebruik word nie; toe die verswakte *'t* buite die Kaapse sisteem van sterk vorme te staan gekom het, is dit mettertyd heeltemal verdring deur die nadrukliker *dit* waarmee dit soms kon afwissel; vandaar in

1. Die gereduseerde vorm *'m* uit *hem* (of Hollands *hum*) is vir die Afrikaanse spreker onherkenbaar maar bestaan tog in die uitroep *ditsem*, wat liever moet geskrywe word *dit's 'm*!

2. Die verder gereduseerde vorm [r] uit die reeds in Nederlands gereduseerde vorm [ər] kry ons in Afrikaans in die uitroepe *bokrin!* en *bokruit!* uit *bok erin!* en *bok eruit!* om bokke in of uit 'n kraal te jaag.

Afrikaans "Ek het *dit* gesien" en "*Dit* reën" teenoor Nederlands "Ik heb *het* gezien" en "*Het* regent". Uit Kaapse bronne van die 18de en 19de eeu blyk dat *dit* en *dat* lank met mekaar gekonkurreer het; *dat* het in die waardering afgesak en leef vandag net voort (of het tot onlangs voortgeleef) in die Afrikaans van Griekwas en die Rehobothbasters. Die voorkeur wat by die ontwikkeling van 'n nuwe voornaamwoordelike sisteem aan swaar vorme gegee is, is ook te sien in die algehele verdringing van *hum* deur die verswaarde *hunlieden* (of *humlui*), wat via *hullie* in Afrikaans geword het *hulle*. Trouens, ook die meervoudige voorwerpsvorm *ze* (Ndl. "Ik heb *ze* gezien") het in Afrikaans ondergegaan en is deur *hulle* verdring. En so is daar meer.

Afgaande op getuienisse in die beskikbare tekste was vorme met vol vokaal al oorheersend, moontlik selfs alleenheersend in Kaapse taal omstreeks die middel van die 18de eeu. Die neiging tot nadruklik praat en oormatige aanduiding is kenmerkend van volkstaal. Tog kan dit op sigself nie as voldoende verklaring van die toestand in Afrikaans aanvaar word nie: in Hollandse dialekte van die 17de eeu tot vandag toe is voornaamwoordelike vorme met verswakte vokaal volop. Nou is die voorkeur vir die gebruik van voornaamwoorde met vol vokaal ook tiperend van die taalgebruik van Nederlandssprekendes wat in die vroeër Nederlandse Oos-Indië grootgeword het. Moontlik moet die gelyksoortige verskynsels in Indies-Nederlands en in Afrikaans toegeskryf word, altans ten dele, aan die begryplike neiging om teenoor vreemdtaliges oormatig duidelik te praat, en aan die vreemdelinge-Nederlands wat in die Ooste en aan die Kaap dikwels gehoor is.

In die Hollandse volkstaal het die besitlike voornaamwoord *mijn* al vroeg in die sisteem van persoonlike voornaamwoorde ingedring en met *mij* as voorwerpsvorm gekonkurreer. Tot vandag toe is *mijn* in Hollands naas *mij* 'n baie gebruiklike objeksvorm. Aan die Kaap het *mijn* in voorwerpsfunksie lank naas *mij* bly voortbestaan, tot dit vroeg in die 20ste eeu finaal deur die ou historiese juiste vorm verdring is. Die vraag ontstaan of net die omgekeerde met *my* as Afrikaanse besitlike voornaamwoord (Ndl. *mijn*) gebeur het. 'n Bevestigende antwoord sou stuit op die possessief *sy* (Ndl. *zijn*), wat dan moeilik te verklaar sal wees (te verwagte sou wees *hom*, soos dit trouens dialekties, o.a. in die Klein Karoo, voorkom: "*hom* hoed" en selfs "*dis homme*" vir "*dis syne*"³). In Kaapse bronne kom *my* en *sy* (naas

3. Ook in Noord- en Suid-Hollands kom *hum* as possessief voor, maar dis onbekend hoe oud die gebruik is.

myn en *syn*) al van 1700 af veelvuldig voor. In die hedendaagse Hollandse volkstaal is *me* en *ze* as possessiewe gewoon; daarnaas bestaan egter opvallenderwys geen vol vorme *mij* en *zij* nie. In die 17de eeu is wel voorbeelde van *mij*, in minder mate ook *zij* aangetref (in die 17de eeu is ook *ze* moeilik te vind), sodat daar min twyfel kan bestaan dat Afrikaans *my* en *sy* as possessiewe oorgeërf is. Die uiteindelijke herkoms van die vorme sonder slotnasaal (al in Middelnederlands is *mi* en *si* bekend) is nog onseker. Moontlik het hulle hul ontstaan te danke aan fonetiese faktore, net soos Engels *my* en *thy* uit vroeër *mine* and *thine*, en trouens ook die Suid-Brabantse vorme *mij* en *zij* wat net in bepaalde fonetiese omgewings optree.

Dit was lank onseker of die beleefde tweedepersoonsvorm *u* al in die 17de-eeuse Nederlands as onderwerp bekend was. Nou staan dit vas dat dit inderdaad voorgekom het, al is dit byna konsekwent geweë uit die Nederlandse geskrewe taal tot in die tweede kwart van die 19de eeu. Oor die herkoms van hierdie *u* bestaan nog heelwat twyfel; die waarskynlikheid is ewenwel groot dat die oorspronklike voorwerpsvorm *u* ook in subjeksfunksie in gebruik gekom het.

Tot vandag toe word *u* (nie net as onderwerp nie, maar ook as voorwerp en as possessief) dikwels aan gevoel as iets oneie aan Afrikaans, as 'n kultuurontlening uit Nederlands. Dit is daarom verrassend dat *u* in alle funksies, dus ook as onderwerp, van die begin van die 18de eeu af gewoon is in Kaapse geskrifte, ook van betreklik onontwikkelde mense in afgeleë streke. *U* moes dus van vroeg af as beleefde aanspreekvorm aan die Kaap bekend gewees het, al is dit selde of nooit in die alledaagse omgang gebruik.

Die egte Afrikaanse aanspreekvorme op die platteland en elders by die "gewone mense" is nog altyd *jy* (*jou*) en *julle*; dié vorme word in Afrikaans nog baie gebruik in situasies en verhoudings waar in Nederland *u*(*uw*) absolute vereiste sou wees; selfs onder die ouer geslag van geleerdes en verstedelikes kan nog meermale *julle* en ook *jy* (*jou*) gehoor word waar jonger mense sonder twyfel *u* sal gebruik. Kinders en baie nie-blankes, die Afrikaanssprekende in die algemeen wat nog buite die invloed van die gekultiveerde taal staan, gebruik deurgaans die sydelingse aanspreekvorme waar *jy* (*jou*) te familiaar mag klink.

Die gebruik van indirekte aanspreekvorme is in Nederlands van vroeër en in hedendaagse Nederlandse dialekte goed bekend; tog kan dit nie met stelligheid verklaar word dat alle gevalle van sydelingse aanspraak in Afrikaans oorgeërf is nie. Die huiwering om 'n persoon na wie opgesien word, direk aan te spreek, is 'n soort taboewerskynsel wat maklik selfstandig kan

optree. Hoe dit sy, die vermyding van 'n tweedepersoonsvoornaamwoord in die taalgebruik van jongeres teenoor oueres en van Hottentotte en slawe teenoor blankes, en die gevolglike herhaling van aanspreekvorme soos *vader, oom, meneer, baas* in die plek van die voornaamwoord vind ons in Kaapse tekste al van voor die middel van die 18de eeu.

In teenstelling met die enkelvoud, waarin die verskille tussen onderwerpsvorm en voorwerpsvorm van die persoonlike voornaamwoord en die attributiewe besitlike voornaamwoord grotendeels bewaar is, het in die meervoud 'n baie eenvoudige sisteem ontwikkel: in al drie persone dien dieselfde vorm in al drie funksies, nl. *ons, julle, hulle*. Van Afrikaanse standpunt lewer die tweede persoon geen ernstige probleem op nie: ons mag aanneem dat ons hier met 'n oorgeërfde situasie te doen het al is die vorm met [œ], geskryf *u* (Ndl. *jullie*, Afr. *julle*), in Kaapse bronne eers uit 1741 en uit Nederlandse bronne pas uit 1750 oorgelewer. Op die vraag of Hollands *jullie* in oorsprong 'n possessief of voorwerpsvorm is wat die oorspronklike onderwerpsvorm (*jijlui, jelui*) verdring het, soos Kloeke meen, hoef ons nie in te gaan nie. Met die verklaring van die gebruik van die vorme van die eerste en die derde persoon *ons* en *hulle* in onderwerpsfunksie in Afrikaans kom ons voor moeilike probleme te staan.

Die verdringing van die subjeksvorm van 'n persoonlike voornaamwoord deur die korresponderende objeksvorm of besitlike voornaamwoord is 'n baie gewone verskynsel in die geskiedenis van tale en dialekte. Die oorsaak – so word vrywel algemeen aanvaar – is 'n behoefte aan nadruklike uiting. In die hedendaagse Hollandse volkstaal is die gebruik van *hun, hullie* (uit *hunlui*) as onderwerp heel gewoon. In Kaapse tekste is die oudste bewysplaas van *hulle* as onderwerp uit 1772; die daarmee afwisselende *haarlui, heurlui* (wat in onderwerpsfunksie meer verbreid in Seeus as in Hollands is) kom aan die Kaap as subjek, sy dit seldsaam, al in die eerste helfte van die 18de eeu voor. Hoewel *hun, hullie* in onderwerpsfunksie nie uit die 17de-eeuse Hollandse literatuur opgeteken is nie, neem Nederlandse taalkundiges aan dat dit toe moes bestaan het. Die waarskynlikheid is daarom groot dat *hulle*, wat aan die Kaap tot in die 20ste eeu met die oorspronklike subjeksvorm *sulle* (uit *sylui*) moes konkurreer, uit Hollands stam.⁴

Ons is as onderwerp nie uit Hollands bekend nie, wel uit Seeus. Die Nederlandse taalkundige Kloeke meen dat *ons* ook in die 17de-eeuse Hollands bekend moes gewees het, maar daarvoor is nog geen bewys gevind

4. Tot 70-75 jaar gelede het kinders in die Boland oumense gepla met die nasê van die sinnetjie: "En toe sê sullie vir haarlie . . ." waarin die oorspronklike onderwerps- en voorwerpsvorm nog voorkom.

nie. Deur die hele 18de eeu is *ons* konsekwent uit die geskrifte van Kaapse burgers geweer – altyd is *wij* geskryf; maar ons weet uit een woordelike aanhaling met sekerheid dat *ons* voor 1770 gewoon in burgertaal was, en uit die opmerking van Mentzel kan ons aflei dat dit al in die eerste kwart van die 18de eeu in gebruik moes gewees het. *Ons* was al omstreeks 1670 kenmerkend van die gebroke Hollands van Hottentotte, en kort voor die einde van die 17de eeu is dit ook 'n enkele keer in gebroke slawe-Hollands aangetref. In die eerste kwart van die 18de eeu is *ons* volop in staaltjies van taalgebruik wat in die mond van Hottentotte en slawe gelê is – maar toe was dit vrywel seker ook al deel van die Kaapse burger-Hollands.

Daar is baie gegis na die herkoms van *ons* in plaas van *wij* in Afrikaans. Sommige het gedink aan Seeus, maar die waarskynlikheid is klein dat Seeus ooit invloed van betekenis op die ontwikkeling van Hollands aan die Kaap gehad het. Hesseling het dit aan Maleis toegeskryf, maar feitlik alle getuïenisse dui daarop dat Maleis nie voor ongeveer 1720 'n rol van belang aan die Kaap gespeel het nie. Dan sou eerder kan gedink word aan invloed van die gebroke Hollands van die Hottentotte. In Hottentots self word onderwerp en voorwerp by persoonlike voornaamwoorde nie in vorm onderskei nie, ewemin as in Maleis of Frans en Portugees. Maar *ons* sou ook bloot as gevolg van die sterk neiging tot nadruklikheid wat die ontwikkelingspatroon van die Kaapse Hollands kenmerk, naas die oorspronklike onderwerpsvorm in gebruik kon gekom het. *Ons* en *hulle* sou dan op dieselfde manier verklaar wees. Wie bewus is van die oorvloedige voorbeelde van funksieverwisseling onder pronominale vorme in Hollandse volkstaal, kan moeilik glo dat vreemde invloede by soortgelyke verskynsels in die geskiedenis van Hollands aan die Kaap 'n deurslaggewende faktor was.⁵

Die predikatief en selfstandig gebruikte enkelvoudige besittlike voornaamwoorde *myne, joue, syne, hare* kom uit die 17de-eeuse Hollands. In Afrikaans is hier 'n taalelement bewaar wat in die Nederlandse omgangstaal verlore gegaan het. Waar dié vorme in Nederlands vroeër met of sonder 'n bepaalde lidwoord kon gebruik word (eintlik meer 'n sintaktiese kwessie), is die lidwoord in Afrikaans altyd afwesig; vir sover hulle nog in formele styl in Nederlands voorkom, is die lidwoord noodsaaklik. Uit voorbeelde van die gebruik van *myne* ens. in Kaapse bronne is dit af te lei dat die Afrikaanse toestand, d.w.s. die konsekwente gebruik van dié vorme sonder lidwoord, vermoedelik al omstreeks die middel van die 18de eeu bereik is.

Gebrek aan gegewens in ou Kaapse bronne bemoeilik 'n datering en

5. Die verdringing van die meervoudige onderwerpsvorm van die eerste persoonsvoorwoord is bekend in minstens een Nederduitse dialek en is gewoon in Deense volkstaal, soos trouens ook in verskeie Engelse dialekte.

verklaring van die meervoudige vorme *ons s'n, julle s'n, hulle s'n*. Die oudste bewysplaas tot hertoe gevind kom uit Trigardt se dagboek: *hulluij zijn*. Waarskynlik was die uitgangspunt verbindings soos *broer Jan syne, haar seun syn, Scheepers syne, wie syn, juffrouw Scheepers hare* wat in Kaapse stukke van 1747 tot 1838 aangetref is, en iets later dan ook *die kinders (seuns, meisies) syne (syn, s'n)*. Vergelyk: *Wie syne is dit?* met die antwoord *Piet syne, die kinders syne* en dan ook *ons (julle, hulle) syne (syn, s'n)*. Uit vroeë Hollands is verbindings soos *Piet syne* nie skriftelik oorgelewer nie. In die Saksiese dialekte van die noordoostelike dele van Nederland is konstruksies soos *Dat is Jan zienn, Die hoed is vaoder zienn, Wie zienn is dat?, Wie van heur zienn?* (d.w.s. "Wie van hulle syne?") wel bekend, en ook in Fries *hwa sinen* ens. In die hedendaagse Hollands kom verbindings voor soos *Dat is Piet de zijne*, wat met bostaande vergelyk kan word. Hoe die verhoudings tussen die Afrikaanse en die dialekties Nederlandse konstruksie presies lê, kan nog nie uitgemaak word nie; daarvoor is die beskikbare gegewens te skaal. Al die bostaande omskrywings van 'n genitiefverhouding sal ook in samehang met die geskiedenis van 'n ander konstruksie moet gesien word, nl. dié met die pronominale bindwoord *se* (vroeër in Kaaps-Hollands en Afrikaans ook *syn* en *sen, sy*), bv. *Jan (Maria, die kinders, ens.) se klere* (ook weer deels 'n sintaktiese kwessie).

In Nederlands is gebruiklik *Jan zijn (z'n) hoed, Maria haar (d'r, 'r) japon, Die lui hun (d'r, 'r) geld, Wie z'n (of d'r) boek heb je daar?* en dergelike. Vandag kan die besidlike voornaamwoord net staan na naamwoorde wat lewende wesens aandui; vroeër kon *zijn (z'n)* in Nederlands ook na dingname gebruik word. Die differensiërende gebruik in Nederlands van *z'n* en *d'r ('r)* in verband met geslags- en getalsverskille is in Afrikaans opgehef; die vorm *se* (ook in Holl. *se*, bv. *Bart se fiets*) is veralgemeen en die gebruik daarvan uitgebrei tot verbindings waarin die gebruik van *z'n* of *d'r ('r)* in Nederlands nie moontlik is nie. Die gebruik van *syn* na vroulike persoonsname kry ons in Kaapse stukke een keer in 1734 en daarna eers weer geïsoleer in 1773 en 1774. Die verdringing van *haar* het klaarblyklik baie geleidelik plaasgevind: Trigardt gebruik dit nog konsekwent, en dit het voortbestaan tot in die 20ste eeu. Bewyse van die verdringing van die oorspronklike pronominale bindwoorde ná meervoudige naamwoorde tree eers in die laaste kwart van die 18de eeu sporadies op; die meervoudige possessiewe *hulle, haarle* bly lank die gebruiklikste vorm; ewes *haar* is dit eers in die 20ste eeu finaal deur *se* verdring. Van konstruksies soos *vandag se modes, 'n sikspens se suiker* het ons geen bewysplase van voor die tweede helfte van die 19de eeu nie.

Om die uitbreiding in die gebruik van *syn, sy, se* in Afrikaans te verklaar

is aan invloed van die sogenaamde Maleis-Portugees en, in minder mate, ook van Hottentots gedink. Wanneer ons egter bedink dat die oorspronklike manlike pronomens in ver uiteenliggende Nederlandse dialekte ook na vroulike name voorkom (Vlaams *moeder sen boek*, Gronings *Jaantje zien klaid*), dat konstruksies van verwante aard in Maleis-Portugees aan Platduits eie is maar vreemd aan Afrikaans, en dat ons te make het met 'n onderdeel van 'n uitgebreide en ingewikkelde proses van analogiewerking wat hom eers in die 20ste eeu voltrek het, dan lyk 'n verklaring uit invloed van die Portugese *lingua franca* alleen te simplisties. Die gebroke Hollands van slawe en Hottentotte sou 'n meewerkende faktor in die ontwikkeling van die Afrikaanse situasie kon gewees het; maar selfs dit staan nie vas nie. As invloed van vreemde tale in rekening gebring word by die uitbreiding van die *se*-konstruksies, dan mag die moontlike invloed van Engels oor die afgelope honderd jaar en meer nie uitgesluit word nie. Die eenvormige patroon in Engels wat voorkom in *John's hat*, *Mary's shoes*, *the children's books*, *last year's fashions*, *yesterday's meeting*, *to-day's news* beantwoord aan die eenvormigheid in Afrikaans *Jan se hoed*, *Maria se skoene*, *die kinders se boeke*, *verlede jaar se modes*, *gister se vergadering*, *vandag se nuus*. Dat dikwels te ligtelik aan kreolismes in Afrikaans gedink is, blyk daaruit dat *nou se dae* sonder meer gelyk gestel is met Maleis-Portugees *agora sua tempu*, terwyl dit sonder twyfel 'n jong "barbarisme" is en as 'n "verafrikaansing" van Engels *now-a-days* moet beskou word.

7 Ondergang van die nominale tweeklassesisteem in Afrikaans

In die hedendaagse beskaafde Nederlands ten noorde van die Moerdyk is daar twee sintaktiese gebruiksklasse van selfstandige naamwoorde; hulle word in die enkelvoud van mekaar onderskei deur verbinding met verskillende bepaalde lidwoorde, nl. *de* (bv. *de stoel*) en *het*, uitgespreek [ət] of [t], (bv. *het huis*). Die twee klasse is ook kenbaar aan die verbinding met verskillende aanwysende voornaamwoorde (*deze/die* met *de*-woorde en *dit/dat* met *het*-woorde) en betreklike voornaamwoorde (*die* en *dat* terugslaande op *de*- en *het*-woorde respektiewelik); en die adjektiewiese verbuiging is grotendeels van die klas van die bepaalde substantief afhanklik: die byvoeglike naamwoord bly onverbuig wanneer dit 'n *het*-woord bepaal en òf deur geen determinatief nie òf deur *een*, *geen* voorafgegaan word. Verder word in die algemeen die gebruik van anaforiese voornaamwoorde beheers deur die klas van die vervangde selfstandige naamwoorde: *hij* (*die*) vervang *de*-substantiewe, *het* (*dit*, *dat*) vervang *het*-substantiewe; besondere faktore versteur egter dikwels dié reël sodat ons van 'n beskrywing van die taamlik ingewikkelde toestand hier moet afsien.

In Afrikaans is die verdeling van selfstandige naamwoorde in twee gebruiksklasse opgehef: alle substantiewe word verbind met die bepaalde lidwoord *die*, die aanwysende voornaamwoord *dié* (teenstellend *hierdie* en *daardie*), die betreklike voornaamwoord *wat* (afgesien van *wie se*, *aan wie* en *waaraan*), terwyl die verbuiging van attributiewe byvoeglike naamwoorde in die reël van die fonematiese of morfologiese struktuur van die byvoeglike naamwoord self afhanklik is en nie van die bepaalde selfstandige naamwoord nie. Ook wat die gebruik van anaforiese voornaamwoorde betref, is die posisie in Afrikaans heeltemal anders as in Nederlands.

a) Die bepaalde lidwoord

Verwarring in die gebruik van 'n bepaalde lidwoord in vroeë Kaaps gekleurde tekste (hoofsaaklik *de* of *die* i.p.v. *het*) laat sien dat teen 1750 die verdeling van substantiewe in twee klasse in Kaapse burger-Hollands opgehef was. Hoe ver die proses van gelykmaking ten gunste van *de/die* al rondom 1700 gevorder het, kan deur gebrek aan voldoende gegewens nie met sekerheid vasgestel word nie, maar dit was sonder twyfel toe al aan die gang. Van die lidwoord *wat* bly leef het, was die oorspronklike

vorm *die* deurgaans volop in gebruik aan die Kaap naas die verswakte vorm *de*; met verloop van tyd, vrywel seker ook al voor 1750, is *de* verdring deur *die*, in ooreenstemming met die hele ontwikkelingspatroon van Afrikaans: waar wisselvorme bestaan, word die vorm met geneutraliseerde vokaal uitgeskakel ten gunste van die vorm met vol vokaal.

Verskillende verklarings is gegee vir die saamval van die *de/die*- en die *het*-substantiewe in een *die*-klas aan die Kaap. In die kader van sy hele ontstaansteorie het Hesseling die oorsaak in Maleis en die Portugese *lingua franca* gesoek. *Die* is vir hom nie die lidwoord met behoue vol vokaal naas die gereduseerde *de* nie maar die aanwysende voornaamwoord wat as lidwoord in gebruik gekom het by alle selfstandige naamwoorde na die voorbeeld van Maleis en Baster-Portugees waarin respektieflik die aanwysende voornaamwoorde *itoe* en *ackel* by alle substantiewe as lidwoord diens doen. Maar die verdringing van *de* deur *die* en die saamval van die twee substantiefklasse is verskynsels wat apart moet gehou word. In vroeë Kaapse tekste word *die* i.p.v. *de* baie maal naas en teenoor *het* volkome korrek gebruik; vir die verdringing van *de* deur *die* geld dieselfde verklaring as vir die verdringing van *me*, *je*, *ze* ens. deur *my*, *fy* en *jou*, *sy* ens.

Die saamval van die *die/de*- en *het*-klasse het Bosman toegeskryf: (1) aan invloed van vreemdelinge-Nederlands waarin deur gebrekkige kennis die klasse nie uit mekaar gehou is nie (*die* i.p.v. *het* tref ons inderdaad aan o.a. in vroeë stale van slawe- en Hottentot-Hollands), en (2) aan die feit dat in Nederlands baie selfstandige naamwoorde met *de* of *het* kon verbind word en dat deur gebrek aan taaltug aan die Kaap die toestand van "verwarring" sou toeneem. Dat die *die/de*-klas dit sou wen, was volgens Bosman te verwagte omdat dit baie talryker as die *het*-klas is en alle selfstandige naamwoorde in die meervoud met *de* verbind word.

'n Belangrike oorsaak van die ondergang van *het* (uitgespreek [ət]) lê in die patroonmatige ontwikkeling van Afrikaans: dit het in 'n sisteem van sterk vorme geïsoleer geraak en in die gedrang gekom sonder dat daar 'n ongereduseerde wisselvorm was om sy plek in te neem (die oorspronklike vol vorm *dat* was al voor 1650 op sterwe ná dood); onder dié omstandighede kon dit des te makliker deur sy medelidwoord *die* verdring word, ook omdat daardeur vir die betekenisgewing geen noodsaaklike onderskeiding opgehef is nie - en die opheffing van nie-essensiële onderskeidings is juis ook 'n opvallende kenmerk van die geskiedenis van die Hollandse taal aan die Kaap.

b) Die attributiewe aanwysende voornaamwoorde

Voorbeelde van substantiewe van die *het*-klas wat met attributiewe aanwysende voornaamwoorde verbind is, is in vroeë Kaapse tekste, afgesien van Wikar se "Berigt", so seldsaam dat dit nie met sekerheid kan vasgestel word wanneer die gebruik van *dit* en *dat* uitgeskakel is nie; tog is daar genoeg getuienis om te laat sien dat dit wel voor die middel van die 18de eeu moes gebeur het. Die datering van die verdringing van *deze* deur *die* is ook onseker. Johanna Duminy, wat 'n ongedwonge taal skrywe, gebruik byna konsekwent *die*, sodat *deze* teen 1800 nie veel lewenskrag meer kon besit het nie, ás dit toe nog in vry gebruik in die Kaapse Hollands bestaan het. As ons bedink dat *deze*, behalwe as spesifiek teenstellende voornaamwoord, in die Nederlandse omgangstaal selde gebruik word, dan is 'n besondere verklaring nodig vir die verskynsel dat Wikar (en ook ander 18de-eeuse Kaapse skrywers) byna uitsluitend *deze* skryf, selde *die* - wat die vorm is wat in Afrikaans bly voortleef het. Hierdie opvallende voorkeur vir *deze* sou die gevolg kan wees van 'n bewuste poging om "Nederlands" te skrywe: 'n vorm wat uit die geskrewe Nederlands bekend is maar in die spreektaal van die skrywers nie sterk staan nie, word verkies bo 'n vorm, naamlik *die*, wat hulle wel elke dag gebruik.

Die teenstellende aanwysende voornaamwoorde *hierdie* en *daardie* is uit geen Kaapse bron van voor 1850 opgeteken nie, wat egter nie beteken dat dié vorme eers in die 19de eeu in Afrikaans ontstaan het nie. Die aanwysende voornaamwoord *dié* het hom net deur sterker aksent van die bepaalde lidwoord *die* onderskei, en met die verdwyning van *deze* is die geleentheid vergroot vir die ontwikkeling en verspreiding van nuwe teenstellende aanwysende voornaamwoorde. Die neiging tot nadruklikheid en oormatige aanwysing, wat 'n kenmerk van die vroeë Kaapse taalgebruik was, kon die ontstaan van vorme soos *hierdie* en *daardie* in die hand werk. Dit is moontlik dat die aanloop tot die Afrikaanse formasies in die 17de-eeuse Hollands moet gesoek word. In die huidige Hollandse volkstaal is konstruksies bekend wat na aan die Afrikaanse staan (bv. "*Hier die frome is-ter dak en muur van de kerk*"), en vergelykbare konstruksies kom ook al in die 17de eeu voor (bv. "*Hier de kopster, Neel slimmongs*" - uit Bredero). Daar is trouens ook gewys op konstruksies uit 18de-eeuse Duits wat byna identiek met die Afrikaanse is ("*Dort der Hohenderstrauch verbirgt mich ihm*" - uit Schiller). Onafhanklike ontstaan van *hierdie* en *daardie* deur verskuiwing in die sintaktiese geleding van sinne soos "Sien jy daar die man met die groen hoed?" is egter ook goed denkbaar. Van vreemde oorsprong, of selfs tipies Afrikaans, is die konstruksies in elk geval nie,

want *hierdie* en *daardie* is as (oormatig) aanduidende vorme ook in 'n Brabantse dialek aangewys.

c) *Die betreklike voornaamwoord*

Van lank voor die middel van die 18de eeu heers toenemende onsekerheid in Kaapse stukke met betrekking tot die gebruik van die betreklike voornaamwoorde *die*, *dat* en *wat*. Afgaande op alle gegewens in die bronne waaroor ons beskik, kan met min twyfel gesê word dat reeds kort na 1750 *wat* die enigste van die drie vorme was wat werklik geleef het in die Hollands van aan die Kaap gebore burgers.

'n Verklaring moet gevind word vir die verskynsel dat *wat* in Afrikaans veralgemeen is. Hesseling het daarop gewys dat Maleis net een betreklike voornaamwoord, naamlik *jang*, ken en ag sterk indirekte invloed op die Kaapse taalgebruik waarskynlik. Dit verklaar nog nie waarom juis *wat* veralgemeen is nie. Kruisinga en Bosman haal die gebruik van *that* in Engels (sterk mededingend met *which* en *who*) en van *what* met betrekking ook op persone in dialektiese Engels aan om die spontane veld wen van *wat* in Afrikaans begryplik te maak.

Dit sou verkeerd wees om in Afrikaans alles as nuut te beskou wat nie met die tradisionele Nederlandse skryftaal en die opgeboude beskaafde spreektaal van vandag ooreenstem nie. In die 17de- en 18de-eeuse volkstaal is *dat* as betreklike voornaamwoord veelvuldig gebruik by *de*-substantiewe waar die gekultiveerde Nederlands *die* vereis. Verdenius, wat die eerste hierop gewys het, sê ook dat *wat* naas die nie-kongruerende *dat* in die konstruksie wat hy spesiaal ondersoek het, vandag gewoon is in Amsterdam en ook elders. Hy bring dit in verband met die heel gewone gebruik van *wat* by *het*-woorde in die hedendaagse Nederlands, wat hy as 'n jong verskynsel beskou. Die ouderdom van hierdie *wat*-gebruik is egter nooit sistematies ondersoek nie; daar is aanwysings dat dit in ieder geval heelwat ouer is as wat Verdenius vermoed het, en moontlik al tot die 17de eeu teruggaan. Die herkoms van die "onveranderlike" betreklike voornaamwoord *wat* in Afrikaans sal onseker bly tot die toestande in Hollandse volkstaal van die 17de en 18de eeu vollediger ondersoek is as wat tot hiertoe gebeur het. As ons nou in 'n Kaapse briefie van 1709 'n verbinding kry soos "de wyn *dat*" en in 'n briefie van 1710 die verbinding "'t geldt *wat*", weet ons nie of ons hier met spesifiek Kaapse verskynsels of algemeen verbreide verskynsels in Hollandse volkstaal van dié tyd te make het nie. Dit verdien ook opmerking dat die voorkeur vir *w*-vorme bo *d*-vorme in Afrikaans verder strek as die gebruik van *wat* vir *dat*.

Waar ons in Nederlands nog het “Die het weet, mag het zeggen” en “die z’n”, “die d’r” naas “Wie het weet . . .” en “wie z’n” “wie d’r”, bestaan in Afrikaans net “Wie dit weet . . .” en “wie se”. Dit kom in Afrikaans ook buite die kategorie van die voornaamwoorde voor dat *wat* sterk konkurreer met *dat*: in sinne soos “Dit was toe *dat* hy so moes jaag” of “Dis van bangheid *dat* hy so bewe” is *wat* in die alledaagse omgangstaal al gewoner as *dat*; en Verhage het daarop gewys dat in die verbinding *as wat* na ’n komparatief (bv. “Die huis is groter *as wat* dit lyk”) *wat* in die plek gekom het van ’n ouer *dat*.

d) *Die byvoeglike verbuiging*

In breë trekke was die Hollandse sisteem van byvoeglike verbuiging in die tweede helfte van die 17de eeu soos ons dit vandag in Nederlands ken, d.w.s. dat afgesien van meerlettergrepige komparatiewe op *-er* (bv. *handiger*) en adjektiewe op *-en* (bv. *eigen*) wat altyd onverbuig bly, elke attributiewe byvoeglike naamwoord verbuig word behalwe wanneer dit staan voor ’n *het*-substantief en voorafgegaan is of deur geen determinatief nie of deur *een*, *geen* (bv. “*heet* water”, “*een groot* huis” maar “*het grote* huis”). Die vernaamste verskille hiervan in 17de-eeu Hollands is die gebruik van onverboë vorme: (1) nie net by komparatiewe nie maar dikwels ook by ander adjektiewe op *-er* (bv. *donker*), (2) na *een*, *geen* of sonder voorafgaande determinatief voor manlike persoonsname as subjek (bv. “*een ryk* man”) en ook soms voor saakaanduidende manlike selfstandige naamwoorde as objek (bv. “op 16 vadem *wit* santgrond”), (3) soms voor vroulike selfstandige naamwoorde ongeag die aard van die voorafgaande bepaling (bv. “*syn groot* genade”), (4) soms selfs voor meervoudige selfstandige naamwoorde (bv. “*seer dor* gebergkens”); en daarteenoor die sporadiese gebruik, in stryd met die algemene reël, van verboë vorme na *een* by *het*-woorde (bv. “*een jonge* slavinnetien”). Oor die geheel was daar dus meer onverboë vorme in gebruik as in die Nederlands van vandag. Terwyl in Nederland die byvoeglike verbuiging al hoe meer gereguleerder is, het die wisselinge en groter vryheid in die verbuiging aan die Kaap tot aan die einde van die 17de eeu bly voortbestaan. Daaruit het, met die opheffing van die genusverskil tussen substantiewe, geleidelik ’n nuwe Afrikaanse sisteem van byvoeglike verbuiging ontstaan wat die fonematiese en morfologiese struktuur van die byvoeglike naamwoord self tot grondslag het.

Die hedendaagse Afrikaanse buigingstelsel kan as volg saamgevat word: Die fleksiesuffiks *-e* kom voor na alle afleidingsuitgange afgesien van die komparatiefsuffiks *-er* (bv. *heerlike*, *buigbare* maar *groter*, *dikker*), na kon-

sonant-verbindings (bv. *vaste, harde*), na stemhebbende – onder bepaalde voorwaardes gevokaliseerde of gesinkopeerde – okklusief of frikatief (bv. *gladde, goeie, liewe, hoë*); die buigingsuitgang is afwesig in alle monomorfe-matiese byvoeglike naamwoorde na 'n stemlose konsonant (bv. *groot, diep, los*), nasaal of liquida (bv. *dun, geel*), 'n vokaal of diftong (bv. *na, mooi*). In bostaande kort uiteensetting moes enkele spesiale verskynsels onvermeld bly. By die wording van die Afrikaanse sisteem, waarin vandag nog in sommige opsigte 'n mate van beweging sit, het die buigingsreëls nie gelyktydig dieselfde vastheid gekry nie. As gevolg van die betreklike skaarsheid van materiaal tot omstreeks 1750 en van die feit dat die materiaal oor die hele tydperk dikwels moeilik interpreteerbaar is, kan die ontwikkeling van die nuwe sisteem nie stap vir stap noukeurig gerekonstrueer word nie.

In die hedendaagse Afrikaanse sisteem is die reëls vir die gebruik van die verboë vorm by bepaalde groepe byvoeglike naamwoorde dwingend; hulle laat geen uitsonderings of afwykings toe nie – dus steeds *heerlike, buigbare* ens., *vaste, harde* ens., *gladde, breë, goeie, liewe, hoë* ens. 'n Mens kan verwag dat in die wordende Afrikaanse buigingspatroon hierdie groepe byvoeglike naamwoorde die vroegste die eindstadium in die ontwikkeling bereik het. Die verboë vorme van hierdie tipes is inderdaad vas in Kaapse tekste van die einde van die 18de eeu af, en die gebruik in vroeër bronne wek die indruk dat die proses wat op 'n dwingende reël uitgeloop het, al omstreeks 1775 voltrek was; teen 1750 is die wordende patroon by hierdie groepe byvoeglike naamwoorde trouens al herkenbaar.

Die geskiedenis van die attributiewe vorm van byvoeglike naamwoorde wat vandag in die reël geen buigingsuffiks het nie, is moeiliker om te rekonstrueer. Tot diep in die 19de eeu, in Afrikaanse geskifte selfs tot in die 20ste eeu, vind ons verboë vorme van adjektiewe wat toe in die omgangstaal ongetwyfeld onverbuig was. In vroeë bronne moet daarom besondere waarde geheg word aan onverboë vorme wat in stryd met die Nederlandse reëls maar in ooreenstemming met die Afrikaanse sisteem voorkom, al is hulle ook nog betreklik seldsaam. Daar is 'n paar byvoeglike naamwoorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie wat van vroeg in die 18de eeu dikwels sonder *-e* optree in stryd met Nederlands, o.a. *klein* en *groot*. Hulle kan miskien beskou word as die voorlopers binne die foneties gekenmerkte groepe van uitganglose adjektiewe soos ons dié vandag in Afrikaans ken. Voor 1765 kry ons ook, sy dit heelwat seldsamer, die onverboë vorme *groen, jong, lang* en *seer* naas die frekwente *klein*, en *plat, swart, skerp* naas die frekwente *groot*. 'n Merkwaardige vorm is *ou(w)*, wat van 1720 af herhaaldelik sonder *-e* optree. Aangesien *ou* tot vandag toe in

sy klas saam met *kwaai* en *rooi* 'n voorloper onder geapokopeerde vorme is (vgl. *koue*, *dooi* naas seldsaam *kou*, *dooi* en alleen *goeie*), is dit waarskynlik dat byvoeglike naamwoorde wat van oudsher op 'n diftong uitgaan, soos *blou*, *mooi*, *lui*, *fraai*, al vroeg in die Kaapse spreektaal in die reël onverboë gebruik is net soos in Afrikaans vandag. Inderdaad kom *fraai*, *blou*, *lou* sonder *-e* sporadies in bronne van 1720 tot 1772 voor.

Dit is onseker in hoever die uitgangloosheid by bogenoemde byvoeglike naamwoorde 'n voortsetting, reorganisasie en uitbreiding is van uitganglose vorme wat nog in die 17de-eeuse Hollands voorgekom het ook in verbande waar dit vandag in Nederlands nie meer moontlik is nie. Daarenteen lyk dit waarskynlik dat die suffiksloosheid van adjektiewe op *-er* direk aansluit by 'n vroeër Hollandse toestand. In die 17de- en ook nog vroeg 18de-eeuse Hollands het komparatiewe op *-er* in die reël onverbuig gebly. Ook ander adnominale vorme op *-er* is in die 17de eeu dikwels sonder *-e* gebruik, teen die einde wel minder as in die begin; *ander* het hom as uitganglose vorm op *-er* tot diep in die 18de eeu gehandhaaf. Daarby kom dat stofaanduidende woorde van die tipe *kopere(n)*, *silvere(n)*, *ijzere(n)* in die 17de-eeuse Nederlands meermale in die geapokopeerde vorm *koper* ens. gebruik is, ook voor meervoudige substantiewe. Daar was dus 'n aansienlike groep adnominale woorde op *-er* sonder suffiks *-e* wat as uitgangspunt vir *ander* kon dien. Ongelukkig kom bitter min egte byvoeglike naamwoorde op *-er* in die vroeë Kaapse bronne voor, sodat daaruit geen konklusies kan getrek word nie. Stofaanduidende adjektiewe tree van vroeg in die 18de eeu egter so dikwels sonder *-e* in Kaapse bronne op dat daar min twyfel kan bestaan dat die *ander* woorde op *-er* toe meestal ook uitgangloos was. Dié gevolgtrekking word gesteun deur die waarneming dat stofaanduidende woorde soos *houte(n)*, *glaze(n)* in dieselfde tyd nog gereeld met *-e* geskrywe is.

Die reorganisasie van die byvoeglike verbuiging wat gevolg het op die ondergang van die genusverskil, was 'n ingewikkelde en langdurige proses. Die grondtrekke van die wordende sisteem was wel meestal teen 1750 reeds herkenbaar, maar nog lang daarna moes daar heelwat wisseling en beweging in besonderhede bestaan het. Die sistematiese in die ontwikkeling van Afrikaans is hier besonder opvallend en tref nog meer wanneer ons waarneem dat in die behoud en afwerping van die *-e* daar 'n merkwaardige ooreenkoms bestaan tussen die vorme van die Afrikaanse werkwoord met en sonder *-e* (*skiet*, *loop*, *woon*, *las* ens. teenoor *skrywe*, *droë*, *duie*, *vinde* ens.) en die onverboë en verboë byvoeglike naamwoorde (*plat*, *diep*, *skoon*, *los* ens. teenoor *liewe*, *hoë*, *breë*, *blinde* ens.): die fonetiese faktore het klaarblyklik op dieselfde manier gewerk in albei sisteme.

8 Wordingsgeskiedenis van die werkwoordelike vormstelsel in Afrikaans

Afgesien van enkele uitsonderings het die Afrikaanse werkwoord net twee vorme: (a) dié sonder en (b) dié met *ge-*, bv. *hoor, maak, skiet* naas *gehoor, gemaak, geskiet*. Die vorm met *ge-* is dié van die voltooide deelwoord. Die vorm sonder *ge-* word gebruik by al drie persone, in enkelvoud en meervoud, en as infinitief. Die imperfektum is verdring¹ en die vorm van die voltooide deelwoord radikaal vereenvoudig.

Weer afgesien van 'n betreklik klein aantal besondere gevalle kan die Afrikaanse werkwoorde in twee groepe verdeel word: (1) dié waarvan die basiese vorm (d.w.s. die vorm sonder *ge-*) ooreenkom met die presensstam van die Nederlandse werkwoord met inagneming van sekere Nederlandse en Afrikaanse fonologiese reëls en van besondere fonetiese ontwikkelings wat aan die Kaap plaasgevind het of voltrek is, en (2) dié waarvan die basiese vorm teruggaan op 'n Nederlandse vorm bestaande uit presensstam plus *-e* (dus die infinitief of die presens meervoud). In die werkwoorde van die tweede groep kan die *-e* bewaar wees, soos in *beewe, belowe, skrywe*, of na sinkopee van 'n intervokaliëse *g* of *v* verlore gegaan het, soos in *dra, kry, lê* en *bly, gee, glo*. Werkwoorde soos *gly, skei, tree* en *braai, broei, nooi*, waarin 'n intervokaliëse *d* reeds in Nederlands gesinkopeer of gevokaliseer is, lewer enkele besondere probleme op maar moet oor die geheel ook onder groep (2) gereken word. Albei groepe bevat werkwoorde met wisselvorme, die eerste egter veel minder as die tweede; so kry ons *beginne, vinde, spelde* naas *begin, vind, speld* en *skryf, sterf, jaag, sorg* naas *skrywe, sterwe, ja(e), sôre*. Fonetiese faktore lê aan die skeiding tussen die twee groepe ten grondslag; so het werkwoorde waarvan die stam in Nederlands op 'n stemlose konsonant of 'n diftong uitgaan, nooit 'n *-e* nie, bv. *loop, skiet, waai*.

1. Met uitsondering van die hulpwerkwoordsvorme *kon, moes, sou* en *wou*. (Ook waar in Nederlands gesê word "Ik heb het niet kunnen doen", sê ons in Afrikaans "Ek kon dit nie doen nie".) Onder die selfstandige imperfektumvorme het *dag/dog* (naas *het gedink*) en *wis* (naas *het geweet*) die langste bly bestaan, maar *wis* is nou aan die uitsterwe terwyl *dag/dog* net in bepaalde modaliteite gebruik word – dit alles afgesien van *was*, imperfektum teenoor die presens *is*, by die infinitief *wees*.

a) *Opheffing van getals- en persoonsverskil*

Die onderskeidende kenmerk van meervoudigheid by die werkwoord in die Nederlandse omgangstaal is die uitgang *-e* (geskrywe *-en*). Met *jullie* kom ook vorme voor wat nie van dié met *je* verskil nie, bv. “*jullie loopt*”, “*loop jullie*”; “*jullie kan, zal, mag, wil*”. By die reëlmatige imperfekta bestaan in al drie persone eenvormigheid tussen enkelvoud en meervoud, bv. *hoopte(n)*, *hoorde(n)* – die slotnasaal van die geskrewe meervoudsvorme word in die gesproke taal nie gehoor nie. Die werkwoorde *doen, gaan, slaan, staan, zien* staan apart deurdat die meervoudskenmerk *-n* is; hier geld egter ook wat hierbo van vorme met *jullie* gesê is, dus “*je, jullie doet*” ens.

Wat persoon in die Nederlandse omgangstaal betref: in die imperfektum bestaan daar nóg in die enkelvoud nóg in die meervoud persoonsverskil; ook nie in die presens meervoud nie, afgesien van “*jullie loopt (of lope)*” teenoor net “*we, ze lope*” ens. Eintlik vind ons persoonsverskil by reëlmatige werkwoorde dus net in die presens enkelvoud, bv. “*ik loop*” teenoor “*je, hij loopt*” (by inversie is die tweede persoon gelyk aan die eerste: “*loop je*”), maar ook hier nie oral nie. In alle werkwoorde waarvan die suffikslose eerste persoon op 'n [t] uitgaan, is die drie persoonsvorme in die uitspraak uiteraard aan mekaar gelyk, bv. “*ik, je, hij bijt*” en “*ik vind*”, “*je, hij vindt*”. Buitendien verskil die enkelvoudige persoonsvorme van die hulpwerkwoorde *kunnen, zullen, mogen, willen* nie van mekaar nie: “*ik, je, hij kan, zal, mag, wil*” (afgesien van 'n moontlike “*je kunt, zult, moogt, wilt*”, waarnaas in die inversie “*kun je*” ens.). Die opvallendste teenstellings in persoonsvorme het ons by die werkwoorde *hebben* en *zijn*: “*ik heb*”, “*je hebt*”, “*hij heeft*”; “*ik ben*”, *je bent*”, “*hij is*”.

Kaapse bronne wys uit dat meervoudsvorme al voor 1750 oral deur enkelvoudsvorme verdring is. In geskrifte van burgers kry ons al vroeg sinsdele soos “. . . of der brieven van mij is” (C. 1715), “. . . dat mijn schaape souw schurft weesen” (1727), “. . . dat wij des avonds moet toe maken en des morgens weder om moet laten lopen” (1728), “terwyl mijn gedagten alleen op UE gestelt is” (1733), “dan zal wij eijder de helftee krije van het geesaaij” (1735), waarby gevoeg kan word die sinnetjie uit dieselfde jaar deur Mentzel meegedeel: “*Ons heeft geen bibel*”. As dit mag aangeneem word dat sekere voorbeelde van taalgebruik wat in 1706-7, en ook in 1720, in die mond van Hottentotte en slawe gelê is (“*ons denk, soek, het, sal*”, “*ons moet*”, “*die hottentots sal*”), die taal van die burgerbevolking van die tyd reflekteer, dan was die proses al aan die begin van die 18de eeu ver gevorder of miskien reeds voltrek.²

By die beoordeling van die uitskakeling van persoonsverskil moet die werkwoorde waarin die suffiks *-t* van die 2de en 3de persoon enkelvoud in Nederlands na 'n stemlose konsonant staan, buite rekening gelaat word omdat die afwesigheid van die *-t* in Afrikaans in ooreenstemming is met 'n algemene fonologiese reël wat al omstreeks 1700 gegeld het. Afgaande op ander werkwoordsvorme, soos "ik . . . is" (1750, 1757, 1760, 1762, 1765, 1766, 1767, 1768, 1769, 1770, 1772 - "wij . . . is" reeds 1752), "ik *het*"³ (1762, 1765, 1770), "dit *hoor* mijn ook toe" (1752), "die *kom* hem niet toe" (1767), ". . . eer dat uwe *in Lefer*" (1767), "wat *scheel* hem" (1770), "heij *reij* rond" (1776), lyk dit taamlik seker dat ook persoonsonderskeiding in Kaapse taal omstreeks 1750 opgehef is. Derdepersoonsvorme op *-t* na stemhebbende konsonant kom weliswaar tot lank na 1750 nog baie in ons bronne voor, maar hulle kan op 'n aanneemlike manier as skryfvorme verklaar word.

b) Die infinitiefvorme

Die infinitiefvorm in Nederlands bestaan uit die presensstam plus die suffiks *-en* (in die omgangstaal *-e*), afgesien van die werkwoorde *doen*, *gaan*, *slaan*, *staan*, *zien* en *zijn*, waar die suffiks *-n* is. Die Nederlandse infinitiewe kom dus in vorm ooreen met die presens meervoud en verskil van die presens enkelvoud. Op 'n paar uitsonderings na verskil die infinitiete en finiete vorm van die werkwoord in Afrikaans nie van mekaar nie. Die uitsonderings is: (a) die infinitief *hê* teenoor *het* (by die hulpwerkwoord *het* bestaan hierdie verskil nie, dus "Ek *het* gewerk" en ook "Ek sou gewerk *het*"); (b) die infinitief *wees* teenoor *is*.⁴

Die oudste betroubare voorbeelde van uitganglose infinitiewe in Kaapse tekste dateer van omstreeks 1760. Infinitiefvorme soos in Afrikaans bly

2. In die 17de eeu, en ook nog later, is die kongruensiereël (meervoudige werkwoorde by meervoudige onderwerp) nie so streng toegepas as wat dit in die gereguleerde Nederlands van vandag is nie; maar dit mag nie as voldoende grond vir die verdwyning van getelsverskil in Afrikaans beskou word nie: die algemene taaltoestande aan die Kaap in die vroeë tyd het ongetwyfeld 'n belangrike rol gespeel.

3. Dit kan wees dat *het* by voornaamwoorde van die 1ste en die 2de persoon enkelvoud geen nuwigheid in vroeë Kaapse taal is nie. *Ik het*, *jy het* is bekend uit hedendaagse Hollands-Utrechtse dialekte en het moontlik ook al in 17de-eeuse Hollands voorgekom.

4. Vorme op *-e* in verbindings soos "te *ete* gee", "te *hore* kom", "te *wense* oorlaat", "dis te *hope*" lê buite die lewende werkwoordelike stelsel van Afrikaans en word daarom verder buite beskouing gelaat.

seldsaam tot teen die einde van die 18de eeu; daarna is hulle volop in ons bronne, met uitsondering net van *hê* en ook die infinitief *het* van die hulpwerkwoord, wat albei eers omstreeks 1850 in Afrikaanse geskifte optree. Die gevolgtrekking is gewettig dat die proses van uitgangverlies by die "normale" Afrikaanse infinitiewe al voor die einde van die 18de eeu ver gevorder was, al is die hedendaagse Afrikaanse situasie, soos ons later sal sien, toe nog nie in alle opsigte bereik nie.⁵

c) Die voltooide deelwoord

Alle werkwoorde in Nederlands, uitgesonderd die onskeibaar saamgesteldes en dié met 'n prefiks *be-*, *ge-*, *er-*, *her-*, *ont-* of *ver-*, kry 'n *ge-* in die voltooide deelwoord. So is dit ook nog in Afrikaans, behalwe dat verskeie werkwoorde van die tipe *probeer*, *regeer*, *krioel*, *spioen* (dus werkwoorde met die hoofklem nie op die eerste lettergreep nie) 'n deelwoord sonder *ge-* kan hê. Prefikslose deelwoorde by werkwoorde van die tipe *probeer*, *spioen*, *takseer* kom al van omstreeks 1770 in Kaapse bronne voor. In onversorgde Afrikaans word die *ge-* soms voorgevoeg waar dit in normale taalgebruik ontbreek, bv. *gebelowe*, *geverniel*. Dié verskynsel tref ons in die "Berigt" van Wikar (1779) dikwels aan, en ook al eerder in Kaapse argivale stukke (1756, 1772, 1773, 1775). Waar in Afrikaans die *e* van die voorvoegsel *be-*, *ge-* of *ver-* gesinkopeer is, soos in *brei*, *glo*, *vrek* (Ndl. *bereiden*, *geloven*, *verrekken*), het die nuwe vorme 'n deelwoord met *ge-*.

Die Nederlandse reëlmatige voltooide deelwoorde het 'n alveolêre okklusief as suffiks toegevoeg tot die werkwoordstam: *gehoopt*, *gehoord*, *gegroeid* en 'n onbepaalde aantal ander. Onreëlmatige voltooide deelwoorde is: (1) *gebracht*, *gedacht*, *gekocht*, *gezocht* by *brengen*, *denken*, *kopen*, *zoeken*; (2) *gevalen*, *gedragen*, *gelopen* en 'n aantal ander gekenmerk deur die suffiks *-en* toegevoeg tot die stam: (3) *gebleven*, *geschoten*, *gebonden*, *genomen* en 'n aantal ander gekenmerk deur die suffiks toegevoeg tot die stam met gewysigde vokaal (vgl. *blijven*, *schieten* ens.); (4) *gevroren*, *verloren* by *vriezen*, *verliezen*; (5) *gedaan* by *doen*; (6) *geslagen* by *slaan*; (7) *gegaan*, *gestaan*, *gezien*; (8) *gehad* by *hebben*. In Afrikaans is die voltooide deelwoord radikaal vereenvoudig: dit verskil van die finiete en infinitiewe vorm net deur die *ge-* waar dit optree; uitsonderings is net *gehad* en *gedag* of *gedog* naas gewoner *gedink* (die onreëlmatige *gebrog* en *gekog* is eers in die 20ste eeu finaal deur *gebring* en *gekoop* verdring).

5. *Worde* kon tot na die middel van die 20ste eeu in die Afrikaans van bejaardes gehoor word. *Snye* het ek in dieselfde tyd waargeneem by 'n jong nie-blanke: "Ek sal die snoek aan twee snye."

Die reëlmatige voltooide deelwoorde wat in Nederlands op 'n verbinding van twee stemlose konsonante uitgaan (bv. *gehoopt, gedekt, gestraft*), het as gevolg van 'n dwingende fonologiese reël wat al in 1700 in Kaapse taal gegeld het, die deelwoordsuitgang verloor. Die geskiedenis van die reëlmatige voltooide deelwoorde wat in Nederlands op *l, r, m, n* of diftong plus [t] eindig (bv. *geteld, gehoord, gekamd, geleend, geboeid, gebouwd*), het 'n enigszins ander verloop gehad. Op grond van gegewens gehaal uit vroeë Nederlandse bronne en uit Kaapse stukke van die tweede helfte van die 17de en die hele 18de eeu kom ons tot die volgende slotsom: die verlies van die dentale uitgang na liquida of nasalis het in vroeë Nederlands sporadies voorgekom en het aan die Kaap geleidelik uitgebrei veral onder invloed van die voltooide deelwoorde wat hul uitgang al eerder deur fonetiese oorsake kwytgeraak het; die uitgang het na diftong langer stand gehou maar was waarskynlik ook al taamlik vroeg in die 18de eeu aan die verdwyn.

Die bostaande gevolgtrekking word gesteun deur wat Kaapse bronne ons omtrent die geskiedenis van die onreëlmatige voltooide deelwoorde leer. Daar kan geen twyfel bestaan nie dat in die tweede helfte van die 18de eeu die Afrikaanse toestand van uitgangloosheid bereik is. Die volgende volkome betroubare vorme is uit Kaapse argivale stukke aangeteken: *gelaat* (1765), *vergeet* (1766), *gedraagt* (1770), *afgewast* (1772), *geneest* (1775), *opgevrete* (1780).⁶ Die treffendste voorbeeld kry ons waar 'n burger, Sarel Marais, woordelik aanhaal wat 'n Afrikaanse vrou, Hanna Wagenaar, in 1770 by ondervraging aan hom gesê het: "Het hulle dan overal *geloop* waar ons *geloop* het? . . ."⁷

In al die tot hiertoe genoemde voorbeelde van wegval van die deelwoordsuitgang *-en* het ons te make gehad met werkwoorde sonder wisselende stamvokaal in Nederlands (dus *gelopen* by *lopen* teenoor byvoorbeeld *geschoten* by *schieten*). Maar in 1770 vind ons ook al *opgeeijs* (aan 'n balk, Ndl. *opgehesen*) en kort daarop in ooreenstemming met die nuwe Afrikaanse sisteem *gebren*g (Pieter Swart, 1776) teenoor Nederlands *gebracht* by *brengen*. Dis opvallend dat waar daar nog wisselvorme in Neder-

6. Die hiperkorrekte toevoeging van *-t* in *gedraagt, afgewast* en *geneest* is nog 'n bewys dat Kaapse burgers in dié tyd min kennis van die taamlik ingewikkelde Nederlandse sisteem van voltooide-deelwoordsvorme gehad het.

7. Afgesien van die kort sinnetjie bespottend deur Mentzel versin, en die spotlied van 1795 sogenaamd in die taal van Swellendamers gestel, is dit die enigste keer tot na die einde van die 18de eeu dat die woorde van 'n Kaapse burger letterlik weergegee is. Dit is betekenisvol dat dit deur 'n medeburger gedoen is en nie deur 'n amptenaar nie – sekretarisse van die geregshof het net die getuïenis van Hottentotte en slawe soms woordelik weergegee.

lands bestaan het (bv. *geweeft* naas *geweven*, *gelacht* naas *gelachen*, *geschrikt* naas *geschrokken*), die reëlmatige vorme in die Afrikaans-Hollands van die middel van die 18de eeu gebruik is (1755, 1762, 1769).

Die Nederlands van vreemdelinge (hoofsaaklik Duitssprekendes) aan die Kaap in die eerste helfte van die 18de eeu lewer interessante verskynsels op. In 'n stuk van 1712 staan *gekoopt* (duidelik geskryf in plaas van *gekocht*, wat heel waarskynlik vir die skrywer se gevoel die voltooide deelwoord van Duits *kochen* ("kook") sou gewees het. In 1715 lees ons in 'n stuk gestel in "krupel duijs" (d.w.s. gebrekkige Nederlands) twee keer die deelwoord *versoekt* en een maal *ondersoekt* vir respektiewelik *verzocht* en *onderzocht*, en nege jaar later weer *versoekt* in 'n brief deur 'n Duitser geskryf. Dis opmerklik dat Duitsers in hul gebroke Nederlands geen foutiewe voltooide deelwoorde gebruik waar dié in hul moedertaal dieselfde as in Nederlands is nie, dus nooit *gebreng* of *gedenk* in plaas van *gebracht* en *gedacht* nie.

Dit wil nie sê dat die vorme *gekoop*, *onder-* en *versoek* onder invloed van die gebroke Nederlands van Duitssprekendes al in die eerste kwart van die 18de eeu oral in die Afrikaans-Hollands van burgers en ander bevolkingselemente ingedring het nie, maar die moontlike invloed van die gebroke Duits mag nie veronagsaam word nie. Die opvatting dat vreemdelinge-Nederlands wel 'n rol van betekenis in die wording van Afrikaans gespeel het, word versterk deur ander voorbeelde van verkeerde deelwoordgebruik by Duitsers, soos waar die uingang *-en* wel behou is maar die vokaalwisseling ontbreek, soos in *besluiten* i.p.v. *besloten* (1715), *beswijken* i.p.v. *bezweken* (1731), *gekrijgen* i.p.v. *gekregen* (1731) en *gereijen* i.p.v. *gereden* (1734).

As 'n mens die voltooide deelwoorde *beswijk* en *aangekijk* (Ndl. *bezweken*, *aangekeken*) uit die "Lied" van 1795 saam neem met al die Kaapse vorme wat reeds genoem is, is die gevolgtrekking gewettig dat die radikale vereenvoudiging van die Nederlandse sisteem teen die einde van die 18de eeu so te sê voltrek was. Na 1800, veral na 1810, kom suiwer Afrikaanse vorme in die plek van Nederlandse onreëlmatige deelwoorde in talle Kaapse tekste voor. Half Nederlandse vorme soos *gedag*, *gekog* het wel lank in Afrikaans bly voortbestaan bloot omdat die imperfecta *dag* en *kog* ook lank in Afrikaans bly leef het, *dag* selfs tot vandag toe. Wat belangriker is, is dat van deelwoordsvorme van die tipe *gekla*, *gelewe*, *gesôre* (Ndl. *geklaagd*, *geleefd*, *gezorgd*) nog geen voorbeelde in tekste gevind is waaruit met sekerheid afgelei kan word dat die Afrikaanse vorme al rondom 1800 bestaan het nie, laat staan nog algemeen verbreid was. Dit sal wel saamhang met die laat in gebruik kom van *kla*, *lewe*, *sôre* en dergelike as infiniete en finiete vorme.

Sommige aspekte van die wording en ontwikkeling van die Afrikaanse patroon kom later nog weer ter sprake.

*d) Die verdringing van die imperfektum
en die plusquamperfectum*

Na gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het, kan in Nederlands na gelang van omstandighede deur verskillende tydsvorme van die werkwoord verwys word: deur die imperfektum, die perfektum, die plusquamperfectum en ook die praesens historicum. In Afrikaans is die gebruik van die perfektum en die praesens historicum baie uitgebrei; die imperfektum het op enkele uitsonderings na verlore gegaan, en die plusquamperfectum het net in die passief (*was plus voltooide deelwoord*) bly bestaan. In Afrikaans leef die imperfektumvorme *kon, moes, sou, wou* en *was* met onverminderde krag voort; *dag* (of *dog*) staan in bepaalde modaliteite steeds sterk; die hulpwerkwoord *had* (net nog in sekere wenssinne bekend) en ook *wis* begin 'n argaïesie of dialektiese kleur kry; *mog, brag* (of *brog*), *kog* en *begon* (of *begos*) het tot in die 20ste eeu bly voortbestaan maar is nou heeltemal verouderd.

Ook wanneer bostaande vorme buite rekening gelaat word, is imperfekta in Kaaps gekleurde stukke van die 18de eeu en die eerste helfte van die 19de eeu nog volop. Dit is moeilik om te beoordeel in hoever dié vorme nog in die omgangstaal van die skrywers bestaan het. Dis opmerklik dat foutiewe onreëlmatige imperfekta nêrens voorkom nie en dat onreëlmatige vorme tot diep in die 19de eeu vrywel nooit deur reëlmatige vervang is nie. Dit pleit vir die opvatting dat die skrywers die imperfekta, of altans sommige daarvan, ook in hul spreektaal gebruik het. Dit is in ieder geval waarskynlik dat vorme soos *gong, sting* en *stong, vrieg*, wat in Kaapse bronne van 1750 tot 1850 optree en in Nederlands toe dialekties of verouderd was en in die Statebybel nie voorkom nie, nog aan die Kaap geleef het. Alle getuïenisse saam lei tot die gevolgtrekking dat die verdringing van imperfektumvorme in Kaapse taal 'n geleidelike proses was, en dat die onreëlmatige imperfekta langer stand gehou het as die reëlmatige.

Die uitbreiding in die gebruik van presensvorme ten koste van imperfekta blyk uit die hoë frekwensie van dié vorme in Kaapse geskifte waar in normale Nederlands die voorkeur sou gegee word aan 'n imperfektum of die imperfektum alleen moontlik is. Opvallend frekvent is die presens in tot hiertoe bewerkte materiaal egter eers van omstreeks 1760 af. Die kenmerkende gebruik van die presens met *toe* vind ons 'n paar keer in die tweede helfte van die 18de eeu, maar volop eers aan die begin van die

19de eeu, terwyl die ewe tipiese presens in verbinding met bywoordelike bepalinge van die verlede tyd (bv. *gister*) hoogs selde voor 1825 in ons bronne voorkom.

Die skeiding tussen die gebruik van die perfektum en die imperfektum is in Nederlands nie oral ewe skerp nie; dikwels hang die keuse van die werkwoordvorm af van stilistiese faktore of van die voorstelling wat die taalgerebruker hom van die gebeurtenis maak. Dit bemoelik die onderneming om op grond van die tog al onseker gegewens in ons bronne die verdringing van die imperfektum deur die perfektum in Kaapse taal na te spoor. Tog is daar in stukke van 1775 af soveel voorbeelde van die perfektum aangetref waar Nederlands die imperfektum sou vereis, dat dit met sekerheid kan gesê word dat die ontwikkeling in die rigting van Afrikaans toe al taamlik ver gevorder was. Dit lyk dus of die verdringing van die imperfektum in sommige verbande deur die historiese presens en in ander deur die perfektum min of meer gelyk geloop het.

By 'n beoordeling van die verdringing van die plusquamperfectum deur die perfektum kry ons met dieselfde soort probleme te make as by die veranging van die imperfektum deur die perfektum of die historiese presens. 'n Kritiese beskouing van die beskikbare gegewens lei ons tot die gevolgtrekking dat die verdringing van die plusquamperfectum iets eerder as die ondergang van die imperfektum plaasgevind het.

By elke poging om verskynsels uit die Afrikaanse taalgeskiedenis te dateer moet rekening daarmee gehou word dat bronne ál skaarser word hoe verder ons in die tyd teruggaan. En ook mag die kennis van Nederlands van betreklik onontwikkelde skrywers in die 18de en vroeë 19de eeu, asook die Nederlandse inslag in opsetlik in Afrikaans gestelde geskrifte van 1830 en later, nie onderskat word nie. Wanneer ons vind dat in alle bronne tot 1850 vorme van die Nederlandse werkwoord *zijn* oorwegend gebruik word by mutasiewe en perfektiewe werkwoorde in ooreenstemming met Nederlands in plaas van 'n vorm van die werkwoord *hebben* soos in Afrikaans, dan moet daaraan nie te veel waarde geheg word nie. Die betreklik geringe aantal voorbeelde van verbindings soos *gegaan het*, *gekom het*, *gewees het* naas die veelvuldige voorbeelde van dieselfde voltooide deelwoorde verbind met *is* in die tydperk 1712 tot 1812 is waarskynlik voldoende bewys dat die gebruik in die spreektaal al van vroeg af min of meer was soos in die huidige Afrikaans. Tot so 'n gevolgtrekking kom ons des te makliker omdat ons weet dat die 17de-eeuse en vroeë 18de-eeuse Hollands waarin Afrikaans sy oorsprong het, ook in dié opsig veel nader aan Afrikaans gestaan het as die hedendaagse Standaard-Nederlands.

e) Verklaring van die wording
van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel.

Hesseling het die radikale vereenvoudiging van die Nederlandse verbale sisteem aan die Kaap toegeskrywe aan botsing met 'n vreemde taal, insonderheid die sogenaamde Maleis-Portugees, en wel hoofsaaklik in die tydperk 1658-1685. Dié opvatting kon hy net in algemene terme verdedig omdat hy oor geen historiese taalmateriaal beskik het nie. 'n Noukeurige ondersoek van die huidige Afrikaans en van alle beskikbare bronne uit die 18de en 19de eeu laat sien dat die wording van die Afrikaanse werkwoordelike stelsel 'n sistematieser en geleideliker verloop gehad het as wat met 'n botsingsteorie verenigbaar is. Heel waarskynlik het die verdeling van alle Afrikaanse werkwoorde in twee tipes: *loop, werk, skiet, val, groei* ens. enersyds en *kla(e), skrywe, sêre* ens. (met wisselvorme *klaag, skryf, sorg* ens.) andersyds eers in die 19de eeu tot stand gekom.

Die 3de persoon enkelvoud is as vorm van die verbum finitum veralgemeen; dit blyk duidelik uit die veralgemening van *is* en *het*; en ook uit die veelvuldige gebruik van *doet, gaat* ens. in enkelvoud en meervoud tot diep in die 19de eeu; by *loop, skryf* ens. is die *-t* van die 3de persoon vroegtijdig na stemlose konsonant geapokopeer, waarna die verlies van die *-t* in *val, groei* ens. analogies gevolg het.⁸ As verba finita het klankvorme van die tipe *kla(e), skrywe, sêre* ruim 'n eeu lank nie in Kaapse geskifte voorgekom nie, nóg in die enkelvoud nóg in die meervoud – altyd is die klankvorm *klaag, skryf, sorg* gebruik; die oudste bewysplaas van 'n verbum finitum soos *skrywe* is van 1830. Daarteenoor staan dat terwyl enersyds infinitiewe van die tipe *help, maak, spring, wil* e.d. (waarnaas vandag geen wisselvorme op *-e* bekend is nie) van omstreeks 1760 in Kaapse tekste voorkom, andersyds vorme soos *skryf, sterf* (waarnaas vandag nog *skrywe, sterwe*) eers van 1810 af begin optree in ons bronne.

In die proses van uitgangverlies, van aansluiting by die uitgangloosheid van die verba finita het die infinitiewe nie gelyk geloop nie: infinitiewe van 'n bepaalde fonologiese struktuur (spesiaal dié met 'n stemhebbende

8. Dit is betekenisvol dat die 3de persoon enkelvoud (afgesien van *is*) ook in (Suid-)Hollandse dialekte as enkelvoudsvorm veralgemeen is. Dit is nog onseker hoe verbreid die verskynsel al in die 18de eeu en verder was. Die verbinding "het ick" by Revius (WNT VI 182) staan geïsoleerd, en ander derdepersoonsvorme verbind met *ik* is in die 17de eeu ook nie juis volop nie. In 17de-eeuse Hollandse volkstaal was daar so 'n warwinkel van vorme van die werkwoord *zijn* in die 1ste en 2de persoon, enkelvoud en meervoud, teenwoordige tyd, in gebruik dat dit geen wonder is dat aan die Kaap, met sy gemengde bevolking, die derde persoonsvorm *is* almal verdring het nie.

frikatief as slotklank van die stam) het hul teen die verlies van die suffiks *-e* verset. Toe die gelykskakelingsdrang onder alle verbale vorme hom mettertyd voltrek, het infinitiefvorme van die tipe *skrywe*, *sterwe*, *kla(g)e*, *bui(g)e* ook as verba finita in gebruik gekom, en omgekeerd het vorme soos *skryf*, *sterf*, *klaag*, *bui* wat eers net as verba finita diens gedoen het, as wisselvorme naas die bewaarde infinitiefvorme *skrywe*, *sterwe* ens. te staan gekom. Infinitiewe van die tipe *doen*, *gaan* het hul die sterkste gehandhaaf; hulle het eindelijk die finiete vorme op *-t* byna heeltemal verdring, terwyl net *gaat* en *slaat* sporadies (die eerste alleen voor 'n tweede infinitief) ook as infinitiva in gebruik gekom het.

Die radikale gelykmaking en vereenvoudiging van die vorm van die onreëlmatige voltooidde deelwoord is ook pas laat voltooi. Alle onreëlmatige vorme is nie gelyktydig verdring nie. So is die ontstaan van die gelykskakelde deelwoorde *gebring*, *gedink*, *gekoop* teëgehou deurdat die onreëlmatige vorme *gebrag*, *gedag*, *gekog* lank die sterk steun van die bewaarde imperfekta gehad het. En deelwoorde soos *gekla(e)*, *geglo*, *gelewe*, *gesôre* (Ndl. *geklaagd*, *geloofd*, *geleefd*, *gezorgd*) is analogiese vorme wat eers in gebruik kon kom na die beïnvloeding van infiniete en finiete vorme oor en weer, soos hierbo uiteengesit, klaar plaasgevind het.

Dit is onmoontlik om met sekerheid te sê watter faktore verantwoordelik was vir die ingrypende vereenvoudiging wat die Hollandse werkwoordelike stelsel aan die Kaap ondergaan het. Waarskynlik was 'n verskeidenheid van faktore werksaam, soos ook by die wording van ander subsysteme van Afrikaans: (1) ongehinderde analogiewerking, veral in kindertaal, en die deurwerk van bestaande tendensies by gebrek aan remmende invloede; (2) dialekmenging; (3) invloed van vreemdelinge-Nederlands en, in minder mate, van die vreemde tale self.

By die opheffing van persoonsverskil en die veralgemening van die derdepersoonsvorm moet rekening gehou word met die warboel van vorme wat in die 17de-eeuse Hollands van die werkwoord *zijn* in gebruik was en met die feit dat in die huidige Hollands die derdepersoonsvorm *het* van die werkwoord *hebben* ook met *jij* en *ik* verbind word.⁹ Veral na klankwertige apokopee van die *-t* na stemlose konsonant het die oorgroot persentasie werkwoorde aan die Kaap geen persoonsverskil geken nie, sodat 'n besonder sterk groep gevorm is wat analogies kon deurwerk. Die opheffing van getalsverskil is sonder abnormale invloede moeiliker verklaarbaar omdat hier geen fonetiese faktor werksaam was nie en die

9. Kyk verder wat reeds in noot 8 op bl. 87 in dié verband gesê is.

17de-eeuse Hollandse toestande daar veel onsekerder aanleiding toe gegee het.

By die reëlmatige voltooide deelwoord kon die uitgangsverlies verloop het soos in die enkelvoud van die verba finita: die uitgangspunt was dan deelwoorde van die tipe *geplant*, *gered* en *gemaak* (*t*), *gewens* (*t*), *gevolg* (*d*). By die onreëlmatige deelwoorde moet bedink word dat in die 17de eeu, en vandag nog in Hollandse dialekte, daar baie onsekerheid was en is ten opsigte van die skeiding tussen reëlmatige en onreëlmatige werkwoorde, sodat voltooide deelwoorde soos *geschrijft*, *gebuigd*, *gebid* in plaas van *geschreven*, *gebogen*, *gebeden* dikwels aangetref word, terwyl werkwoorde soos *blinken*, *fluiten*, *schenken*, *trekken*, *wijzen* wat in Nederlands nou onreëlmatig is, oorspronklik reëlmatig was.

Die verdringing van die imperfektumvorme in Afrikaans mag ook nie as 'n geïsoleerde verskynsel gesien word waarvan die oorsake net aan die Kaap aanwesig was nie. Die verskynsel dat die gebruik van die imperfektum krimp tot dit in die omgangstaal soms heeltemal verdwyn, is in 'n hele aantal Europese tale en dialekte bekend. In Nederlands is spore van die verskynsel al in die Middeleeue waar te neem; in sommige Nederlandse dialekte is met die verdringing van die imperfektum al ver gevorder; in die Standaard-Nederlands staan die imperfekta egter nog sterk. Dit lyk of aan die Kaap die onreëlmatige imperfekta langer weerstand gebied het as die reëlmatige; altans, toe geen enkele werkwoordsvorm soos *hoopte* of *hoorde* meer in Afrikaans bestaan het nie, was daar nog 'n hele aantal onreëlmatige imperfekta in gebruik. Baie probleme in verband met die wording van die Afrikaanse werkwoordelike vormstelsel bly nog onopgelos, maar dis seker dat die vereenvoudiging in baie opsigte 'n geleidelike proses was en nie min of meer plotseling deur 'n botsing van tale teweeggebring is nie.

9 Sintaktiese verskynsels

Die sintaktiese struktuur van Afrikaans stem grotendeels ooreen met dié van die hedendaagse Nederlands en/of die 17de-eeuse Hollands. Talryke gewone enkelvoudige en saamgestelde sinspatrone in Afrikaans wyk in geen opsig van die Nederlandse af nie. Omdat by die studie van die geskiedenis van Afrikaans die nadruk op verskille met Nederlands gelê is, het die basiese ooreenkoms tussen die twee tale dikwels verdoesel geraak. Ook hier sal ongelukkig weer net op 'n paar van die opvallendste afwykings van Nederlands kan gewys word. By die beoordeling van wat volg, moet daarmee rekening gehou word dat nog maar min sintaktiese studie van 18de- en vroeg-19de-eeuse Kaaps gekleurde tekste gemaak is; die datering en verloop van die ontwikkeling van allerlei verskynsels lê daarom nog grotendeels in die duister.

'n Opvallende sintaktiese eienskap van Afrikaans waarvoor vroeg 'n verklaring gesoek is, is die sogenaamde dubbele ontkenning. Herhaalde negasies van die tipe *niemand nie*, *niks nie*, *nooit nie* is van oudsher goed bekend in Nederlands en het geen verklaring nodig nie. Die Afrikaanse konstruksies wat met betrekking tot hul herkoms probleme opgelewer het, is dié met 'n end-*nie* wat van die eerste ontkenkende woord deur ander woorde geskei is, bv. "Hulle het hom *nie* daar gesien *nie*", "Hy kom *nooit* in die kerk *nie*", "Die boek is *nêrens* te vinde *nie*", "Hy het *geen* geld gehad *nie*", ens. In die begin is algemeen aanvaar dat die dubbele negasie in die Frans van die Hugenote vir die ontstaan van die Afrikaanse konstruksie verantwoordelik was, tot daarop gewys is dat die Franse en die Afrikaanse konstruksies radikaal van mekaar verskil. Ewe min geslaag was pogings om die Afrikaanse *nie* (*geen* ens.) . . . *nie* uit Neger-Portugees en Hottentots te verklaar. Waardevoller was die gedagte dat *nie* . . . *nie* in verband moet gebring word met ander herhalingskonstruksies, soos "*al* lank *al*", "*uit* die huis *uit*", wat uit kontaminasie van "*al* lank" en "lank *al*" ens. kan verklaar word.¹ Die vraag was verder of dergelike konstruksies ook uit die Nederlands van vroeër of in hedendaagse Nederlandse dialekte bekend is. In 17de-eeuse Nederlands (o.a. by Hooft, Bredero en Vondel)

1. Ek het myself al dikwels betrap op die herhaling van 'n modale bywoord of die bywoord van tyd aan die slot van 'n sin, bv. "Jy kan *maar* kom *maar*", "Jy kan *nou* maar kom *nou*", en het dit ook by ander gehoor.

kom inderdaad konstruksies met *geen (nooit)* . . . *niet* voor, maar die herhaling *niet* . . . *niet* ontbreek. In Utrechtse volkstaal van die begin van die 18de eeu (1709, 1710) is *niet* . . . *niet* wel aangetref, presies soos in Afrikaans. In die eerste kwart van die 20ste eeu was *niet* . . . *niet* nog bekend in Utrechts en in die Bommelerwaard (naas *g'n* . . . *nie*), en veel later ook nog volop in die Betuwe, dus net ten ooste van die sentrale herkomsgebied van Afrikaans. In Holland is net seldsame voorbeelde aangetref. In die vollediger en meer sistematies bestudeerde Suid-Nederlandse dialekte, van Wes- en Seeus-Vlaandere tot in die ooste van Brabant, is soveel voorbeelde opgeteken met end-*nie*, soos in Afrikaans, dat daar moeilik aan die Nederlandse herkoms van die konstruksie in Afrikaans kan getwyfel word. 'n Belangrike verskil is ewenwel dit: waar die end-*nie* in Nederlandse dialekte van vroeër en vandag fakultatief is, is dit in Afrikaans dwingend in die sinne waarin dit voorkom. Hierdie Kaapse ontwikkeling hang moontlik saam met die sterk neiging tot nadruklike uiting – waarskynlik die gevolg van die kontak met vreemdelinge – wat ook in verskeie ander onderdele van die Afrikaanse taalsisteem waar te neem is.

Die vroegste voorbeeld van *nie(t)* . . . *nie(t)* kry ons in 'n Kaapse joernaal van 1793 en dan weer in sterk Afrikaans gekleurde briewe van 1810. In die kort samesprake van Teenstra uit 1825 en in Afrikaanse geskrifte van 1830 af is *nie* . . . *nie* doodgewoon. Die oudste Kaapse voorbeeld van die herhaling *uit* . . . *uit* is van 1784. Die ontbreking van die konstruksies in vroeër bronne is verklaarbaar uit die aard van die tekste: hulle is almal so na moontlik in korrekte Nederlands gestel.

Die gebruik van die voorsetsel *vir* (Ndl. *voor*) is in Afrikaans baie uitgebrei: (1) In die gevalle waar 'n werkwoord deur 'n vaste voorsetsel met 'n voorwerp verbind word, het *vir* in Afrikaans dikwels 'n ander voorsetsel verdring of kan dit naas die oorspronklike voorsetsel gebruik word, bv. "*vir/na* iemand luister", "*vir/na* iemand kyk", "*vir/met* iemand spot", "*vir* iemand of 'n grap lag" (Ndl. *om*), "*vir* iemand kwaad word" (Ndl. *op*), "*vir* iemand of iets wag" (Ndl. *op*). (2) Voor 'n belanghebbende of meewerkende (die indirekte) voorwerp kan *vir* in Afrikaans gebruik word waar Nederlands geen voorsetsel nie of 'n ander voorsetsel het, bv. "*(vir/aan)* iemand iets gee, sê, wys", "dit lyk *(vir)* my". Die konstruksie sonder die voorsetsel of met dieselfde voorsetsel as in Nederlands (meestal *aan*) is in Afrikaans nog gewoon. (3) Voor 'n lydende of direkte persoonlike voorwerp ('n persoonsnaam of titel of 'n persoonlike voornaamwoord) kan *vir* in Afrikaans gebruik word, bv. "Hy het *(vir)* my geroep, gesien, gesoek", en móét dit gebruik word as 'n bywoord aan die voorwerp voor-

afgaan, bv. "Ek sal gou *vir* jou help". In Nederlands is die gebruik van 'n voorsetsel voor 'n direkte of lydende voorwerp nie moontlik nie. Daar moet op gelet word dat die woordvolgorde bywoord voor direkte voorwerp (waar die *vir* in Afrikaans vereis word) in Nederlands onmoontlik is, dus "Ik zal je gauw helpen" en nie "Ik zal gauw je helpen" nie.

Die vroegste voorbeelde van die uitgebreide gebruik van *vir* in Kaapse burger-Hollands of Afrikaans staan in die samesprake van Teenstra uit 1825 by die werkwoorde *geef*, *zeg* en *roep*, bv. "Roep voor Leida" (in Nederlands kon *roepen* vroeër ook deur 'n voorsetsel, o.a. *aan*, met 'n persoonlike voorwerp verbind word, en vroeër kon Duits hê "Er ruft *ihm*" naas "Er ruft *ihn*"). In stukke in die *Kaapse Taalargief* ook van na 1825 word *vir* nooit anders as Nederlands *voor* gebruik nie, en ook by Trigardt en sy tydgenote is die uitgebreide gebruik van die voorsetsel hoogs seldsaam. In Trigardt se weergawe van ou Albach se taalgebruik vind ons wel *vir* nie net by *sê* en *vra* nie maar ook by *vang*; en in Meurant se Afrikaans van 1844-50 kry ons vrywel alle Afrikaanse konstruksies met die uitgebreide gebruik van *vir* (die ooreenstemminge met Nederlands bly tog veel frekwenter) sodat die posisie teen 1850 min of meer moes gewees het soos in Afrikaans vandag.

Franken het 'n voorbeeld van die gebruik van *voor* as verbindingsvoorsetsel tussen *geven* en *mij* uit 'n argiefstuk van 1699 aangehaal: "Ick sal een fles wyn spendeeren: en ben j'er mee g'affronteert soo geeft het voor mij", sonder om te vermeld wie dit gebruik het. (In ander opsigte is die sin suiwer Nederlands.) Al in 1655 staan *voor* as verbinding tussen *zeggen* en *mij* in die joernaal van korporaal Willem Muller (opgeneem in Van Riebeeck se *Daghregister*): "... dewelcke seyde voor mij", wat vergelyk kan word met dialektiese Duits: "Er sagte vor mich" (normaal: "Er sagte mir").² Verder het Franken uit 'n Kaapse argiefstuk van 1721 die sin: "Wat hoof-je voor ons te schiete?" gelig, weer sonder nader aanduiding van wie dit gebruik het en van die verband waarin dit voorkom. In eie versamelde argiefmateriaal is *voor* in verbinding met *vangen*, *gevangen genomen*, *vreesen*, *vrij geeven* en 'n persoonlike voornaamwoord as volg in die gerapporteerde getuienis van slawe aangetref: "... dat een hottentot voor haar heeft gevangen genomen" (1732), "dan sal Juffrouw

2. In Van Riebeeck se eie taalgebruik vind ons onder datum 25 September 1657 die sin: "... onse mening is dat hij selffs voor de Saldanhars sal gesoubat . . . hebben." In sy uitgawe van die *Daghregister* sê D. B. Bostman dat *voor* hier gelyk is aan "Afr. *voor*, nie *vir* nie" - op grond waarvan weet ek nie, tensy dit bloot is omdat enkele reëls hoër op in die teks "*soubat*" sonder *voor* met die voornaamwoord *hem* verbind is.

voor mij vrij geeven" (1762), "Sieur behoef voor mij niet te vreesen, ik sal geen quaad doen!" (1762) en "Waarom wilt gij voor mij vangen?" (1769). Na alle waarskynlikheid kom die voorbeeld van Franken uit 1721 ook uit die gerapporteerde getuienis van 'n slaaf.³ As ons hier outentieke voorbeelde van die gebruik van *voor* as verbindingsvoorsetsel tussen werkwoorde en 'n direkte persoonlike voorwerp het, is dit die enigste voorbeelde van so 'n konstruksie tot ons dit in Boniface se weergawe van die Afrikaans van Hottentotte (1830-32) kry.

Die uitgebreide gebruik van *vir* in Afrikaans is op verskillende maniere verklaar. Daar is op gewys dat 'n mate van onvastheid in die gebruik van voorsetsels voor die indirekte voorwerp en ook in die skeiding tussen werkwoorde wat 'n direkte en 'n indirekte persoonlike voorwerp by hulle neem, van vroeg af in Nederlandse dialekte bestaan het, en dat die onvastheid groter sou word aan die Kaap waar mense uit verskillende oorde bymekaar gekom het en die Nederlandse taal buitendien deur baie vreemde-deling moes aangeleer word. Daarnaas is egter ook daarop gewys dat die gebruik van *per* voor direkte en indirekte voorwerp 'n kenmerk was van die gebroke Portugees wat onder slawe aan die Kaap gepraat is. Schuchardt het verskeie voorbeelde uit die sogenaamde Maleis-Portugees van die Ooste aangehaal, en Franken vermeld die woorde van 'n slaaf: "Na misti dali pro mi" (deur Franken vertaal: "Moenie vir my slaan nie"), aangehaal in 'n Kaapse argiefstuk van 1765. Waarskynlik het al die genoemde faktore saamgewerk en was die gebroke Portugese konstruksie veral van invloed by die uitbreiding van die gebruik van *vir* ook tot voor 'n direkte persoonlike voorwerp.

In bepaalde Afrikaanse taalgebruiksoorte, veral in die aanskoulike, volksaardige vertelstyl en die gemoedelike, ongebonde omgangstaal, is woordherhaling wat tot samekoppelings ontwikkel het, baie gewoon. Onder bywoordelike en predikatiewe bepalings kan genoem word: *gou-gou*, *nou-nou*, *vroeg-vroeg*; *amper-amper*, *byna-byna*, *half-half*; *lui-lui*, *nat-nat*, *siek-siek* (hierdie laaste is dikwels sogenaamde bepalings van gesteldheid). Die bywoorde wat verdubbel word, is dié wat die begrip "sonder versuim" (*gou*) of "nie ten volle nie" (*amper*) of iets dergeliks inhou; onder die bepalings van gesteldheid is dit hoofsaaklik dié wat 'n abnormale of ongunstige hoedanigheid of gesteldheid uitdruk, wat geredupliseer word (*lui*). Ons het hier byna oral te make met die herhaling van 'n woord in sy normale posisie in die sin ter intensivering van die uitdrukking, sodat die

3. Ook die sinne uit 1732-1769 is, afgesien van die gebruik van *voor*, in normale Nederlands van die tyd gestel.

ontstaan en gebruik van die vorme geen besondere probleem oplewer nie. Dergelike reduplikasies kom ook in Nederlands en ander Europese tale (Duits, Engels, Frans) voor, sy dit nie so veelvuldig as in Afrikaans nie. Wanneer ons onder hierdie klas ook reduplikasies kry waar die simpleks nie in die plek van die verdubbelde vorm kan staan nie (bv. *kort-kort* "met kort russenposes"), is hul ontstaan meestal nie moeilik te verklaar nie: die simpleks kon wel vroeër so gebruik word, of die reduplikasie het as interjeksie of dringende aansporing ontstaan en is later as bywoordelike bepaling in 'n sin opgeneem (vgl. Ndl. "Ik moest dat werk *haast u haast u* afmaken"), of ons het te doen met 'n analogiese uitbreidingsgeval.

Attributiewe byvoeglike naamwoorde word selde voor enkelvoudige selfstandige naamwoorde herhaal en ontwikkel dan buitendien nie tot samekoppelings nie ('n Afrikaanse uitsondering is: "die *ou-ou* storie"). Voor meervoudige substantiewe is geredupliseerde byvoeglike naamwoorde egter volop: "*dik-dik* skuiwe rook", "daar is *tamaai-tamaai* slote en gate gespoel", ens. Dié reduplikasies het dikwels distributiewe en iteratiewe naas intensiewe waarde. In hul ontstaan is hul ewemin abnormaal as die geredupliseerde bywoorde.

Selfstandige naamwoorde wat maat, hoeveelheid ens. aandui, word dikwels in die meervoud herhaal as bepaling by 'n volgende substantief, bv. "*sakke-sakke* koring", "*hope-hope* mense", "*troppe-troppe* skape". Hierdie meervoudige substantiewe kan ongeredupliseer met 'n voorsetsel as bywoordelike bepaling gebruik word, bv. "Die voëls trek *in swerms* vlei toe". Die voorsetsel word in Afrikaans maklik weggelaat as die selfstandige naamwoord voorafgegaan word deur aanduidende woorde soos (*somaar*) *so* of (*somaar*) *sulke* of gevolg word deur 'n bywoord soos *aanmekaar*, *tegelyk*, bv. "Die voëls trek *somaar sulke swerms* vlei toe", "Die boontjies staan *rye aanmekaar* weelderig groen op die land". In dergelike sinne word die selfstandige naamwoord dikwels verdubbel in aanskoulike taal, bv. "In die wilgerboom hang die vinkneste *rye-rye aanmekaar*", "Die vet staan *somaar so knoppe-knoppe* op hul lywe". Die reduplikasies in sinne soos "Die gensbokke lê *klompies-klompies* lomerig en herkou", waar die begeleidende bepalings ontbreek, moet as uitbreidingsgevalle beskou word.

In sommige van die bostaande voorbeelde het die reduplikasies meer distributiewe as intensiewe of iteratiewe waarde. Distributiewe waarde het die verdubbelings spesiaal as die substantiewe wat 'n maat in ruimte of tyd aandui, in die enkelvoud herhaal word, bv. *plek-plek*, *ruk-ruk*, *stuk-stuk*. Deels iteratiewe, deels distributiewe waarde het ook die reduplikasies van telwoorde, bv. *een-een*, *twee-twee*. Sowel die verdubbeling van enkelvoudige substantiewe as die verdubbeling van telwoorde met distributiewe

en/of iteratiewe waarde word aan invloed van Maleis toegeskryf, maar daar is nog geen behoorlike vergelykende studie van die herhalingskonstruksies in Afrikaans en Maleis gemaak nie.⁴

In aanskoulike taalgebruik word sommige werkwoorde in hul normale posisie in die sin herhaal ter uitdrukking hoofsaaklik van die iteratiewe aspek, bv. "Hy *druk-druk* met sy duim aan die perskes om te voel of hul sag is", "Die son *wil-wil* net agter die rante uitkom". Soortgelyke verdubbings kom ook in Nederlands voor maar is op verre na nie so frekvent as in Afrikaans nie. 'n Opvallende reduplikasieverskynsel in Afrikaans is die verdubbeling van 'n werkwoord as bepaling by 'n ander werkwoord. Die handeling uitgedruk deur die verdubbeling onderbreek die handeling uitgedruk deur die bepaalde werkwoord (bv. "*staan-staan* loop") of vind gelyktydig daarmee plaas (bv. "*staan-staan* eet"). Die bewering is gemaak dat sulke konstruksies in Nederlands onmoontlik is en dat ook hulle onder Maleise invloed in Afrikaans gekom het. Later is ewenwel verskillende voorbeelde in Nederlandse en dialekties Nederlandse tekste gevind (bv. "*sleepsleep* over de straat gaan", "iemand *sluip-sluip* op 't spoor volgen"); daar is ook op gewys dat baie verbale reduplikasies oorspronklik klanknabootsende of klanksimboliese interjeksies kon gewees het wat deur 'n verskuiwing in die sintaktiese geleding as bepalings by die finiete werkwoord in die sin opgeneem is (bv. "Die swaar tak val *kraak-kraak* grond toe"). Die presiese aard en frekwensie van die verbale reduplikasies in die Maleis wat aan die Kaap gepraat is, is nog nie bestudeer nie, en niks is bekend omtrent die ouderdom van die betrokke konstruksies in Afrikaans nie. Oor die herkoms en geskiedenis van dié besondere verskynsel in Kaapse taal kan daarom nog niks met sekerheid gesê word nie.

In die ontwikkeling van Hollands tot Afrikaans het dit meermale gebeur dat woorde in 'n nuwe funksie in gebruik gekom het, meestal met behoud ook van die oorspronklike funksie. 'n Woord het dus oorgegaan van een woordsoort in 'n ander; of wat 'n verteenwoordiger van een woordklas was, kon ook as verteenwoordiger van 'n ander woordklas optree. Hierdie sogenaamde funksieverandering van woorde in Afrikaans is deur Hesseling en ander in baie gevalle toegeskrywe aan die kreoliseringsproses wat Hollands aan die Kaap sou ondergaan het. Daarby is nie voldoende rekening gehou met die feit dat dit in geen taal moontlik is om 'n skerp skeiding tussen ver-

4. In 1961 het ek 'n samespreking gehad met prof. Teeuw, hoogleraar in Bahasa Indonesia aan die Universiteit van Leiden. Ons het die moontlikheid bespreek om saam 'n vergelykende studie van reduplikasieverskynsels in Maleis en Afrikaans te skrywe. Ongelukkig het niks van die voorneme gekom nie.

skillende woordsoorte te maak nie, en ewe min met die feit dat die oorgang van een woordsoort in 'n ander van vroeg af 'n gewone verskynsel in baie tale, ook in Nederlands, was. Verreweg die meeste voorbeelde van funksiewisseling in beskaafde Afrikaans kan as 'n natuurlike ontwikkeling verklaar word; uit die geskiedenis van Nederlands en Nederlandse dialekte is eenderse verskynsels bekend. Vir sover Maleis of Kreools-Portugees of Hottentots 'n rol in die prosesse van funksieverandering gespeel het, moet die vreemde invloed daarom as 'n bykomende faktor beskou word.

Teenoor Nederlands "Ik heb dorst, honger, lust, spijt, vaak" staan in Afrikaans "Ek is dors, honger" ens., hoewel in al die gevalle die oorspronklike verbindingswoord *het* ook nog gewoon is. Ons het hier te make met 'n besondere groep verbindings wat in betekenis gelyksoortig is: die predikaat druk 'n toestand uit waarin die subjek verkeer. In die verbindings *dors hê*, *honger hê* ens. het die werkwoord *hê* op sigself so te sê geen betekenis nie. In Nederlandse kindertaal is bekend verbindings sonder kopula soos "Keesje honger", "neusje pijn". *Honger, pijn* en dergelike word in sulke sinnetjies opgevat as eienskapswoorde, en hul gedra hul dan verder maklik soos ander eienskapswoorde, nl. die byvoeglike naamwoorde; dit blyk uit konstruksies in dialekties Nederlandse taalgebruik soos "Ik heb hongerder dan jij", "Ik heb een pijnige vinger". Aan die Kaap was die korrigerende invloed op kindertaal veel minder sterk as in Nederlands, sodat die verbindings "Ek is dors, honger" ens., waarin *dors* en *honger* hul gedra soos *koud* en *warm*, in Afrikaans ingang kon vind naas die oorspronklike konstruksies met *het*. In Nederlands bestaan buitendien naas "Ik ben koud, warm" ens. ook "Ik heb 't koud, warm" ens. In Afrikaans het die swakbeklemde 't ondergegaan (soos in ander konstruksies die swakbeklemde *er*), sodat "Ek het koud, warm" naas "Ek is koud, warm" te staan gekom het. En net soos in Afrikaans gesê word "Ek kry/voel koud, warm", so word ook gesê "Ek kry/voel dors, honger, lus" (ook in Nederlands "dorst, honger, lust krijgen/voelen"). As "Ek is koud, warm" ens. normaal is naas "ek het/kry/voel koud, warm" ens., dan kan dit moeilik volgehou word dat "Ek is dors, honger" ens. so vreemd is naas "Ek het/kry/voel dors, honger" ens. Naas Nederlands "Hij heeft er schuld aan" staan in Duits "Er ist schuld daran"; Schuchardt het gewys op Duits "Ich bin ganz Mitleid", "Sie ist ganz Huld"; voorbeelde van dergelike oorgange kan maklik vermeerder word; hulle lewer die bewys dat sulke verskynsels nie eie aan Afrikaans alleen is nie.

Die gebruik van woorde soos *pap* en *fenters* as byvoeglike naamwoorde in Afrikaans het waarskynlik ontwikkel uit verbindings met voorsetsels, bv. (tot) *pap druk*, (aan) *fenters skeur*, waarmee te vergelyk is Nederlands

(en Afrikaans) *stukkend* (met 'n later toegevoegde -d) uit *aan stukken* of ouer *te stukken*. Die oorgang is in Afrikaans nie altyd met sekerheid te agterhaal nie, soos dit trouens ook in Nederlands meermale moeilik is om die adjektiewiese en adverbiale gebruik van oorspronklike substantiewe bevredigend te verklaar, bv. "Het is erg druk op straat", "druk verkeer", "Hij is druk aan het werken", "het druk hebben" of "een boek stuk lezen".

In die gebruik van woorde soos *byt, knyp, sny* (Ndl. *beet, kneep, snee*) het ons nie te make met werkwoorde wat substantiewe geword het nie, maar bloot met die opheffing van die ablat, na analogie van 'n groot groep woorde waar daar geen verskil in klankvorm tussen die werkwoord en die selfstandige naamwoord bestaan nie, soos *bars, draai, groet, klap, smaak, storm, werk*.

Veral in Afrikaanse "slang" of minder beskaafde taalgebruik kom baie gevalle van funksieverandering voor, maar ook uit Nederlandse "slang" en Nederlandse dialekte is baie vergelykbare voorbeelde aan te haal, veel meer as wat tot hiertoe in die wetenskaplike literatuur aangevoer is. In die studie van albei tale mag beskaafde en onbeskaafde taalgebruik nie deurmekaar gehaal word nie. Hierop het Hesseling en ander nie genoeg gelet nie.⁵

Wat die woordvolgorde in sinne betref, het Afrikaans oor die geheel die oorspronklike Hollandse patroon suiwer bewaar. Afwykings wat aan die Kaap ontstaan het, is meestal van ondergeskikte belang. Soms kry ons by die verbinding van verbale vorme in afhanklike sinne absolute vastheid in die opeenvolging waar in Nederlands nog 'n sekere vryheid bestaan, bv. in Afrikaans altyd *sal hē* en *gewerk het* teenoor in Nederlands die volgorde soos in Afrikaans of ook wel *hebben zal* en *heb gewerkt*. Die Afrikaanse volgorde stem ooreen met wat ons vandag aantref as verreweg die oorheersende opeenvolging in die Hollandse dialekte van die herkomsgebied van Afrikaans. Ook in die 17de-eeuse Hollands het daar blykbaar al 'n sterk voorkeur bestaan vir die volgorde soos ons dit vandag in Afrikaans kry. Uit Kaapse tekste lyk dit of die huidige Afrikaanse toestand met betrekking

5. Hesseling en ander het die gebruik in Afrikaans van verbindings soos "die wiel is pap" baie vreemd gevind en nie te verklaar sonder kreoliserende invloed aan te neem nie. Maar vir die Afrikaansspreekende wat geen Nederlands ken nie, is Nederlandse verbindings soos "mijn band is lek", "de fiets is stuk", "mijn bril is zoek", "een auto klem rijden" en baie ander nog afgesien van talle voorbeelde uit Noord- en Suid-Nederlandse volkstaal of dialekte, ewe vreemd en moeilik verklaarbaar. *Lepel liggen* is in Nederlands ewe goed bekend as *lepel lê* in Afrikaans, en tog het Hesseling horn oor die gebruik van *lepel sit* in 'n Afrikaanse roman verwonder.

tot die tipe *gewerk het* al teen 1775 bereik was. Wat die tipe *sal hê* betref, is daar onsekerheid. Die onafrikaanse volgorde is nog taamlik frekwent tot in die 19de eeu. Dit sou kan toegeskryf word aan die begeerte om "korrekte" Nederlands te skrywe; maar dan bly dit onverklaar waarom Nederlandse invloed soveel sterker sou deurwerk in die een tipe verbinding as in die ander.

In drie- of meerledige verbindings van verbale vorme het Afrikaans die hulpwerkwoord *het* altyd op die end. Ons onderskei hier drie tipes: (a) *sou gedoen het*, (b) *laat doen het* (of *hoor sing het*, *kom werk het*), en (c) (*sou*) *kon gedoen het* (of *moes gedoen het*). In die eerste tipe is die Afrikaanse volgorde ook die gewone in Nederlands vandag, hoewel *zou hebben gedaan* goed moontlik is. In die 17de eeu is die onafrikaanse volgorde die normale by sommige Nederlandse skrywers (bv. Jan de Wit); maar by Van Riebeeck vind ons verreweg oorheersend die volgorde soos in Afrikaans. In tipe (b) kan die hulpwerkwoord *hebben* (of *zijn*) in die hedendaagse Nederlands nie op die end staan nie; maar die Afrikaanse volgorde is in 17de-eeuse Nederlandse geskrifte (ook in die *Daghregister* van Van Riebeeck) taamlik gewoon, bv. "den steenoven, die wy *laten metselen hebben*". Konstruksies van die tipe (c) bestaan nie in die hedendaagse Nederlands nie; nou lui dit daar *had kunnen doen* (minder gewoon: *zou hebben kunnen doen*), maar in die 17de-eeuse Nederlands was die konstruksie – behoudens die *kon, moes vir kan, moet!* – wel bekend (vgl. by Van Riebeeck: "ende rapporteerden . . . dat wel eens soveel *souden kunnen medegebracht hebben*"). Die voortbestaan van sulke gekompliseerde verbindings in die alledaagse omgangstaal pleit sterk vir die kontinuïteit in die Hollandse taalontwikkeling aan die Kaap en is moeilik versoenbaar met die hipotese dat Afrikaans deur 'n botsing van tale sou ontstaan het.

10 Woordeskat

Daar is nog geen stelselmatige studie van die samestel en wordingsgeskiedenis van die Afrikaanse woordeskat gemaak nie. In die begin is, in nou verband met die ontstaansteorieë, die aandag toegespits op die vreemde elemente in die Afrikaanse woordvoorraad. Van wat oorspronklik aangesien is as afkomstig uit die taal van die Franse Hugenote, het ongeveer niks oorgebly nie. En dit is onseker of die paar vrugtename – *sermein* (*peer*), (*bermot*) *sersan* (*peer*), *paawie* (*perske*) – wat nog vir Hugenote-woorde aangesien word, inderdaad via die Hugenote in Afrikaans gekom het. Bowendien is dié name vandag aan min mense buite die taalwetenskaplike bekend.¹

Baie onsekerheid heers ook nog omtrent woorde wat moontlik direk uit die Duits van Kompanjiesdienare en vryburgers aan die Kaap ontleen is. Onder die woorde wat meestal as direkte ontlennings beskou word, is daar enkele ruwe terme soos *swernoot* (in Kaapse stukke van 1734 af aangetref), militêre terme soos *laer*, en 'n paar woorde van algemene aard soos *sweis*, *verfoes*, (*schoen*) *waks* (1778) en *werskaf*. Verskeie woorde wat eers as direkte Duitse ontlennings opgevat is, is later in 17de-eeuse Hollandse volkstaaltekste of in verspreide hedendaagse dialekte teruggevind, soos *blas*, *blits*, *deits*, *vervolaks*, hoewel dit nie beteken dat Duitse invloed by die bestending van sulke woorde in Afrikaans geen rol gespeel het nie. So sal ook *stewel*, wat in Nederlands 'n beperkte gebruiksfêre het, sy veralgemening in Afrikaans moontlik te danke hê aan Duits *Stiefel*. Skeiding van woorde wat uit Nederduits of die oostelike dialekte van Nederland kom, lewer moeilikheid op. As voorbeeld kan hier genoem word *soel* (Eng. *sallow*), van gelaatskleur gebruik in min of meer dieselfde sin as *blas*. Die volgorde van die selfstandige naamwoorde in die uitdrukking (*met*) *sak en pak* is dikwels aan Duitse invloed toegeskrywe, maar die Afrikaanse volgorde is in 17de- en 18de-eeuse Nederlands so gewoon dat Duitse inwerking kan uit-

1. Die spreekwoord *Sê nooit: Fonteinjie ek sal nie weer by jou kom water drink nie* het ek in geen Nederlandse bron, beskaaf of dialekties, van vroeg of laat, gevind nie. In Frans het ons wel *Il ne faut jamais dire: Fontaine, je ne boirai pas de ton eau*, sodat die mooi gesegde moontlik deur die Frans van die Hugenote in Afrikaans gekom het, maar ook in Duits het ons *Man muss nie zur Quelle sagen: ich trinke nicht von deinem Wasser*.

geskakel word. Dieselfde geld van die verbinding *fris en gesond*. Wanneer ons bedink dat die Duitsers byna almal met 'n redelik goeie kennis van Hollands na die Kaap gekom het en gou geassimileer is, dikwels selfs met verhollandsing van hul name, is dit nie verwonderlik dat die Duitse inslag in die Afrikaanse woordeskat uiters gering is in vergelyking met die getalle Duitse stamvaders wat hul veral in die 18de eeu aan die Kaap gevestig het nie.

Hottentotse woorde wat in Afrikaans ontleen is, is vir die oorgroot gedeelte plant- en diername. Onder die bekendste plantname is *boegoe*, *dagga*, *ganna*, *ghaap*, *kambro*, *karee* en *koekmakranka*, en onder die diername *geitjie*, *graatjie* (mierkat), *koedoe*, *kwagga* en *oorbietjie* (of *oribie*), en *gogga* as algemene naam vir allerlei soorte insekte. Uit dié name het net die plantname *boegoe* en *dagga* met sekerheid binne die eerste vyftig jaar onder die volksplanters in gebruik gekom omdat hulle die name is van plante wat as geneeskragtige of bedwelmende middels 'n belangrike rol in die lewe van die Hottentotte gespeel het. In die begin het die Hollanders eie name geskep, dikwels samestellings van bekende Hollandse woorde met die voorvoeging *wilde-* of *hottentots-*, soos *wilde-esel* en *hottentotsvye*. Eers met die groot uitbreiding van die volksplanting na 1710 het die meeste Hottentotse plant- en diername in Afrikaans gekom. Ander Hottentotse woorde wat in Afrikaans oorgeneem is, het oorspronklik nou saamgehang met die Hottentotse lewenswyse. 'n Stok (*kierie*) en 'n kledingstuk van vel (*karos*) was onskeibare toebehore van Hottentotmans, terwyl die vroue die gewoonte gehad het om hul kinders op die rug te dra (*abba*). *Kierie* en *karos* het pas laat die Afrikaanse betekenis gekry ("wandelstok" en "velkometers"), terwyl *abba* 'n woord is wat vandag veral in die Afrikaanse kindertaal leef. Verskeie uitroepe (*aitsa*, *arrie*, *eina*, *ga*, *h'n-n* en *soe*) word as van Hottentotse herkoms beskou, maar die afleidings staan geensins vas nie. Van ontwyfelbare Hottentotse oorsprong is *hoek*; die gebruik van hierdie woord in Afrikaans, soos ook van 'n paar ander (bv. *gorra*), is egter tot bepaalde dele van die land beperk. Ingrypende invloed op die Afrikaanse woordeskat het Hottentots nooit gehad nie.

Met die vestiging van 'n handelsryk in die Ooste het 'n aansienlike aantal vreemde woorde in die 17de- en 18de-eeuse Nederlands van handels- en seelui van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in gebruik gekom. Baie van dié woorde het die Nederlanders van hul voorgangers, die Portugees, oorgeneem - of uit suiwer Portugees of uit die gebroke Portugees wat as *lingua franca* in die Ooste diens gedoen het en waarin heelwat Maleise en ander Oosterse woorde opgeneem was. Tot die ontlenuing uit en via Portugees het die Nederlanders in die loop van die 17de eeu heel-

wat direkte ontlenings uit Maleis veral toegevoeg. Dat baie van die "Oosterse" woorde in die tweede helfte van die 17de eeu ook aan die Kaap in gebruik gekom het, spreek vanself. Sommige van hulle wat nie tot die algemene Nederlands deurgedring het of in Nederland vaste voet kon kry nie, het aan die Kaap deur die gunstiger omstandighede van bodemgesteldheid, klimaat en lewenswyse bly voortbestaan en mettertyd deel van die Afrikaanse woordeskat geword. Later is deur die invoer aan die Kaap van Oosterse slawe, wat naas Maleis ook gebroke Portugees as onderlinge verkeërstaal gepraat het, veral in die 18de eeu, die moontlikheid van direkte ontlening van Maleise en baster-Portugese woorde in Afrikaans geskep. Die skeiding tussen woorde afkomstig uit die koloniale Nederlands en dié wat aan die Kaap uit die slawetaal in Afrikaans gekom het, is 'n strydpunt tussen voor- en teenstanders van Hesseling se "Maleis-Portugees"-teorie oor die ontstaan van Afrikaans.

Van die naasteby honderd woorde waaroor dit gaan, is die oorgroot meerderheid selfstandige naamwoorde: name van plante of die vrug en saad van plante, soos *froetang*, *katjiefiering*, *lemoen*, *mielie*, *nartjie*, *piesang*, *rissie*; van diere, visse en voëls, soos *halfkoord*, *koperkapel*, *malgas*; van kossoorte en speserye, soos *atjar*, *blatjang*, *bobotie*, *borrie*, *bredie*, *sosatie*, *zasal*; van kledingstukke, sierade e.d., soos *baadjie*, *kabaai*, (*oor*)*krabbetjie*, *sambreel*, *tjalie*; van huishoudelike sake, soos *gorlet* (*beker*), *karba*, *katel*, *piering*; verder enkele name van verskillende aard, soos *kraal*, *laksman* ("beul" en dan ook as voëlnaam), *nonnie* en *nôl*, *ramkie*, *tronk*. Buite die selfstandige naamwoorde is te noem die byvoeglike naamwoorde *baar* en *oorlams*, die byvoeglike naamwoord en bywoord *tamaai*, die bywoord en onbepaalde telwoord *baie*, en die tussenwerpsel en voegwoorde-like bywoord (*al*)*maskie*.

As ons afsien van woorde wat in gebruik beperk is tot die Slamse vissersbevolking en omgewing, en van sommige ander wat by kinderspelletjies gangbaar is, is daar nie meer as tien tot twintig woorde van Maleise of gebroke Portugeese herkoms waarvan dit met 'n mate van sekerheid kan gesê word dat hulle aan die Kaap ontleen is nie. Die datering van die meeste van dié ontlenings is ook onseker. *Maskie* en *tronk* kom al in 17de-eeuse Kaapse stukke voor; *bredie* (as plantnaam) en *ramkie* (in die vorm *ravekinge*) tref ons in die eerste helfte van die 18de eeu aan, terwyl *bobotie* en *baie* kort na 1750 in ons bronne te voorskyn kom.

Die ontlening uit vreemde tale is van min betekenis in vergelyking met die oorgeërfde woordeskat en die "spontane" ontwikkeling van die Hollandse woordvoorraad aan die Kaap in die 17de en 18de eeu, die wordings-tyd van Afrikaans. Selfs wanneer alle woorde waaroor verskil van mening

omtrent hul "vreemde" herkoms bestaan het, as ontlenings beskou word (dus ook *assegaai, baadjie, baba, boet, bottel, ma, pa, soebat* e.a.), maak die ontleende woorde (met insluiting van dié uit Hottentots, soos *gogga, kirie*) iets meer as 'n halwe persent uit van die Afrikaanse kernwoordeskat van ruim 3 000 soos deur Barnes opgestel. In die frekwensielys staan die woorde wat vrywel seker uit die slawetaal ontleen is, in die volgende orde: *baie* op nommer 73, *nô* op 1 458, *sambree* op 1 849 en *tamaai* op 2 303.²

Dit is 'n begryplike strewe van taalhistorici om in die Afrikaanse woordeskat te onderskei tussen wat uit die moedertaal afkomstig is (die sogenaamde "erfgoed") en wat hier tot ontwikkeling gekom het (die sogenaamde "eiegoed"). By die erfgoed wat vermoedelik nie algemeen Nederlands was nie, ontstaan verder die vraag uit watter lokale en sosiale taalkringe die woorde en uitdrukkings in Afrikaans gekom het. Met die groot leemtes in die Nederlandse leksikografie in die algemeen, en meer in die besonder met die baie gebrekkige kennis van die 17de- en 18de-eeuse Nederlandse woordgeografie, is dit dikwels 'n haglike onderneming om op sulke vrae antwoord te gee. As ons Afrikaanse woorde soos *beslommernis* (Ndl. *beslommering*), *bloedjong* (Ndl. *piepjong*), *bywerk* (Ndl. *bijenwas*), *dennebol* (Ndl. *denappel*), *dolleeg*, *kisklere*, *kleintongetjie* (Ndl. *huig*), *kniehalter*, *muishond*, *operd* (Ndl. *aanaarden*), *oorloper(ooi)*, *slegmaak* (Ndl. *zwart maken*), *wenakker* in Nederlandse dialekwoordeboeke aantref, kan ons nie met sekerheid sê hulle is in Afrikaans afkomstig uit dié gebiede waar hulle opgeteken is nie – às hulle inderdaad uit Nederlandse dialekte stam. Dit is ook moeilik om te beslis of die dialektiese verspreiding van die woorde in Nederland verantwoordelik is vir die gebruik in Afrikaans van (boontjies) *afhaar* (Ndl. *afhalen*), *bry* (Ndl. *brouwen*, in die betekenis 'n keel-r uitspreek), *feillap* (Ndl. *dweil*), *gerf* (Ndl. *schoof*), *graaf* (Ndl. *schop* of *spa*), *kap* (Ndl. *hakken*), *onder* (Ndl. *beneden*), *runnik* (Ndl. *himniken*), *vat* (Ndl. *nemen* of *grijpen*), *waai* (Ndl. *knieholtie*) en dergelike. Van bepaalde woorde weet ons met sekerheid dat hulle uit die seemanstaal in Afrikaans gekom het, soos *harpuis* (ook in die betekenis van Ndl. *hars*), *kombers* (Ndl. *deken*), *kombuis* (Ndl. *keuken*), en waarskynlik ook *balie* (Ndl. *tobbe*).

Die 17de-eeuse Nederlandse woordeskat is nie in sy geheel aan die Kaap oorgeplant nie; of woorde wat aanvanklik hier in gebruik was, het uitge-

2. Prof. C. B. van Haeringen het in sy *Nederlands Handwoordenboek* (10de dr., 1965) plus-minus 130 woorde van Indonesiese oorsprong opgeneem – daaronder 'n hele aantal wat ook in Afrikaans bekend is, soos *baadje, baar, djamboe* (Afr. *jamboes*), *goeroe* (Afr. *ghoeroe*), *kabaai, nomie* en *nonna, orang-oetang, pikollen* (Afr. *piekel*), *pondok, soebat*, ens.

sterf omdat hulle in die nuwe lewensomstandighede nie meer in 'n behoefte voorsien het nie. Aan die ander kant het woorde in Afrikaans bly leef wat in Nederlands verdring is, soos *borsspeld* (Ndl. *broche*), *stiksiende* (Ndl. *bijziende*); en woorde word in Afrikaans nog in betekenis of met betekenisonderskeidings gebruik wat in Nederlands verouderd is, soos *ander* "volgende" (in "*ander week*", "*ander maand*", "*ander jaar*"), *byval* "te binne skiet", *haastig* "opvlieënd, driftig", *manier* "gebruik, gewoonte", *net* "presies" (in "*net skiet*"), *party* as onbepaalde telwoord.³ In die nuwe land, met 'n volkome verskillende klimaat, bodemgesteldheid, plant- en dierelewe en algemene bestaanswyse van die volksplanters, het bestaande Nederlandse woorde nuwe toepassings gekry en is die woordeskat onoor sienbaar verryk deur nuwe woordskeppings om in al die nuwe behoeftes aan naamgewing te voorsien. Dit is onmoontlik om deur enkele voorbeelde selfs 'n vae voorstelling van hierdie verryking van die Afrikaanse woord-voorraad te gee.

Deur die hele wordingstydperk van Afrikaans het die volksplanters, in die Kaap en sy onmiddellike omgewing maar ook in die buiteland, sy dit daar in minder mate, met die Nederlandse moedertaal in aanraking gebly. Die spore daarvan is sigbaar in die verryking en wysiging van die Afrikaanse woordeskat onder Nederlandse invloed. Om 'n enkele voorbeeld te noem: in die loop van die 18de eeu is die oorspronklike verwantskapswoord *moei* in Nederland deur die Franse leenwoord *tante* verdring. Aan die Kaap het *moei* tot in die begin van die 19de eeu bly voortbestaan;

3. Ter illustrasie net enkele besonderhede oor twee gevalle van behoud of verlies van woorde uit die randgebied van die Afrikaanse woordeskat:

Wat in Ndl. *kip* en in die mv. *kippen* genoem word, heet in Afr. *hoender* (*hen*) en in die mv. *hoenders*. Die Afr. ekv. *hoender* is geabstraheer uit *hoenders*, wat eintlik 'n dubbele mv. is: *hoen* + *er* + *s* (vgl. Duits *Huhn* mv. *Hühner* - die invoeging van *d* tussen *n* of *l* en *-er* is 'n gewone verskynsel in Ndl.; in Afr. sê ons nog *hoener*). Die feit dat *kip* in Afr. onbekend is, is daaraan te wyte dat dit pas in die 18de eeu in Ndl. in gebruik gekom het en toe bestempel is as 'n "lae" of plat woord wat net in "gemeensame styl" pas. Die naam *kip* het ontstaan uit die lokroep *kiep*, *kiep!* In Afr. is *kiepie*, *kiepie!* as lokroep en *kiep!* as wegja-woord goed bekend; in kindertaal of spottend word *kiep*(ie) dan ook wel vir "hoender" gebruik.

Soms is 'n ou Ndl. woord net in 'n Afr. spreekwoord of spreekwoordelike uitdrukking bewaar. Dit is die geval met *woord* (byvorm van *woerd*) as naam vir die mannetjieseend in: *Woorde is goed, maar die pielie lê die eiers* met die betekenis "praat is maklik, maar doen is die ding". *Pielie* is in oorsprong (net soos *kiepie* vir *hoenders*) 'n lokwoord vir eende (Ndl. *piele*, *piele!*). In talryke Ndl. dialekte het die lokroep in verskillende vorme ook as naam vir die wyfie-eend of vir eende of eendjies in die algemeen in gebruik gekom; moontlik is *pielie* ook buite die bostaande spreekwoord in sekere praatstyle in Afr. as naam vir 'n eend(jie) bekend.

maar eindelijk is die Nederlandse voorbeeld gevolg, sodat *moei* (in die verkleiningsvorm *motjie*) vandag net nog in die Afrikaans van nie-blankes as benaming vir 'n Slamse vrou in gebruik is.

Met die opkoms van die Nederlandse joernalistiek aan die Kaap kort na 1825 en die toenemende intellektuele ontwikkeling van die Afrikaanssprekende bevolking het die verryking van die Afrikaanse woordeskat deur aanvulling uit Nederlands hand oor hand toegeneem. Die omvang van dié beïnvloeding blyk onder andere uit die gebruik in Afrikaans vandag, in gesproke sowel as in geskrewe taal, van talryke woorde wat laat uit Duits in Nederlands gekom het, baie waarvan nog tot diep in die tweede helfte van die 19de eeu in Nederland as verderflike germanismes beskou is.

In die laaste desennie van die 18de eeu, toe die Suid-Afrikaanse inboorlingtaal waarmee die Hollanders die eerste in aanraking gekom het, nl. Hottentots, binne die grense van die volksplanting vinnig aan die uitssterwe was, het die Afrikaanssprekendes aan en buite die grense van die volksplanting met die Bantoebevolking in aanraking gekom; daardeur is die moontlikheid geskep om Bantoeoorde in Afrikaans oor te neem. Tot hiertoe het min woorde uit die Bantoeale in die algemene Afrikaans ingang gevind; die ontlenings dateer byna almal uit die tyd na die vestiging van die republieke oorkant die Oranjerivier, die Vaalrivier en die Drakensberge wat op die Groot Trek gevolg het. Onder die bekendste Bantoeontlenings in Afrikaans is die voëlname *mahem* en *sakaboela*, die slangnaam *mamba*, die plantname *maroela*, *tamboekie*(gras) en *tambotie*; verder woorde wat verband hou met die Bantoelewe soos *impie*, *indoena* en *lobola*, of betrekking het op die bodem, soos *donga*, en veeteelt, soos *tollie*. Algemeen bekend in Afrikaans is die ontkenende uitroep (*h*)*aikôna!* In die jongste tyd kon Bantoeoorde ook deur Engelse bemiddeling in Afrikaans gekom het. Dit was waarskynlik die geval met 'n nuwe ontlening soos *dagha* "bouklei".

Die ingrypendste vreemde invloed op die Afrikaanse woordeskat is ongetwyfeld dié van Engels. Dit het anderhalwe eeu gelede begin, met die finale Britse oornam van die Kaap, en duur nog voort. Die Engelse invloed is so groot nie net omdat Engels 'n magtige handels- en kultuurtaal is en in die grootste deel van die land lank die heerserspraak was nie, maar ook omdat 'n baie hoë persentasie Afrikaanssprekendes tweetalig is en onder die ontwikkelde klasse dikwels meer Engels as Afrikaans of Nederlands gelees word.

In talryke gevalle van Engelse beïnvloeding het ons te make met betekenisontlening (soos by die gebruik van *lyn* ook in die betekenis "reël") of met (deels) letterlike vertaling (bv. *sypaadjie* vir Eng. *side-walk*). Dié

soort invloed is nie altyd maklik herkenbaar nie, met die gevolg dat die puristiese strewe van die afgelope jare daarteen veel minder kans op welslae gehad het as teen die duidelik herkenbare vreemde woord.

'n Menigte Engelse woorde wat in Afrikaans gekom het in die tydperk van die kwaaieste anglisering en lank in Afrikaans in gebruik was, is later weer deur die suiwer Hollands-Afrikaanse ekwivalente vervang (soos *juts* deur *regter*, en *koort* deur *hof*) of is besig om hul houvas te verloor (soos *brekfis* teenoor *ombyt*, *briek* teenoor *rem*, *bottelstoor* teenoor *drankwinkel*). Maar daar is heelwat woorde wat as volkome ingeburger beskou word en ook in uitspraak aan die Afrikaanse klanksisteem aangepas is, soos *bloekom*, (Eng. *blue gum*), *enemmel* (Eng. *enamel*), *gelling* (Eng. *gallon*), *lorrie* (Eng. *lorry*), *ponie* (Eng. *pony*), *resies* (Eng. *races*), *sikspens* (Eng. *sixpence*), *trippens* (Eng. *threepence*), *trok* (Eng. *truck*), *trollie* (Eng. *trolley*).

In die onversorgde omgangstaal word baie Engelse woorde gebruik, in min of meer suiwer Engelse uitspraak. Teenswoordig word dit as 'n gebrek aan beskawing gesien. Die strewe is om vir sake waarmee die Afrikaanssprekende die eerste deur medium van Engels kennis maak, 'n geskikte Afrikaanse woord te vind of te maak as daar geen bruikbare Nederlandse woord bestaan nie. So het die volgende woorde, naas baie ander, in Afrikaans in algemene gebruik gekom: *duikweg* (vir *subway*), *naweek* (vir *week-end*) en *toebroodjie* (vir *sandwich*). Deurdadig in boeke, koerante en tydskrifte, in die skool en oor die radio die onnodige gebruik van Engelse woorde vermy word, groei die jonger geslag met die Afrikaanse woorde op en word die Engelse invloed op die Afrikaanse woordeskat enigsins aan bande gelê.

nie: in die een taalvorm van die Afrikaner is bewaar en het ontwikkel wat in die jonger taalvorm later na vereiste in gebruik kon geneem word.

In die afgelope dertig, veertig jaar is Afrikaans op 'n literêre vlak gebruik wat nie laer lê as dié van watter Europese kultuurtaal ook al nie. Om een voorbeeld te noem: "Die Swart Luiperd", wat Van Wyk Louw in 1942 geskryf het, beskou prof. W. A. P. Smit, van die Utrechtse Universiteit, "als een der hoogste toppen, niet alleen in de poëzie van Zuid-Afrika, maar ook in die van de gehele Dietse taalgemeenschap". Die hele bundel *Gestalten en diere* en die groot en grootse bundel *Tristia*, wat twintig jaar later verskyn het, bewys – as bewys nodig was – dat Afrikaans as literêre uitdrukkingsmiddel tot alles in staat is. Alles hang van die vermoë van die gebruiker af, nie van die taal nie.

Die gespesialiseerde vakterminologie van wetenskap en tegniek lê aan die periferie van die sentrale woordeskat van elke taal. In die afgelope tyd het Afrikaners al meer tot terreine toegetree waarop hul vroeër glad nie of nouliks beweeg het: handel en nywerheid, bank- en versekeringswese, selfs die mynwese, en Afrikaans word gebruik in navorsingsinstitute en aan ons universiteite op die hoogste geestes- en natuurwetenskaplike vlak.

Deur die samewerking van die regering en die Suid-Afrikaanse Akademie is vakwoordeboeke saamgestel sodat die Afrikaanse tegnikus en geleerde die nodige middele tot sy beskikking het as hy sy eie taal gebruik. Elke taal pas hom steeds aan, of word deur sy gebruikers uitgebou, om in nuwe behoeftes te voorsien. Die Afrikaner kan in sy eie taal alles sê en skryf wat hy te sê of te skryf het, mits hy hom deur en deur daarmee vertrou maak – en dit kom nie sonder vanself nie.

Afrikaans het gegroei tot volwaardige gebruikstaal. Die vraag is nog: watter gebruik maak ons daarvan, en gaan ons daarvan maak. Dit is essensieel dat Afrikaans as alledaagse gebruikstaal op alle terreine leef, as gesproke en geskrewe taal: in die landsbestuur, die regspleging, in handel en nywerheid – oral waar dag ná dag in ons land gepraat en geskryf word.

Maar dit is nie al nie, en nie genoeg nie. Die waarde van 'n kultuurtaal word bereken, feitlik uitsluitend bereken, op grond van wat van blywende waarde in boek en tydskrifartikel verskyn. Dis hier veral waar die vrees vir die hede en toekoms 'n mens soms om die hart slaan. Is ons Engelstalige landgenote ons nie op baie – miskien die meeste – gebiede ver voor nie? Waar is, byvoorbeeld, ons groot werke oor ons boukuns, Kaapse meubels en silwer, oor ons diere, voëls en visse, oor ons bome, plante en blomme? Is dit ons werklik erns met Afrikaans as volwaardige gebruikstaal? En lê ons hele toekoms, ons diepe reg tot voortbestaan as Afrikaners, nie daarin opgesluit nie?

2 Wie was die eerste Afrikaner?

UIT: BYLAE TOT DIE BURGER, VRYDAG, 10 OKTOBER 1975

Toe *Die Burger* my vra om 'n stukkie te skrywe oor die vraag "Wie was die eerste Afrikaner?" het ek dadelik geantwoord: "Nie Hendrik Bibault nie."

Byna vyftig jaar gelede, op 21 September 1928, het prof. J. L. M. Franken 'n artikel in opgeskroefde styl in *Die Huisgenoot* laat verskyn: "Hendrik Bibault of die Opkoms van 'n Volk".

In dié artikel het hy die ontstaan van Afrikaans, die opkoms van die Afrikaanse nasie en selfs die ontwaking van die nasionale bewussyn laat saamval in die eerste jare na 1700, in die tyd van die opstandigheid van Kaapse burgers, en spesiaal die boere van Stellenbosch en Drakenstein, teen die dwingelandy van Willem Adriaan van der Stel.

In die beginjare van die agtiende eeu was daar al in die Hollands van blanke Kaapse boorlinge, veral van die tweede en die derde geslag, eweas in die Hollands van Hottentotte en slawe, elemente wat ons as kenmerkend van Afrikaans in teenstelling met Nederlands beskou; maar om te sê dat Afrikaans toe al ontstaan het – daarvoor het ons tot vandag toe geen bewyse nie.

Waar ons wel nou bewyse voor het, is dat Hollands in die mond van burger, slaaf, Hottentot en kleurling vinnig aan die beweeg was in die rigting van Afrikaans en dat die "Hollands" wat omstreeks 1770 in die alledaagse omgang aan die Kaap gebruik is, baie na gestaan het aan Afrikaans soos wat ons, wit en bruin, dit vandag praat. 'n Mens kan dit sê stel, dat die veranderinge wat ná 1775 in die struktuur van ons taal ingetree het, nietig is in vergelyking met wat in die honderd jaar daaraan voorafgaande plaasgevind het.

Maar om nou eers weer terug te keer na Hendrik Bibault en wat prof. Franken van hom gemaak het. Dit was in Maart 1707, kort na dit aan die Kaap bekend geword het dat die Bewindhebbers in Nederland die burgers in hul verset teen Willem Adriaan van der Stel gelyk gegee het. Die vreugde op Stellenbosch was groot, en onder die onverantwoordelike elemente uitspatlik.

Vier half besope en baldadige jong mans – onder hulle die pas sewentienjarige Hendrik Bibault – maak op Sondag, 6 Maart, groot moles in die kompanjiesmeul op Stellenbosch. Die gehate landdros Starrenburg kom by. Twee van die jong losbandiges spring op hul perde en ja weg. Hendrik kan nie betyds wegkom nie; hy kry 'n paar houe met 'n rottang en vlug weer

in die meul. Die landdros probeer hom oorreed om stil huis toe te gaan, maar dan skreeu hy die volgens Franken so hoogs betekenisvolle woorde uit: "Ik wil niet loopen, k'ben een Africaander, al slaat den Landdrost myn dood, of al setten hij myn in den tronk ik sal nog wil niet swijgen."

Dit is Hendrik Bibault se gebruik, onder die besondere omstandighede, van die woorde "k'ben een Africaander" wat prof. Franken so opgewonde gemaak het.

Die woord *Africaan* of *Afrikaan(d)er* is in die sewentiende eeu deurgaans gebruik vir 'n inboorling; die jong Hendrik Bibault se uitroep bevat die oudste bewysplaas aan ons bekend waar dit ook op 'n aan die Kaap gebore blanke toegepas is. Dis twyfelagtig of ons, soos Franken dit doen, groot waarde aan die "trots" van die beskonke jong man moet toeken. En dis baie beslis nie so dat *Afrikaner* deur Bibault naastenby gebruik is in die sin wat ons vandag aan die woord heg nie. Tot diep in die tweede helfte van die agtiende eeu is *Afrikaner* nog gebruik in toepassing op wie ook al aan die Kaap gebore is. So lees ons byvoorbeeld in 'n argiefstuk van 1768 (CJ 393, teenoor bl. 265) van "een slaaven jongen Andries, dewelke een africaner is".

In die loop van die agtiende eeu is nog onderskei tussen Vaderlanders, d.w.s. mense wat in Nederland gebore is, en Afrikane of Afrikaanders. Burgers van Duitse herkoms het gou in die Hollandse bevolking opgegaan - in baie gevalle is selfs hul vanne verhollands, of deur vertaling (soos Hoofvlees vir Hauptfleisch) of deur aanpassing van 'n Duitse uitspraak aan die Hollandse klanksisteem (soos Skols vir Scholtz).

Die Franse Hugenote, wat hulle eers afsydig gehou het, het hul in die stryd teen Willem Adriaan in die jare 1705-1707 een gevoel met die Hollandse burgers. Dit het hul oplossing in die nuwe wordende gemeenskap bevorder. Al in 1725 was die Franse taal aan die Kaap op sterwe na dood, sonder dat dit merkbare direkte invloed op die wording van Afrikaans uitgeoefen het.

Van groot belang vir ons as ondubbelsinnige getuie oor die bestaan van 'n aparte volksgroep met 'n eie aard is die verklaring van die Nederlandse skout-by-nag Stavorinus wat omstreeks 1770 aan die Kaap was: "De eerste Europese bevolking dezer Colonie, uit verscheiden Natiën bestaan hebbende, zijn thans, door langheid van tijd, zoodanig onder een gesmolten, dat zij niet meer van elkanderen te onderscheiden zijn; zelfs de meesten van die, welken in Europa geboren zijn, en eenige jaaren hier hebben gewoond, hebben, als 't ware, hun nationaal character voor dat van dezen landaart verwisseld".

Tot volledige nasionale bewussyn sou dié bevolkingsgroep eers 'n hon-

derd jaar later kom. Hulle het in 1770 seker nie aan hulself as 'n nasie gedink nie, het aan hulself nie 'n groepnaam gegee soos ons onself nou Afrikaners noem nie, en het beslis nie hoë agting gehad vir die taal wat hul praat nie. Dis waarskynlik bloot toeval dat ons uit ongeveer dieselfde jaar as dié waarin Stavorinus die bostaande waarneming gemaak het, die eerste opgetekende sin in die spreektaal van 'n Afrikaanse vrou, Hanna Wagenaar, kry – en dit so ná aan Afrikaans van vandag as kome kan: “Het hulle dan overal geloop waar ons geloop het? Hoe weet hulle dat of het hulle de neus daar beij gehad?”

In dié sin is daar net drie betreklik onbelangrike vorme wat nie met die Afrikaans van vandag ooreenstem nie: *overal* vir *oral*, *dat* vir *dit* en *de* vir *die*. Dis moontlik, in die geval van *de* vir *die* selfs seker, dat die on-Afrikaanse vorme in die opgetekende sin aan die dwang van die Nederlandse skryftradisie moet gewyt word en nie uit die mond van Hanna Wagenaar gekom het nie. Letterlik oorgesit sou die sin in Nederlands gelui het: “Hebben zij dan overal gelopen waar wij gelopen hebben? Hoe weten zij dat? Of hebben zij de neus erbij gehad?”. Maar in idiomatieser Nederlands sou Hanna gesê het: “Zijn zij dan overal geweest waar wij geweest zijn? . . .”.

Net so min as die aparte volksgroep het die nuwe taalvorm 'n vaste naam gehad. Tot diep in die neëntiende eeu is dit in geskifte ter onderskeiding van Nederlands *Afrikaans-Hollands* of *Kaaps-Hollands* genoem. In my jeugjare, sê maar tot 1917, toe ek universiteit toe is, het ons ons spreektaal altyd bloot *Hollands* genoem; Nederlands was vir ons *Hoog-Hollands*. In geskifte is in die neëntiende eeu ook *Kaaps* gebruik as afkorting van *Kaaps-Hollands* (wat moontlik net 'n vertaling van *Cape Dutch* was). *Afrikaans* as afkorting van *Afrikaans-Hollands* het by die eerste voorstanders van Afrikaans (die latere Genootskappers en hul aanhang) in gebruik gekom en het maar stadig ingang gevind onder die breë lae van die volk.

Neem ons al dié dinge in aanmerking (wording van 'n aparte volksgroep, ontwikkeling van 'n onderskeidende taal, geleidelike verenging van die betekenis van die benaming *Afrikaner*, laat ontwaking van 'n nasionale bewussyn en ewe laat in gebruik kom van *Afrikaans* as naam van ons spreektaal), dan sien 'n mens dat prof. Franken in sy opwinding gans en al te veel gelees het in die uitroep van Hendrik Bibault, vir wie hy as 't ware tot nasionale held wou opstoot.

“Wie was die eerste Afrikaner?” is 'n vraag wat 'n mens nie kan beantwoord nie. Dis moeilik genoeg, byna onmoontlik om te sê van wanneer af ons van Afrikaners en Afrikaans kan begin praat. Daar was 'n hele reeks geleidelike oorgange wat saamgegaan het in die wording van iets nuuts.

Ek glo darem dat ek met veiligheid kan sê dat as 'n Afrikaanse boer van vandag, hier êrens uit die Boland, deur 'n wonderwerk in aanraking sou kon kom met 'n boer uit dieselfde streek van tweehonderd jaar gelede, hy dadelik sal besef dat hy met 'n taal- en volksgenoot te make het - al kan hy dan nie met hom oor rugby en die politiek gesels nie.

NASKRIF, 11 Desember 1979: In die tweede helfte van die jare veertig, kort na die verskyning van die eerste nommer van *Standpunte* in Desember 1945, het ek die plan opgevat om 'n artikel onder die hoof "Boer, Afrikaner, Afrikaans" vir die nuwe kwartaalblad te skrywe. Van Wyk Louw was ingename met die gedagte. Ek het toe al gegewens gehad wat ek uit ou land- en reisbeskrywings, uit historiese studies en uit die bundel *Voortrekker-Argiefstukke 1829-1849* gehaal het, en ek was aan die lees van *Records of the Cape Colony, Feb. 1793 to Apr. 1831* om te wete te kom watter name toe in Engelse amptelike stukke vir die "Hollands"-sprekende blanke bevolking gebruik is. Ek was in dié tyd ook druk besig met ander werk, met die gevolg dat van die skryf van die artikel niks gekom het nie - die eerste helfte van 1948 was ek met studieverlof in Europa, en in 1950 was Van Wyk Louw al as hoogleraar in Amsterdam. Toe ek ruim 'n kwarteeu later die bostaande stuk op versoek vir die Bylae van *Die Burger* skrywe, het ek dit blykbaar onnodig gevind om die bewaarde materiaal tussen baie ander op te spoor. Noudat die koerantartikel as bylae in 'n boek verskyn, wil ek tog enkele gegewens uit die ou, ongebruikte materiaal daaraan toevoeg.

In 'n boek wat in (1819) in Londen verskyn het: G. A. Robertson, *Notes on Africa . . .*, het die uitgewer 'n "Appendix containing a compendious account of the Cape of Good Hope" toegevoeg ten behoeve van "those persons who are desirous of establishing themselves in that country" (dit was die jaar voor die koms van die Britse Setlaars). Dit word nie gesê wie die "Appendix" saamgestel het nie, alleen dat dit gebaseer is op "the most authentic sources". Op bladsy 382 lees ons dan: "The remaining part of the population of the Colony of the Cape, consists of settlers of three descriptions: descendants of Portuguese adventurers [! ?], French refugees, and Dutch emigrants; but the latter are by far the most numerous, and they affect all of them, notwithstanding they speak very bad Dutch, to lay aside their original and national characters, and to style themselves as an original nation, *Africane[r]s*". Dit is, by my wete, die eerste keer dat dit op skrif gestel is dat die "Hollands"-sprekende burgers hulself as 'n aparte nasie beskou en Afrikaners noem.

Die nasionale saamhorigheidsgevoel was vanselfsprekend nie by almal ewe sterk aanwesig nie. Die Groot Trek en die tragiese gebeurtenisse van 1838 en later het die nasionale bewussyn, die gevoelens van lotsverbondenheid versterk en in wyer kring laat posvat. Dit blyk uit verskeie briewe wat in die *Voortrekker-Argiefstukke* gepubliseer is.

Op 23 Julie 1838 stuur die Voortrekkerleier Andries Pretorius aan ds. Van der Lingen in die Paarl 'n brief waarin ons lees: ". . . terwyl wy weet dat UEd. een ware Afrekaan ben en met alle onse rampen bekend zijn", en op 1 Junie 1839 skryf Christoffel Brand, pas benoemde redakteur van "ons vaderlandsche corant *De Zuid-Afrikaan*" aan Pretorius onder andere: "Gij moet nooit uit het oog verliezen, dat ik Afrikaander ben, en dus in de welvaart van mijne uitgeweken landslieden belang heb. Er is hier onlangs een nuws blad uitgekomen, getiteld '*de Ware Afrikaan*', geschreven door een jongen Engelschman - nota bene, de *Ware Afrikaan*, door een Engelschman", en twaalf dae later, op 13 Junie, weer: "Als Afrikaander die belang in zijne uitgewekene zonde genoten stelt en deel nemen in hun lot, wensch ik uwe belangens in mijne blad te verdedigen . . .". Op 6 Maart 1847 skrywe Andries Pretorius "Aan alle den Emmegranten. Aan myne waarde Lantgenooten" na aanleiding van die benoeming van 'n predikant vir die Voortrekkers: "Daar ik nooyd sullen ophouden Afrikaander te zyn kan ik niet zwygen wanneer ik myne Landgenooten sien dwaalen".

Andries Pretorius onder die Voortrekkers en Christoffel Brand onder ander burgers was nie die enigste wat hul in dié tyd Afrikaander noem nie. Op 19 April 1849, in 'n tyd van onenigheid onder Trekkers oorkant die Vaalrivier, skryf J. J. Burger, sekretaris van die pas gestigte Volksraad, uit Ohrigstad 'n lang brief waarin die volgende voorkom: ". . . en wy maar alleen daar voor vrees, wanneer wy ons met hun inlaten, uiteindelyk daar van komen kan dat de Africaanders elkanderen nog zal uitroeien"; en op 4 November 1847 skrywe M. W. en S. E. Vorster uit "Geduld" êrens in Kaapland aan hul broer en suster onder andere: ". . . en dan, myn broeder, wees dan met u errenstig gebeden voor den troon van Eemanuel, want wy arme Afrikaanders zyn tog teveel en [=in] een verdrukten (toestand?)".

In bostaande sitate uit die tweede kwart van die 19de eeu is nog twee keer die naam *Afrikaan* gebruik waar ons *Afrikaander* (of *Afrikaner*) sou verwag. Maar *Afrikaan* is bloot die suiwer Nederlandse vorm van die Kaaps-Hollandse *Afrikaner* soos ons ook vind dat Nederlands *Amerikaan* het teenoor *Amerikaner* in Afrikaans. Wat van meer belang is, is die verbinding van *ware* met *Afrikaan* reeds in die jaar 1838, wat laat sien dat toe S. J. du Toit sy beroemde reeks artikels in *De Zuid-Afrikaan* van 8, 11 en 22 Julie 1874 rig "Aan alle ware Afrikaanders" en sy stuk met die skuilnaam "Een

Ware Afrikaander" onderteken, hy hom van 'n verbinding bedien het wat toe al byna veertig jaar lank, of selfs langer, in gebruik was.¹

Dit was in dié jare geen nuwigheid dat burgers hulself *Afrikaners* (of *Afrikanen*) genoem het nie; wat van belang is, is dat hul nooit *Boere* as volksnaam gebruik het nie. Ons lees wel in die *Argiefstukke* uitdrukkings soos "ons arme Afrikaansche boeren" (R. 140/48); en Andries Pretorius sê in sy toespraak op 23 Mei 1849 na sy verkiesing tot voorsitter van die Volksraad: ". . . dog gy sult nooyt uit het oog verliesen dat ik ook maar een ongeleerde Boer ben", maar die gebruik van 'n hoofletter sê hier niks, want hoofletters word ook elders aangetref waar dit nie pas nie. Dit is wel moontlik dat toe Christoffel Brand aan die begin van sy brief van 13 Junie 1839 aan Pretorius waarin hy homself verder op 'n "Afrikaander" noem, die volgende skrywe: "De manmoedigheid en dapperheid van u, en uwe manschappen, is by die gelegenheid uitgeblonken, en de wereld zal met achting en eerbied den naam van *Afrikaansche Boer* horen uitspreken", hy die kursief gedrukte woorde vir 'n deel uit (Suid-Afrikaanse) Engels oorgeneem het om, soos meermale in die geskiedenis gebeur het, 'n denigreerende benaming tot ere naam te verhef.

Al in die 16de eeu is *boor* (uit Nederlands *boer* of Nederduits *bûr*) in Engels gebruik in die betekenis "Dutch or German peasant". In die eerste kwart van die 19de eeu het *boor* die betekenis "Dutch colonist" gekry. Aan die Kaap het naas *Boor* (nou meestal met 'n hoofletter geskryf) betreklik gou ook die spelvorm *Boer* soos in Hollands in gebruik gekom. By die lees van baie dele van die *Records of the Cape Colony* het dit my getref dat die vorm *Boor* by voorkeur gebruik is wanneer skerp krities oor die (grens)boere geskryf word, teenoor anders meestal die spelvorm *Boer*. 'n Kwaai voorbeeld hiervan is die slot van die afgetrede waarnemende goewerneur Francis Dundas se antwoord op die eerste van 'n reeks vrae wat sy opvolger, Sir George Yonge, omtrent die distrik Graaff-Reinet aan hom gestel het: ". . . the Boors are the strongest compound of cowardice and cruelty, of treachery and cunning, and most of the bad qualities with few very few of the good ones, of the human mind" (20 Februarie 1800, *R.C.C.* III, bl. 58).

Mettertyd het *Boer* in Engels al hoe meer van benaming vir 'n volksdeel tot volksnaam ontwikkel. Dié ontwikkeling is voltrek gedurende die Vryheidsoorlog van 1899-1902 ("the Boer War"), toe *Boer* via Engels as volksnaam ingedring het ook in Duits, Frans en ander Europese tale, selfs in

1. Teenswoordig word die verbinding 'n *ware Afrikaner* selde of nooit in Afrikaans gebruik nie, maar in Suid-Afrikaanse Engels hoor jy nog dikwels sê: "He is a ware Afrikaner" as daar, enigsins ironies, na 'n nasionaal gesinde Afrikaner verwys word.

Nederlands – nog in die jongste, “geheel opnieuw bewerkte” uitgawe van Van Dale (1976) staan onder *boer* (“met hoofletter”) te lees: “Hollands sprekende kolonist van Zuid-Afrika, oorspr. inz. die van de Transvaal en de Oranje-Vrijstaat”, met die toevoeging: “thans zegt men meest Afrika-(a)n(d)er”.²

Die naam *Afrikaner*, of in sy sekondêre vorm *Afrikaander*, is al byna drie eeue oud; sy begripsinhoud en gevoelswaarde het met die verloop van tyd en onder wisselende omstandighede baie verander. Veral in die Patriottetijd, 1779-1791, toe elemente van verskillende herkoms – hoofsaaklik Hollands, Frans en Duits – al tot ’n nuwe eenheid saamgesmelt was, het die veranderinge wat reeds plaasgevind het, in versoekekrifte en ander stukke deur die Patriotte opgestel, duidelik aan die lig gekom. Van omstreeks 1785 af word na Suid-Afrika al hoe meer verwys as “ons vaderland”, “ons dierbaar vaderland”; Nederland is nou vir “onze Africaners” nie meer “het Vaderland” nie, maar “de Republiek” (kyk C. F. Beyers, *Die Kaapse Patriotte* 1ste druk, 1929, bl. 104, 168, 231; 2de druk, 1967, bl. 133, 198-99, 327). Die gevoel dat alle Afrikaners saam ’n aparte volkseenheid uitmaak, is aangewakker deur die oornam van die Kaap deur die Britte. Die toestand in die oostelike en noordoostelike grensgebiede, die Groot Trek, die lotgevalle van die Trekkers en die Brits-Imperiale beleid van herhaalde kant kies teen die “Boere”-republieke, het eindelik al hoe meer Afrikaners tot volledige nasionale bewussyn gebring. Die nasiebewustheid van die Afrikaner, waarvan sy taalbewustheid een van die belangrikste aspekte is, het die afgelope eeu ’n onberekenbaar groot rol in die Suid-Afrikaanse

2. Belangstelling in die geskiedenis van die name *Boer*, *Afrikaner* en *Afrikaans* is in die jare veertig gewek deurdat daar toe in sekere kringe (veral onder aanhangers van die Ossewabrandwag-beweging) emosionele voorkeur gegee is aan die gebruik van die woorde *Boere*, *Boerevolk*, *Boeretaal* en dergelike sonder die besef dat eintlik van deels Anglisistiese terminologie gebruik gemaak word. In ’n brief in *Die Huisgenoot* van 2 Maart 1951 in antwoord op ’n vraag van J. N. v.d. M. “Afrikaners of Boere?” deel F. A. van Jaarsveld kortliks die resultate van eie ondersoek mee. ’n Interessante vonds van hom in Londen was ’n brief van waarnemende president Erasmus van die Z.A.R. waarin hy op 22 Desember 1871 by goewerneur Sir Henry Barkly beswaar maak dat “the people of this republic are alluded to under the appropituous [*sic!* Lees *opprobrious*] epithet of ‘Boers’”. Van Jaarsveld verwys in sy brief ook na ’n artikel, toe nog aan my onbekend, van M. C. Botha in *De Ruiter* van 17 Oktober 1947. Ek het dié stuk nou nageslaan. Dit het tot titel “Afrikaner of Boer?” maar bevat nie gegewens van deurslaggewende belang vir my wat nie reeds in my materiaal aanwesig was nie. Dis wel van belang dat M. C. Botha ook tot die gevolgtrekking gekom het dat die naam *Boere* in navolging van Engels in Afrikaans in gebruik gekom het en dat F. A. van Jaarsveld hom in sy brief in dié opvatting steun.

geskiedenis gespeel. Maar tot vandag toe sal dit uiters moeilik wees om 'n bevredigende inklusiewe en eksklusiewe definisie te gee van *Afrikaner* as spesifieke volksnaam, laat staan nog om antwoord te gee op die vraag: "Wie was die eerste Afrikaner?"

Bibliografie

Wie uitvoeriger bibliografiese gegewens en bronnelyste wil hê, kan die volgende werke van die skrywer raadpleeg: *Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875* (2de uitg. 1965), *Taalhistoriese opstelle* (1963), *Afrikaans uit die vroeë tyd* (1965), *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu* (1972), *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans* (2de uitg. 1975) en, spesiaal vir die eksterne geskiedenis van Afrikaans, die lysste en voetnote by die betrokke hoofstukke in Rob Antonissen, *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (3de uitg. 1965) en J. C. Kannemeyer: *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (deel I, 1978).

In die hier volgende lys word by skrywersname eers boeke genoem en dan artikels, telkens in alfabetiese orde volgens die eerste woord in die titel afgesien van lidwoorde en voorsetsels.

Net een afkorting vra verduideliking, nl. *TG* wat staan vir *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 'n publikasie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

- Barnes, A. S. V.: 'n *Tentatiewe kernwoordeskat in Afrikaans* (s. j.).
Boekenoogen, G. J.: "Afrikaansch en Noordhollandsch", *Album Kern* (1903).
Böeseken, A. J.: *Slaves and free blacks at the Cape, 1658-1700* (1977).
Boshoff, S. P. E.: *Volk en taal van Suid-Afrika* (1921).
Boshoff, S. P. E., en Nienaber, G. S.: *Afrikaanse etimologieë* (1967).
Bosman, D. B.: *Afrikaans en Maleis-Portugees* (1916).
— *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (1952).
— *Oor die ontstaan van Afrikaans* (1923, 2de uitg. 1928).
— "n Ondersoek na die gevelariseerde -ing in Afrikaans", *Nieuwe taalgids XXXI*, 58-70.
- Bosman, D. B., en Thom, H. B.: *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz Van Riebeeck* (3 dele, 1952-1957).
Botha, C. Graham: *Place names in the Cape Province* (1927).
Bouman, A. C.: *Onderzoekingen over Afrikaanse syntaxis* (1926).
Changuion, A. N. E.: *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld* (1844).
Cluver, A. D. de V.: "Die aard en ontwikkeling van Afrikaans as vaktal", *TG*, Des. 1975, bl. 329 vv.
Coetzee, Abel: *Die Afrikaanse volkskultuur* (1960).
— *Taalgeografiese studies 1* (1951).
Coetzee, Anna E.: "Nasalering in Afrikaans", *TG*, Apr. 1977, bl. 28 vv.
Combrink, Johan: "Die -de en die

- te by verboë verlede deelwoorde", *TG*, Junie 1969, bl. 93 vv.
- Conradie, C. J.: *Die diachronie van die Afrikaanse voltooidedeelwoord*. (Doktorale proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand, 1979 - ongepubliseer.)
- De Klerk, W. J. "Oor die aanspreekvorme in Afrikaans", in De Klerk, W. J., en Ponelis, F. A. (red.): *Gedenkbundel H. J. J. M. van der Merwe*, bl. 105 vv.
- De Klerk, W. J. en Ponelis, F. A. (red.): *Gedenkbundel H. J. J. M. van der Merwe* (1976).
- De Villiers, A. J. D.: *Die Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika* (1936).
- De Villiers, M(eyer): *Afrikaanse klankleer. Fonetiek, fonologie en woordbou* (3de uitg. 1965).
- *Die grammatika van tyd en modaliteit* (1968).
- *Werkwoordsvorme in Afrikaans in die verlede tyd* (1951).
- *Woordsoorte, werkwoorde en tye* (1948).
- De Waal, J. H. H.: *My herinnerings aan ons taalstryd* (1932).
- Du Toit, J. D.: *Ds. S. J. du Toit in weg en werk* (1917).
- Du Toit, P. J.: *Afrikaansche studies* (1905).
- (Du Toit, Ds. S. J.): *Geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging ver vrind en vyand uit publieke en private bronne, bewerk deur 'n lid van die Genootskap van Regte Afrikaners* (1880).
- Franken, J. L. M.: *Taalhistoriese bydraes* (1953).
- *Tentatiewe etimologieë* (1953).
- Hauptfleisch, D. C.: "Twee 'Afrikaanse' iteratiewe in Nederlands", *Standpunte*, Apr. 1967, bl. 50 vv.
- Heese, J. A.: *Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1867* (1971).
- "Die herkoms van die Afrikaner-volk", in Grobbelaar, Pieter W. (red.): *Die Afrikaner en sy kultuur. Deel 1.* (1974).
- Hesseling, D. C.: *Het Afrikaansch* (1899).
- *Het Afrikaans* (1923).
- "Het Hollandsch in Zuid-Afrika", *De Gids*, Jan. 1897.
- Hiemstra, V. G.: "Die opkoms van Afrikaans in die regspleging", *TG*, Des. 1970, bl. 251 vv.
- Kempfen, W.: *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans* (1969).
- "Die verbale hendiadis in Afrikaans", *Dietse studies*, bl. 77 vv. Kyk verder onder Lindenberg, E. e.a. (red.).
- "Die wyn en die Afrikaanse taal", in Opperman, D. J. (red.): *Gees van die wingerd* (1968).
- Kettley, G. M.: *Suid-Afrikaanse linguistiese bronnegids* (1970).
- Kloeker, G. G.: *Herkomst en groei van het Afrikaans* (1950).
- "Achtthiende-eeuwse u-citaten in het Afrikaans", *Nieuwe Taalgids XXXVIII*, 104 vv. X
- Kotzé, D. J.: "Gideon Jozua Malherbe: Stigterlid van die G. R. A.", *TG*, Junie 1975, bl. 57 vv.
- Kruisinga, E.: "De oorsprong van het Afrikaans", *Taal en letteren XVI*, 417 vv.
- Leibbrandt, H. C. V.: "Het Kaapsch-Hollandsch", *Het Volksblad*, byvoegsels 1 en 11 Julie 1882.

- Le Roux, J. J.: *Oor die Afrikaanse sintaksis I: Woordgroepe en volsin* (1923).
- *Handleiding in het Afrikaans voor Nederlanders* (1921).
- Le Roux, T. H.: *Afrikaanse taalstudies* (1965).
- *Beschrijvende klankleer van het Afrikaans* (1910).
- *Die dagboek van Louis Trigardt* (1964).
- "Raakpunte tussen Afrikaans en Nederlandse volkstaal", dele I en II, *TG*, Junie 1968, bl. 195 vv., en Sept./Des. 1968, bl. 321 vv.
- Le Roux, T. H. en Pienaar, P. de V.: *Afrikaanse fonetiek* s. j. (1928?).
- *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans* (1962).
- Lindenberg, E., Raidt, Edith, en Verhage, J. A. (red.): *Ditese studies. Bundel aangebied aan prof. dr. J. du P. Scholtz by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaardag 14 Mei 1965* (1965).
- Loubser, J. E.: *Die saamgestelde verbale vorm van Nederlands na Afrikaans* (1961).
- Louw, S. A.: *Afrikaanse taal atlas* (1957-).
- *Dialekvermenging en taalontwikkeling: proewe van Afrikaanse taalgeografie* (1948).
- Louw, S. A. (met die medewerking van L. C. Eksteen): *Afrikaanse taal atlas*. Nuwe reeks (1975-).
- Lubbe, H. J.: "Reëlgeneralisasie by die ontwikkeling van Afrikaans", *TG*, Junie 1979, bl. 128 vv.
- "Valkhoff en die ontstaan van Afrikaans, veral na aanleiding van sy *New light on Afrikaans and 'Malayo-Portuguese'*", *TG*, Junie 1974, bl. 89 vv.
- Malherbe, D. F.: *Afrikaanse taalboek* (1923).
- *Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme* s. j. (1925?).
- Mansvelt, N.: *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon* (1884).
- Meyer-Benfey, H.: *Die Sprache der Buren* (1901).
- Nienaber, G. S.: *Oor Afrikaans I en II* (1949, 1953).
- *Afrikaans in die vroeër jare* (1971).
- *Oor die Afrikaanse taal: 'n bydrae oor sy ontwikkeling na aanleiding van enige versterkingswyses* (1934).
- *Die Afrikaanse taalverenigings* (2de uitg. 1966).
- *Honderd jaar Hollands in Natal* (1933).
- *Louis Henri Meurant. 'n Vroeë Afrikaanse joernalis* (1968).
- "Iets naders oor die ontkenning in Afrikaans", in Nienaber, P. J. (red.): *Taalkundige opstelle*, bl. 22 vv. (1965).
- *Register van Afrikaans voor 1900*. Deel I: Kaapland (1965). Deel II: Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal (1967).
- Nienaber, G. S. en Nienaber, P. J.: *Geskiedenis van die Afrikaanse beweging* (1941).
- Nienaber, P. J.: *Dr. Arnoldus Pannevis* (1968).
- *Notules van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1878)*. (1974).
- Nienaber, P. J. en Heyl, J. A.: *Die Afrikaanse Bybelovertaling* (3de uitg. 1963).
- (red.) *Pleidooie in belang van Afrikaans*. Deel I (4de uitg. 1963) en Deel II (2de uitg. 1961).
- Odendal, F. F.: *Die struktuur van die Afrikaanse wortelmorfeem* (1962).

- "Oor die aanspreekvorme in Afrikaans", in De Klerk, W. J. en Ponelis, F. A.: *Gedenkbundel H. J. J. M. van der Merwe*, bl. 105 vv.
- Odendal, F. F. e.a.: *Taalkunde - 'n lewe. Studies opgedra aan prof. dr. W. Kempen* (1974).
- Pauwels, J. L.: "De expletieve ontkenning aan het einde van de zin in het Zuidnederlands en Afrikaans", ahangsel by *Het dialect van Aarschot en omstreken* (1958).
- "Expletief nie en andere herhalingswoorden als zinsafsluiters", *Taalkunde - 'n lewe*, bl. 73 vv. Kyk verder onder Odendal, F. F. e.a. (red.)
- "De volgorde van verbogen verbale vorme in het Nederlands", *Ditse studies*, bl. 105 vv. Kyk verder onder Lindenberg, E. e.a. (red.).
- Pettman, Charles: *South African Place names, past and present* (1931).
- Pheiffer, R. H.: *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agttiende eeu*. (Doktorale proefskrif, Universiteit van die Witwatersrand, 1978 - ongepubliseer.)
- "Hernude aandag vir 'n verloopte Fransman—tekste in gebroke Nederlands van Estienne Barbier", *TG*, Junie 1975, bl. 84 vv.
- Pienaar, E. C.: *Die triomf van Afrikaans* (1943).
- Ponelis, F. A.: *Afrikaanse sintaksis* (1979).
- Posthumus, M. J.: *Die vry preadjunk in Afrikaans* (1957).
- Rademeyer, J. H.: *Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en die Rehobothbasters* (1938).
- Raidt, Edith H.: *Afrikaans en sy Europese verlede. Van Tacitus tot Van Wyk Louw* (1971).
- *Geskiedenis van die byvoeglike verbuiging in Afrikaans* (1967).
- "Die gebruik van vir in objekskonstruksies", *TG*, Mrt. 1969, bl. 30 vv.
- "Die herkoms van objekskonstruksies met vir", in S. A. Akad. vir Wetenskap en Kuns (red.): *1875-1975. Studies oor die Afrikaanse taal*, bl. 72 vv. (1975).
- "Nederlandse en Kaapse spreektaal in die 17de en 18de eeu", in Odendal, F. F. e.a. (red.): *Taalkunde - 'n lewe*, bl. 90 vv.
- Rousseau, H. J.: *Die invloed van Engels op Afrikaans* (1937).
- Royen, Gerlach: *De jongere veranderingen van het Indo-germaanse nominale drie-klassensysteem*, bl. 87-89, 132-136.
- Scholtz, J. du P.: *Afrikaans uit die vroeë tyd. Studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur van voor 1875* (1965).
- *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu. Verdere voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans* (1972).
- *Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875* (2de uitg. 1965).
- *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans. Bydrae tot 'n geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat* (2de uitg. 1975).
- *Taalhistoriese opstelle. Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans* (1963).
- "Grammatikareël of stylmiddel?", in Van Heerden, E. (red.):

- Smal swaard en blink. Buidel aangebied aan N. P. van Wyk Louw by geleentheid van sy sesigste verjaardag 11 Junie 1966*, bl. 118 vv. (1966).
- "n Vergete Afrikaanse weekblad", *Standpunte* 91, bl. 4 vv.
- Schonken, F. T.: *De oorsprong der Kaapsch-Hollandsche volks-overleveringen* (1914).
- Schuchardt, H.: *Über das Malaio-portugiesische von Batavia und Tugu. Kreolische Studien IX* (1891).
- Schuhmacher, W. W.: "A note on Afrikaans and its 'creolisms'", *Standpunte* 105, bl. 60.
- "Once more ons", *Standpunte* 110, bl. 60.
- Senekal, H. E. J., Ponelis, F. A. en De Klerk, W. J. (red.): *Die patroon van Afrikaans* (1972).
- Smith, Johannes J.: *Op ons taalakker* (1962).
- *Theories about the origin of Afrikaans* (1952).
- Smuts, J.: 'n *Ondersoek na die ontwikkelings stadium van Afrikaans teen die tyd van die Groot Trek, veral na aanleiding van Trichardt se dagboek*. (Doktorale proefskrif, Universiteit van Kaapstad, 1943 - ongepubliseer.)
- *Vroeë Afrikaans*. (s.j.)
- "Sintaktiese verskynsels in die taal van Trichardt en tydgenote" in *Dietse studies*, bl. 160 vv. Kyk verder onder Lindenberg, E. e.a. (red.)
- "Woordskikking van lede van 'n predikaat met twee of meer nominale werkwoordsvorme in Afrikaans", *TG*, Junie 1967, bl. 460 vv.
- Snyman, F. C.: "Apokopee van die die slot-[t] in die koloniale Nederlands aan die Kaap en in Batavia voor 1700", *TG*, Sept. 1975, bl. 195 vv.
- "Apokopee van die slot-[t] in die beskaafde Nederlandse omgangstaal van die 17de en 18de eeu", *TG*, Mrt. 1979, bl. 3 vv.
- Steyn, J. C.: "Die Afrikaner en Afrikaans", *TG*, Sept. 1977, bl. 185 vv.
- "n Paar sintaktiese onvasthede in Afrikaans", *Taalfasette* 20, nr. 3, bl. 25 vv.
- Stoffel, C.: "Een wettige dochter der hollandsche taal", in *Volksalmanak voor het jaar 1882*.
- Te Winkel, J.: "Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika", in *Vragen van den dag XI* (1896).
- Valkhoff, M. F.: *New light on Afrikaans and "Malayo-Portuguese"* (1972).
- *Studies in Portuguese and Creole - with special reference to South Africa* (1966.)
- Van den Berg, B.: "Heeft het Afrikaans zich uit het Hollands ontwikkeld?" in *Dietse Studies*, bl. 25 vv. Kyk verder onder Lindenberg, E. e.a. (red.).
- Van den Heever, C. M., en Pienaar, P. de V. (red.): *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel II* (1947).
- Van der Merwe, H. J. J. M. (red.): *Afrikaans. Sy aard en ontwikkeling* (1970).
- *Inleiding tot die taalkunde* (1969).
- *Patriot-Woordeboek*. Heruitgegee en van 'n voorwoord voorsien (1968).
- *Vroeë Afrikaanse woordelyste*. Heruitgegee en van 'n inleiding voorsien (1971).
- Van Haeringen, C. B.: "Wankele normen", *Taalkunde - 'n lewe*,

- bl. 135 vv. Kyk verder onder Odendal, F. F. e.a. (red.).
- "Woordverskil uit *d*-verskil", *Dietse studies*, bl. 39 vv. Kyk verder onder Lindenberg, E. e.a. (red.).
- Van Oordt, L. C.: *Die Kaapse taalgief I-IV (1947-1948)*, vervolg in *Tydskrif vir wetenskap en kuns V-X*, Apr. 1950-Apr. 1956.
- Van Selms, A.: *Arabiese-Afrikaanse studies I: 'n Tweetalige (Arabiese en Afrikaanse) kategismus (1957)*.
- Venter, J. A.: "Die vervangende voornaamwoorde *dit* en *hy*: grammatikale getal in die smeltkroes", *Taalfasette* 20, nr. 3, bl. 16 vv. (1976).
- Verhage, J. A.: 'n *Sintakties-stilistiese studie van die dagregister van Jan van Riebeeck (1952)*.
- "Deftige en gemeensame vorme in die sinsverband van ou Kaapse taal", *TG*, Sept. 1965, bl. 307 vv.
- "Die herkoms van die verbinding *as wat* na 'n komparatief en sy verbreiding in Afrikaans", *TG*, Des. 1966/Mrt. 1967, bl. 315 vv.
- "'n Nederlandse adverbiale doeblet en die Afrikaanse taalsisteem", *Dietse studies*, bl. 173 vv. Kyk verder onder Lindenberg, E. e.a. (red.).
- Viljoen, W. J.: *Beiträge zur Geschichte der Cap-Holländischen Sprache (1896)*.
- Von Wielligh, G. R.: *Ons geselstaal: 'n oorsig van die gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word (1925)*.
- Woordeboek van die Afrikaanse taal I-VI (A-Kol) (1950-1979)*.

